# Vrye Weekblad

11 November 1988 | Tel (011) 836-7236/7/8/9 | Prys: R1,20 (AVB ingesluit)

**Die nuwe stem vir 'n nuwe Suid-Afrika**


# Kabinet verlam deur tweespalt

Max du Preez en Elsabe Wessels

**Die regering is vasgevang in 'n verlammende tweespalt en rugstekery.**

Dit is besig om Staatspresident PW Botha se "hervormingsproses" in 'n nog groter klug te laat ontaard en ondermyn verder sy kabinet se vermoë om die land effektief te administreer.

Die twee hoofkarakters in die onsmaaklike binnegevegte is Chris Heunis, Minister van Staatkundige Ontwikkeling en Beplanning, en Pik Botha, Minister van Buitelandse Sake.

Maar die kern van die probleem is intense frustrasie met PW Botha se gebrek aan leierskap. Sy bombastiese en diktatoriale styl en onvermoë om leiding te gee, het sy kabinet laat verbrokkel, het 'n NP-bron aan Vrye Weekblad gesê.

Daar is aanduidinge dat selfs die Nasionale Intelligensiediens nou by die tweespalt betrek is.

Ernstige kommer heers onder elemente in die regering en die Staatsveiligheidsraad dat toegelaat word dat binnegevegte die regering lamlê terwyl Suid-Afrika sy grootste politieke en ekonomiese krisis beleef. Kritieke besluite oor sake soos die vrylating van Nelson Mandela en die daadwerklike aanspreek van swart aspirasies is op die agtergrond geskuif terwyl die politieke straatgevegte voortwoed, meen hulle.

Heunis-ondersteuners voel dat hy die sondebok gemaak word vir mislukkings soos die voorgestelde Nasionale Raad en die Groepsgebiedewet-trilogie. Hy hanteer dié sake streng volgens besluite van die hele kabinet, sê hulle.

Hulle gee egter toe dat Heunis, in 'n poging om sy kanse om PW Botha op te volg, baie na aan die Staatspresident beweeg en hard probeer om in sy goeie boeke te bly. In parlementêre kringe staan Heunis as die "Mr Fixit" van die Botha-beleid bekend.


Die Staatspresident het verlede week 'n skerp aanval op koerante gedoen wat oor 'n moontlike kabinetskommeling en die behandeling van twee van Heunis se amptenare geskryf het, maar al die inligting is persoonlik deur Kabinetslede of hul senior amptenare aan die pers verskaf.

Die hele koukus en senior staatsdiens is vol van skinderstories oor die twee ministers. Daar word selfs oor private lewens geskinder.

Die stories dat Heunis uitgeskuif gaan word na die administratiewe pos van Eerste Minister en dat Pik Botha sy plek as hoof-hervormer gaan oorneem, kom regstreeks uit die kamp van Pik Botha en Pietie du Plessis, Minister van Mannekrag. PW Botha het dit later as "n gegaffel" en "skinderstories" om die eenheid van die NP te ondermyn, bestempel.

Die "wenner" in die stryd sover is Pik Botha, hoewel sy openbare uitbarsting voor 300 mense by 'n

* Na bladsy 2



Moeder Teresa op Jan Smuts: "Ek raak nooit betrokke in politiek nie..." Foto: Anna Zieminski, Afrapix

## 'Ek het nie geweet apartheid bestaan nie'

Sahm Venter

'n "Lewende engel", geklee in 'n sari en sandale, het hierdie week met 'n hart vol liefde "vir die armstes onder die armes" in Kaapstad aangekom.

Moeder Teresa, die legendariese non van Kalkutta en wenner van die Nobelprys vir Vrede, was in Kaapstad om 'n sending in Khayelitsha te begin.

Hoewel dit wêreldwyd bekend is dat hierdie 78-jarige leier van die Rooms Katolieke Missionaries of Charities nie in politiek belangstel nie, was baie verstom oor haar gebrek aan kennis van Suid-Afrika.

Die tenger moeder Teresa is deur 'n horde plaaslike en internasionale persmanne by die St. Raphael's Kerk in Khayelitsha ingewag. Sy het gesê: "Ek het nie geweet apartheid bestaan nie. Ek raak nooit betrokke in politiek nie."

Sy het na Suid-Afrika gekom tien jaar nadat sy die eerste keer genooi is. Sy is hier om, soos sy dit stel: "Liefde en sorg te gee aan die armstes onder die armes."

Gevra of sy weet van die ontstuimige geskiedenis van Khayelitsha - 'n regeringsopgerigte gebied vir plakkers wat teen hul sin verskuif is - het sy gesê: "Ek kan jou nie antwoord nie, want ek weet nie.

"Ek het nie eens geweet die mense is swart of wit nie. Hulle is almal kinders van God. Waar jy nou ookal is, is jy steeds 'n kind van God geskape vir liefde en liefhê."

Moeder Teresa het gesê sy sal eers kan sê of die armoede die produk van apartheid is nadat sy met die mense gesels het.

"Sodra die susters begin werk het en julle sien hul liefde in aksie, sal julle verstaan wat die antwoord is."

Haar werk, het sy gesê, is om "die siekes en sterwendes te versorg en lief te hê. Behalwe dat die mense honger is vir brood, is daar baie wat ook honger is vir liefde."

Die susters van die missie sal kos, klere en mediese sorg aan behoeftiges gee. Hulle is nog onseker oor watter vorm die sending gaan aanneem. "Dit hang af hoe Moeder Teresa die behoeftes van die mense identi-


* Na bladsy 2


**VryDag!**



Ons kuns en vermaaktydskrif

**Sport**



Apartheid en die sportwoestyn - Bl 8 & 9

**Nuus**



Pik, PW en die mafiabaas - Bl 5

Grammatika van rassisme - Bl 7

# Dié week in die nuus

Ten minste 52 mense kom in Oktober in politieke geweld in Suid-Afrkia om - 50 van hulle in Pietermaritzburg en Durban. Altesaam 208 gevalle van politieke geweld is aangemeld. Ten minste 22 mense sterf in die Hammarsdale/Mpumalanga-gebied.

***

Bek-en-klouseer breek uit in die Kruger-wildtuin.

***

'n Aansoek om borgtog vir ses veiligheidspolisiemanne van die Ciskei wat aangekla word van moord op Idasa se mede-direkteur Eric Mntonga, word in die Hooggeregshof in Bisho van die hand gewys. Die polisiemanne sluit twee generaals-majoors, 'n kolonel en 'n majoor in.

***

Swapo sal die bosoorlog vir Namibia se vryheid voortsit indien die implementering van VVO Resolusie 435 nie op 1 Januarie begin nie, sê Swapo se sekretaris-generaal Herman Toivo ja Toivo.

***

'n Lid van die polisie se reaksie-eenheid en twee swartmans word doodgeskiet in 'n skietgeveg tydens 'n polisie-klopjag op 'n huis in Orlando-Wes, Soweto.

***

Die ekonomie van Suid-Afrika het nou so versleg dat die land kan nie meer geld in die buiteland kan leen, belastings kan verhoog of 'n toename in staatsuitgawes kan bekostig nie, sê Chris Saunders, voorsitter van Tongaat/Hulett.

***

Die SAUK stel sy eie psigiater aan. Hy sal as 'n welsynsbeampte optree, en slegs advies gee oor sosiale, finansiële en godsdienstige sake.

***

'n Senior regeringswoordvoerder sê "volgens ons mening is alle beperkinge op die vrylating van Mandela nou verwyder". Maar gerugte dat Mandela en die ander Rivonia-beskuldigdes hierdie week vrygelaat sou word, is onwaar.

***

Suid-Afrikaanse swemmers wat met beurse in Amerika studeer word verbied om aan swembyeenkomste deel te neem.

***

Die aanstelling van regter Michael Corbett as hoofregter van Suid-Afrika word in regskringe geloof as "'n triomf vir regsneutraliteit".

***

'n Monument wat die Groot Trek herdenk, word deur vandale in Hennenman in die Vrystaat beskadig. 'n KP-ondersteuner sê die "linkerflank" is daarvoor verantwoordelik.

***

Die "wit olifante van Walmer Estate" - die sewe luukse huise wat vir kleurlingministers gebou is - sal waarskynlik uit protes teen die Groepsgebiedewet nie deur hulle bewoon word nie. Die huise het R4,5 miljoen gekos en lê naby Kaapstad se middestad.

***

As 'n militante organisasie kan Swapo nie op 'n bestaan in Namibia aanspraak maak nie, sê die hoof van die Weermag, genl Jannie Geldenhuys, in die Caprivistrook.

***

Vakbondleiers oorweeg regstappe teen die SA -Vervoerdienste ná die afdanking van 1440 werkers in Oos-Londen.

***

Meer as 100 gevalle kindermisghandeling - die meeste daarvan seksueel - word binne 'n week in Durban aangemeld. Dit volg onthullings in die pers oor die seksuele misbruik van kinders.

***

George Matanzima, voormalige eerste minster van Transkei, en een van sy ministers, Sidney Qaba, word in Transkei vir bedrog gedagvaar.

***

Verdere stappe ingevolge die noodmaatreëls moet binnekort geneem word teen sekere radikale organisasies wat 'n revolusionêre klimaat bevorder, sê die hoof van die veiligheidspolisie, genl-maj Basie Smit.

***

Mpho, een van 'n Siamese tweeling wat ses maande gelede van haar sussie geskei is, gaan huis toe. Haar sussie, Mphonyana, moet nog drie maande in Baragwanath-hospitaal bly.

***

Sendings na Antarktika om die blindedermontsteking van dr Fred van der Merwe van die Sanae-basis in bedwang te hou, kos nou reeds R3-miljoen.

***

Rugbybaas Danie Craven is die gunsteling om 'n bitter botsing met regse elemente in in die Rugbyraad hierdie week net-net te wen.

***

Zimbabwe hoop die verkose Amerikaanse president George Bush sal saamwerk met die Frontliniestate om apartheid in Suid-Afrika uit te wis en onafhanklikheid in Namibia daar te stel, sê die minister van inligting, Witness Mangwende.

***

Rocksangeres PJ Powers stel Amerikaanse reklame-agente aan ná haar lou ontvangs in Amerika.

***

Tweehonderd nudiste word oor die Kersseisoen in Kaapstad verwag - in 'n poging om aan 'n nudistiese rolprent deel te neem wat op video oorsee vrygestel gaan word.

***

Ciskei se president Lennox Sebe het in 1986 'n verband van R180 000 gekry om sy huis te verbeter - maar tot vandag toe nog nie die verbanddokumente onderteken nie.

***

Regter RN Leon, kanselier van die universiteit van Natal, erken dat hy elke keer sleg geslaap het nadat hy iemand galg toe gestuur het.

***

Lesbiërs misbruik kinders seksueel op groot skaal, onthul 'n koerant. Dit volg onthullings oor homoseksuele wat kinders landswyd in 'n seksnetwerk betrek het.

***

'n Switserse bank doen in die Kaapse Hooggeregshof aansoek om die sekwestrasie van Jean Getty, seun van die multimiljoenêr Paul Getty. Getty junior woon in Constantia.

***

Sewe beweerde "comrades" tussen 16 en 18 jaar oud pleit onskuldig in die Hooggeregshof in Durban op 'n aanklag dat hulle 'n lid van Inkhata vermoor het.

***

Prof Gerald Pillay kry 'n groepsgebiedepermit om in Irene, Pretoria, te woon. Dit is die eerste keer dat so 'n permit aan 'n swartman toegestaan word.

# Moeder Teresa

Vervolg van bladsy 1

fiseer," het die Katolieke aartsbiskop van Kaapstad, Stephen Naidoo, gesê.

Die meeste van moeder Teresa se antwoorde moes deur die aartsbiskop herhaal word omdat sy so sag praat. Sy het onder meer gesê as dit nodig blyk, sal sy ander sendings ook open.

"Ons is in 85 lande betrokke en oral vind ons dat die mense se behoeftes dieselfde is."

Moeder Teresa gaan vier susters in Kaapstad agterlaat wat in Khayelitsha sal woon en werk. Susters Audrey en Kulbushba is van Indië, suster Bethanie is in Kaapstad gebore en suster Concessa is van Ruanda in Sentraal-Afrika.

"Die teenwoordigheid van die susters hier is 'n geskenk van God. Ons moet saam mooi en pragtige dinge vir God doen. Soos in ander lande is hier ook ryk en arm mense wat niks en niemand het nie. Daarom is die susters hier om liefde en vrede vir julle te bring," het sy gesê.

Die orde aanvaar nie regeringsgeld of kerkondersteuning nie. Hulle glo God sal voorsien. "Julle moet nie net in oorvloed gee nie, maar tot dit seermaak."

'n "Pragtige voorbeeld," het sy gesê is dié van 'n huweliksPaartjie wat die geld gegee het wat hulle op 'n huweliksonthaal en trourok sou spandeer.

Toe sy hul vra hoekom, het hul gesê: "Ons het mekaar so lief dat ons wil deel in die liefde wat jy op ander uitstort."

Moeder Teresa het aan die pers gevra: "Het julle al die vreugde van gee ervaar?"

Elke tree van haar is gevolg deur 'n groot groep nuuskieriges en bewonderaars.

Beverley Evans, 'n 23-jarige verlamde vrou, se hartewens is vervul toe moeder Teresa uit die kar geklim en 'n rooi roos van haar ontvang het. Sy het die seën oor Beverley uitgespreek. Die skare het haar toegejuig.



Moeder Teresa


## ONS SAL JOU INGELIG HOU

Ons leuse is: Ons steek niks weg nie. Ons bedoel dit.

Maak seker jy kry Vrye Weekblad elke Vrydag - en spaar boonop 15% op die normale prys van R61,20.

Vir R52 (AVB ingesluit) kan jy Vrye Weekblad kry vir 12 maande. Vir ses maande sal dit jou R28 kos (AVB ingesluit).

Voltooi die vorm en stuur dit met 'n posorder of gekruisde tjek aan:

VRYE WEEKBLAD, POSBUS 42637, FORDSBURG 2033.

Ek wil graag inteken op Vrye Weekblad vir 12/6 maande en sluit hiermee 'n posorder/tjek in vir R ....................

NAAM: ....................................................................................

ADRES: ....................................................................................

....................................................................................................

....................................................................................................


# Kabinet verlam deur tweespalt

Vervolg van bladsy 1

dinee van buitelandse korrespondente verlede Saterdag hom weer 'n paar punte laat terugsak het.

Heunis het die voorval informeel met joernaliste bespreek voor 'n perskonferensie in Pretoria dié week en toe een joernalis sê die buitelandse korrespondente was onregverdig in hul optrede, het hy gesê: "Ja, maar dit lyk sleg vir albei kante." Op die perskonferensie het hy joernaliste verwelkom met die woorde: "Ek is bly om te sien julle het Saterdagaand oorleef." Joernaliste was verbaas oor wat hulle as sy openlike sarkasme gelees het.

Die tweespalt draai nie soos tevore om "links" en "regs" nie, en die verdeeldheid in die kabinet loop wyer as net om die persone van Pik Botha en Heunis. Die skokkende terugtrekking van twee van Heunis se amptenare, wat deel is van die binnegevegte, het gedraai om hul pogings om die ANC by gesprekke te betrek. Pik Botha bou graag die beeld dat hy op die verre linkervleuel van die party staan.

Vrye Weekblad het dié week bevestiging gekry dat die klub van Pik-ondersteuners in die NP-koukus wat verlede jaar deur die Financial Mail oopgevlek is, steeds bestaan. Dit staan bekend as "Klub 22" en het as sameroepers Pietie du Plessis en die Oos-Kaapse LP, Sakkie Louw. Heunis word glo "deurentyd ingelig" oor dié klub, het 'n bron aan Vrye Weekblad gesê.

Intussen het 'n ou Pik-man, Barend du Plessis, glo besluit om 'n bietjie verder van die Minister van Buitelandse Sake te staan sodat hy nie "saam ondergaan" as Pik Botha in onguns verval nie. Hy en die ander ministers wat hul oë op die troon het, Magnus Malan en FW de Klerk, sit volgens een bron "met grynslagte" die Pik-Heunis sage en dophou.

# Mandela-manie verniet

**Sahm Venter**

KAAPSTAD - Mandela-manie het hierdie week 'n hoogtepunt bereik toe duisende Kapenaars by die Universiteit van Wes-Kaapland saamgedrom het in afwagting op die ANC-leier se vrylating.

Vroeg Maandagoggend het die nuus begin loop: "Mandela word vandag vrygelaat."

Kaapse aktiviste het beweer dat "goedgeplaaste bronne" bevestig het dat die Rivonia-veroordeeldes, Walter Sisulu, Ahmed Kathrada, Elias Motsoaledi, Andre Mlangeni en Raymond Mhlaba ook vrygelaat sou word.

By die Constantiaberg-kliniek waar Nelson Mandela tans aangehou word, het mense teen 10.30 begin saamdrom.

Een van dié wat stelling ingeneem het, was Val Rose-Christie van die PFP se Onrus-aksiegroep: "'n Mens kan nie so 'n geleentheid laat verbygaan nie. Daar is al soveel keer 'wolf' geroep, maar indien dit dié keer waar is, wil ek dit nie misloop nie. Ons hou duim vas en hoop dat hy wel vrygelaat gaan word."

Sekuriteit is by die kliniek verskerp en vir 'n wyle het die regtig gelyk asof Mandela vrygelaat sou word.

Teen 11.30 het Mandela se vrou Winnie saam met die prokureurs Krish Naidoo en Essa Mossa opgedaag. Dr Allan Boesak het later by hul aangesluit.

"Het julle hom kom haal?" wou almal ná hul besoek aan Mandela weet. "Ek sal dit glo as ek dit sien," het Boesak geantwoord.


Boesak, wat vroeg reeds skepties was oor die veelbesproke vrylating, het aangevoer dat die gerugte deur die Nasionale Party regering versprei is as deel van hul "sielkundige oorlog" teen die Mandela-familie.

"Wanneer gaan die Staatspresident menslikheid aan die dag lê en reguit sê of Mandela voor of na Kersfees of in die nuwe jaar vrygelaat gaan word?"

'n Duidelik gespanne Winnie Mandela is met gebalde vuis tussen die skare deur huis toe. Weer sonder haar man. Maar die gerugte het soos 'n veldbrand versprei. By die Samaj Sentrum in Rylands het nog 'n skare met baniere saamgedrom om hulle leiers welkom te heet.

Teen laat-aand was die enigste teken van Mandela die afdruk van sy gesig op 'n reuse banier by die Universiteit van Wes-Kaapland, waar sowat 3000 mense saamgedrom het vir 'n "verwelkomingsfees."

Maar die eregaste het nooit opgedaag om die ses bosse goudgeel blomme op die verhoog - versier met geel, groen en swart linte - te sien nie.



Tentedorp, Port Nolloth. Die munisipaliteit wil swart plakkers verwyder, maar die naaste swart groepsgebied is honderde kilometers daarvandaan. Foto: Rashid Lombard

# Tentedorp se stryd duur voort

KAAPSTAD - Die munisipaliteit van Port Nolloth se aansoek vir die uitsetting van die gemeenskap van die Tentedorp- en Soutpan-plakkersgemeenskap is polities-gemotiveerd en is net so goed as deportasie, het die Hooggeregshof vandeesweek gehoor.

Aartsbiskop Desmond Tutu - wat die gebied onlangs besoek het - en ander senior geestelikes het die hofverrigtinge twee uur lank bygewoon.

Die plakkers se advokaat, DP de Villiers QC, het gesê: "Die agtergrond tot die munisipaliteit se bedoelinge is heeltemal duidelik - dit is die optrede van 'n raad wat politieke druk ondervind om 'n hele gemeenskap uit sy gebied te verwyder."

Die munisipaliteit het vroeg in Augustus aansoek gedoen om die plakkers se verblyf op munisipale grond onwettig verklaar te kry.

Die munisipaliteit het ook aansoek gedoen om hulle met behulp van die Kaapse Provinsiale Administrasie en die polisie te verwyder.

De Villiers het gesê die munisipaliteit het "ontsaglike druk" van belastingbetalers ondervind wat "aangedring" het om te weet wanneer "die swartes" uit die munisipale gebied verwyder gaan word.

Die munisipaliteit het ook 'n hofaansoek gedoen om die gemeenskap van 500 te verwyder na "niemand weet waar nie".

Hoewel die plakkers dit duidelik aan die provinsiale owerhede gestel het dat hul bereid is om op enige plek tussen Port Nolloth, Kleinsee en Steinkopf in Namakwaland gevestig te word, kan hulle "duisende myle ver" verwyder word, het De Villiers gesê.

"Deportasie" is 'n saak van die owerheid en nie die howe nie, het hy bygevoeg.

Hy het verwys na 'n 1986-Witskrif waarin pres PW Botha die einde van gedwonge verskuiwings aangekondig het, en gesê die munisipaliteit "skuif die klok terug" in hul pogings om die plakkers te verwyder.

Die regsverteenwoordiger van die munispaliteit, adv Theo Barnard, het gesê die munisipaliteit besit die grond waarop die plakkers woon en het daarom die gesag om hulle uit te sit.

Regter HL Berman het uitspraak voorbehou op die munisipaliteit se aansoek, asook op die aansoek van 'n plakker, JM Luwalala, om die munisipaliteit te verhoed om 150 plakkershuisies af te breek.

Uitspraak sal gelyktydig gegee word, het die regter gesê.- Sapa

# Maart-verkiesing: NP se laaste loopgraaf

**Max du Preez en Jacques Pauw**

STAATSPRESIDENT PW Botha gaan byna seker Maandag 'n algemene verkiesing vir einde Maart volgende jaar aankondig.

Die verkiesing, vir al drie huise van die Parlement, kan 'n nuwe tydvak vir die Suid-Afrikaanse politiek inlui:

* Met die magsbalans wat tussen die Nasionale Party en die Konserwatiewe Party aan die ontwikkel is, kan die losse alliansie van die Nasionale Demokratiese Beweging, die Progressiewe Federale Party en die Onafhanklikheidsparty homself in 'n bepalende magsposisie bevind;
* Dit kan die laaste keer wees dat witmense, bruinmense en Indiërs afsonderlik stem. Soos die regse groepe groei, so groei die druk binne die drie regerende partye - die NP, die Arbeidersparty en die National People's Party - vir 'n terugkeer na 'n gemeenskaplike kieserslys;
* Dit gaan die laaste verkiesing wees voor Namibia sy onafhanklikheid kry - met al die gevolge wat dit vir die Suider-Afrikaanse politiek inhou; en
* Dit kan die laaste verkiesing wees voor òf werklike onderhandeling met swart weerstandsgroepe soos die ANC en UDF, òf die bloedige konflik in Suid-Afrika tot 'n onhoudbare vlak eskaleer.

Daar word wyd in politieke binnekringe verwag dat Botha die aankondiging oor die verkiesing Maandagaand by die kongres van die Nasionale Party in Transvaal gaan maak, en dat die datum einde Maart of begin April gaan wees.

In die Nasionale Party is daar nuwe moed ná die uitslag van die munisipale verkiesing. Die KP het hoegenaamd nie so goed gevaar as wat aanvanklik gevrees is nie en volgens NP-berekenings kan hulle hul aantal setels in die volgende verkiesing tot hoogstens 35 opstoot.

Die groot onbekende faktor wat oor die hele verkiesing hang, is die belofte wat Botha en van sy kollegas aan Europese leiers en bankiers gemaak het dat die ANC-vaderfiguur Nelson Mandela en sy Rivonia-kollegas nog vanjaar vrygelaat sal word. Dit kan die wit politiek ingrypend beïnvloed, maar nie noodwendig negatief vir die NP nie.

'n Ander wolk oor die NP se optimisme is die ernstige verdeeldheid in die Kabinet. 'n Groot "dinkskrum" word deur die NP vir 13 Januarie volgende jaar beplan om met 'n "plan van versoening" na die kiesers te gaan.

Die KP self glo dat hy tussen 45 en 65 setels kan wen.

Die verkiesing spruit voort uit die Arbeidersparty se weiering om tot 1992 te wag om na die stembus te gaan. Uit Arbeiderspartygeledere word selfs gesê dat hierdie verkiesing die finale mandaat vir die Arbeiders kan wees om voort te gaan met deelname in die driekamerparlement al dan nie.

Die Arbeidersparty se ultimatum vir die uitstel van die verkiesing was die afskaffing van die Groepsgebiedewet. Dit het nie gebeur nie. Inteendeel, die nuwe Groepsgebiedewet word gesien as 'n verswaring daarvan. Die kongres van die Arbeidersparty moet later vanjaar oor sy voortgesette deelname besluit. 'n Mosie gaan gewis ingedien word dat die Arbeidersparty sy deelname aan die driekamerparlement moet beëindig na die regering besluit het om die nuwe Groepsgebiedewet na die Presidentsraad te verwys.

Dit is bekend dat die Arbeiders en die People's Party Of SA en Solidarity van die Huis van Afgevaardigders onlangs samesprekings gehou het en die hele kwessie rondom die Groepsgebiedewet bespreek het. Die noodsaaklikheid van gesprekke met "buite-parlementêre groepe" soos die UDF is ook beklemtoon.

Weens die regering se vasberadenheid om die nuwe Groepsgebiedewet deur te voer, gaan die Arbeidersparty ook die herafbakening en ontlading en belaaiding van kiesafdelings blokkeer. Die regering wil bitter graag sekere plattelandse kiesafdelings ontlaai om die KP hok te slaan.

"Verligte" faksies binne die Nasionale Party beoog glo ernstige onderhandelings met die Arbeidersparty oor die afskaffing van apartheid en die moontlikheid van 'n Handves van Menseregte.

Vrye Weekblad word uitgegee deur Wending Publikasies Beperk.
Die adres is Breëstraat 153, Newtown, Johannesburg, en die telefoonnommer is 836 7236. Dit word gedruk deur Hendliers Printers van Andriesstraat, Wynberg en versprei deur Allied Uitgewers Beperk, Wepenerstraat 32, Booysens




# DIT IS ONS REG OM TE WEET WAT IN ONS LAND AANGAAN



ANGLO AMERICAN CORPORATION ONDERSTEUN 'N VRY EN VERANTWOORDELIKE PERS



Pres. P.W. Botha

# Pik, PW en die Mafia-baas



Pik Botha

**Jacques Pauw en Renier Verster**

STAATSPRESIDENT P.W. Botha en die Minister van Buitelandse Sake, Pik Botha, het self die berugte mafiabaas Vito Palazzolo ontmoet en saam met hom geëet.

Hierdie opsienbare getuienis is onlangs in die vorm van 'n beëdigde verklaring deur 'n Pretoriase rekenmeester, Clifford Frederick Bentley, by die Harmse-kommissie in Kaapstad ingedien.

Die kommissie hoor die afgelope weke getuienis aan oor ongerymdhede oor landsgrense heen en die bedrywighede van Palazzolo.

Volgens die getuienis het Palazzolo eers vir Pik Botha in sy huis in Oos-Londen onthaal en daarna saam met sy geheimsinnige Chinese vennoot, ene "mnr. Kok", 'n ete saam met die Staatpresident in Kaapstad geniet.

Hierdie getuienis is óf deur die media misgekyk, óf hulle het verkies om dit nie te publiseer nie. Daar bestaan boonop 'n foto van Pik Botha saam met Palazzolo. Minstens een Afrikaanse koerant het dié foto in sy besit gehad, maar net die deel deel publiseer waarop die mafiabaas verskyn!

Dit het nou verder aan die lig gekom dat 'n amptenaar van Pik Botha se kantoor, mnr. Ferdie Bergh, 'n week lank kommissie-getuienis gesit en aanhoor het. Daar was ook 'n amptenaar van die kantoor van die minister van binnelandse aangeleenthede, Stoffel Botha.

In sy beëdigde verklaring verdedig Bentley sy betrokkenheid by Palazzolo en sê hy het alle rede gehad om te glo die mafiabaas is ryk en invloedryk - onder meer weens sy ontmoeting met PW Botha en Pik Botha.

Bentley was verantwoordelik vir die oorplasing van R10 miljoen van Palazzolo se geld na Suid-Afrika.

### Eie Bank

Op 17 Februarie vanjaar het Bentley, 'n geoktrooieerde rekenmeester met sy praktyk te Vealestraat 345, Pretoria, 'n beëdigde verklaring aan die polisie in Pretoria gemaak. Hierdie dokument is as getuienis ingedien.

Volgens Bentley is hy omstreeks Maart 1987 in Oos-Londen voorgestel aan die bankier Palazzolo. Kort hier-na is Bentley aangestel om die mafiabaas se sake in Europa en ander dele van die wêreld te hanteer.

Hy sê by hul ontmoeting in Oos-Londen het Palazzolo onder meer aan hom verduidelik dat hy die voorsitter was van sy eie bank in Lugano, Switserland. Hy het gesê sy bestuurende direkteur is in hegtenis geneem en daarvan aangekla dat hy fondse hanteer het wat gekom het van dwelmsmokkel.

Palazzolo het gesê die transaksies het plaasgevind in 'n tyd toe hy met vakansie was en nie geweet het wat by die bank aangaan nie. Die mafiabaas het verduidelik dat hy volgens Switserse reg verantwoordelik gehou was vir sy bank se betrokkenheid.

Die saak is nooit afgehandel nie omdat dit te make gehad het met die openbaarmaking van private bankbesonderhede. Hy was in aanhouding op 'n "dag-tot-dag-basis", het Palazzolo vir Bentley volgens die verklaring gesê.

Omdat die situasie onhoudbaar geword het, het Palazzolo besluit om uit Switserland pad te gee.

Palazzolo kon dus nie weer terugkeer na Europa nie. Bentley is aangestel om Europa toe te gaan om reëlings te tref vir die oorplaas van sy geld na Suid-Afrika.

"In daardie tyd het ek geen rede gehad om die storie wat Palazzolo vertel het, nie te glo nie. Ek was daarvan bewus dat dat Palazzolo vriende was met die Nasionale Party-LP vir Oos-Londen, mnr. De Pontes.

"Ek was ook daarvan bewus dat die minister van buitelandse sake in 'n periode kort daarna 'n partytjie bygewoon het wat Palazzolo in sy huis in Oos-Londen aangebied het.

"Ek is ook later meegedeel dat hy en mnr. Kok (die geheimsinnige Sjinese vennoot) 'n ete gehad het met die Staatspresident in Kaapstad. Ek het dus alle rede gehad om te aanvaar dat hy beide ryk en invloedryk was," lui Bentley se verklaring.

Die getuienis voor die kommissie is verlede week afgehandel en na verwagting sal regter Louis Harms aan die einde van vandeesmaand 'n voorlopige verslag uitbring.

Volgens getuienis voor die kommissie het Palazzolo se mafiageld gehelp om die Nasionale Party se verkiesingsveldtog in Mei verlede jaar te finansier.

Die betrokkenheid van Peet de Pontes, LP vir Oos-Londen-Stad, het reeds tot sy skorsing uit die Nasionale Party gelei. 'n Bedrag van minstens R42 000 is deur Palazollo vir sy verkiesingsveldtog aan hom betaal.

Volgens getuienis het De Pontes meer as die helfte van 'n geskenk van R56 000 wat Palazollo in sy Switserse tronksel aan hom gegee het om aan 'n Ciskeise liedadigheidsfonds oor te dra, vir homself gevat.

Palazzolo het onder eed uit sy Switserse tronksel getuig dat hy dit oorweeg het om na Oos-Duitsland uit te wyk en daar vir die KGB te werk - totdat hy na bewering deur De Pontes oorreed is om sy miljoene dollars na Suid-Afrika te bring.

Dit is bekend dat Palazollo deur die Amerikaners gesoek word om daar in 'n groot Mafiasaak te getuig.

Hy is op 5 Februarie vanjaar onder geleide van twee Switserse polisie-offisiere uit Suid-Afrika na die tronk La Stampa in Lugano gebring om die res van 'n vonnis van vyf jaar uit te dien.

Palazzolo is 41 jaar oud en gebore in Terrasini, Palermo. Hy is in April 1984 op klagtes van dwelmsmokkel in Switserland in hegtenis geneem. Hy het in morfien en heroïen handel gedryf wat 'n geldwaarde van meer as R50 miljoen gehad het. Hy het noue bande met die Siciliaanse mafia gehad.

Hy is skuldig bevind en tot vyf jaar en ses maande en 'n boete van 20 000 Switserse frank gevonnis.

Hy het op 24 Desember 1986 uit Swiserland gevlug toe hy 'n 36-uur pas gekry het om Kersfees saam met sy familie deur te bring.

# Dosente spreek weersin uit oor aanhouding van Tukkie-studente

**Victor Munnik**

Ses dosente van die Universiteit van Pretoria het hul "diepe weersin" uitgespreek teen die aanhouding van agt jongmense verlede Vrydag wat teen die sluiting van die Weekly Mail betoog het.

Vier wiskunde-dosente - dr JJC Vermeulen, prof WL Fouche, dr EW Straeuli en dr B Kok - en twee fisika-dosente - dr FJ Kok en DL Tönsing - sê volgens alle aanduidings het die betrokkenes geen landswet oortree nie, en is hul arbitrêr aangehou.

Aangesien die onderdrukking van die individu se reg op protes onverdedigbaar is, moet hulle die betrokke owerhede se motiewe ernstig bevraagteken, sê die dosente.

Die aangehoudenes is Dinsdag vrygelaat nadat hulle in die hof verskyn het. Hulle moet op 7 Desember weer in die hof verskyn.

Hulle is Minette Carstens, Kerry Harris, Laura Best en Corné Scholtz van Pretoria, Zachariah Rantseli en Patrick Malewi van Mamelodi, en 'n Johannesburger, Libby Lloyd.

Lloyd was na bewering nie deel van die protes nie, maar het 'n T-hemp oor menseregte aangehad toe sy aangehou is.

Hulle behoort aan 'n verskeidenheid organsasies: Studente vir 'n Demokratiese Samelewing (SDS) aan die Universiteit van Pretoria, die Black Sash, Koinonia, die PFP en die Nasionale Demokratiese Beweging.

Die betoging is deur individuele lede van die SDS in samewerking met die Black sash gereël. Die betogers het die voorgeskrewe afstand van mekaar gestaan, het 'n vriend gesê.

"Dit was 'n proeflopie. Ons wou kyk hoe hulle dit hanteer as ons protesteer," het Minnette Carstens, 22, ligweg oor hul aanhouding gesê.

Dat die ervaring nie Carstens en Best se geesdrif vir politiek demp nie, was duidelik waar hulle hul ervarings met vriende wat die heeltyd ingestroom het, sit en bespreek het.

Carstens, een van die organiseerders, deeltyds verpleegster en deeltyds student, sê sy is nou nog meer bereid om aktief betrokke te raak. "'n Mens moet nie net praat nie, maar optree. Maar ek glo ook nie 'n mens moet uitdagend teenoor die staat wees nie."

Best (22), 'n gebore Pretorianer wat navorsing doen oor arbeidsverhoudinge, sê sy was onsteld oor die verbod op die Weekly Mail. Sy gebruik die koerant vir haar werk. Ook haar oortuigings is deur die aanhouding versterk.

Sy sê dat hulle goed behandel is. Dit was egter duidelik dat gediskrimineer word teen die twee swart mans wat saam met hulle was.

Hulle is vol lof vir die ondersteuningsgroep wat hulle "naderhand soveel kos gestuur het dat ons nie tronkkos hoef te geëet het nie". Die ondedrsteunings groep het hoofsaaklik uit SDS-lede bestaan. "Dit het ons baie getroos om te weet mense daar buite gee soveel om," sê Best.


'n Brief waarin die aanhouding "ernstig bevraagteken word", is deur ses dosente aan drie koerante gestuur. Hulle ondersteun 'n nuwe liggaam - die Forum vir 'n Demokratiese Suid-Afrika - wat in September vanjaar begin is as gespreksgroep op kampus.

Die "Pretoria Agt" se regsverteenwoordiger, adv. Bill Sceales, was kort voor hul vrylating besig om 'n dringende vrylatingsaansoek voor te berei. Hy sê daar was niks onwettigs aan die protes nie. "Dit was vreedsaam en ordelik. En ons is nog nie soos Rusland waar alle protes verbode is nie."


Pretoria is 'n moeilike plek vir hulle soort politiek, sê Best. Aan die een kant kan sulke optrede baie mense die harnas injaag, en aan die ander kant is daar witmense wat al polities bewus geraak het, maar vir wie daar geen politieke infrastruktuur is nie.

Die positiewe van die aanhouding is dat dit - hoewel maar 'n klein deeltjie van die stryd is - gewys het dat Pretorianers, witmense en 'n groot getal vroue betrokke geraak het, sê sy.

Prof. Piet Oosthuizen, vise-rektor van die Universiteit van Pretoria, was nie bereid om kommentaar oor die gebeure te lewer nie. "Dis 'n saak wat deur die polisie hanteer word," het hy gesê.



**'n Vrolike Ampie Coetzee in gesprek met die stem wat nie stilgemaak kon word nie... die stem van Salman Rushdie, wat met die dood gedreig is as hy sy voete in Suid-Afrika sou sit. Sy boek "Satanic Verses" is verlede week hier verbied. Dit bevat gedeeltes wat vir Moslems aanstootlik is. Rushdie, wat die Weekly Mail se boekefees sou open met 'n toespraak teen sensuur, het toe oor die telefoon by die fees opgetree. Sy stem is uit luidsprekers in die dak uitgesaai. Toe Coetzee vir hom 'n boodskap lees waarin verwys word na "duisende miljoene" mense wat wêreldwyd seergemaak voel oor die verbod (wat ook in Moslem-lande geld) was Rushdie ongelowig. "Praat jy van hele kontinente? Ek het nie geweet ek het soveel mag nie." Die boekefees wat by Johannesburg se Markteater gehou word, eindig Saterdag.**




# DIT IS ONS REG OM TE WEET WAT IN ONS LAND AANGAAN



ANGLO AMERICAN CORPORATION ONDERSTEUN 'N VRY EN VERANTWOORDELIKE PERS



Pres. P.W. Botha

# Pik, PW en die Mafia-baas



Pik Botha

**Jacques Pauw en Renier Verster**

STAATSPRESIDENT P.W. Botha en die Minister van Buitelandse Sake, Pik Botha, het self die berugte mafiabaas Vito Palazzolo ontmoet en saam met hom geëet.

Hierdie opsienbare getuienis is onlangs in die vorm van 'n beëdigde verklaring deur 'n Pretoriase rekenmeester, Clifford Frederick Bentley, by die Harmse-kommissie in Kaapstad ingedien.

Die kommissie hoor die afgelope weke getuienis aan oor ongerymdhede oor landsgrense heen en die bedrywighede van Palazzolo.

Volgens die getuienis het Palazzolo eers vir Pik Botha in sy huis in Oos-Londen onthaal en daarna saam met sy geheimsinnige Chinese vennoot, ene "mnr. Kok", 'n ete saam met die Staatpresident in Kaapstad geniet.

Hierdie getuienis is óf deur die media misgekyk, óf hulle het verkies om dit nie te publiseer nie. Daar bestaan boonop 'n foto van Pik Botha saam met Palazzolo. Minstens een Afrikaanse koerant het dié foto in sy besit gehad, maar net die deel deel publiseer waarop die mafiabaas verskyn!

Dit het nou verder aan die lig gekom dat 'n amptenaar van Pik Botha se kantoor, mnr. Ferdie Bergh, 'n week lank kommissie-getuienis gesit en aanhoor het. Daar was ook 'n amptenaar van die kantoor van die minister van binnelandse aangeleenthede, Stoffel Botha.

In sy beëdigde verklaring verdedig Bentley sy betrokkenheid by Palazzolo en sê hy het alle rede gehad om te glo die mafiabaas is ryk en invloedryk - onder meer weens sy ontmoeting met PW Botha en Pik Botha.

Bentley was verantwoordelik vir die oorplasing van R10 miljoen van Palazzolo se geld na Suid-Afrika.

### Eie Bank

Op 17 Februarie vanjaar het Bentley, 'n geoktrooieerde rekenmeester met sy praktyk te Vealestraat 345, Pretoria, 'n beëdigde verklaring aan die polisie in Pretoria gemaak. Hierdie dokument is as getuienis ingedien.

Volgens Bentley is hy omstreeks Maart 1987 in Oos-Londen voorgestel aan die bankier Palazzolo. Kort hier-na is Bentley aangestel om die mafiabaas se sake in Europa en ander dele van die wêreld te hanteer.

Hy sê by hul ontmoeting in Oos-Londen het Palazzolo onder meer aan hom verduidelik dat hy die voorsitter was van sy eie bank in Lugano, Switserland. Hy het gesê sy besturende direkteur is in hegtenis geneem en daarvan aangekla dat hy fondse hanteer het wat gekom het van dwelmsmokkel.

Palazzolo het gesê die transaksies het plaasgevind in 'n tyd toe hy met vakansie was en nie geweet het wat by die bank aangaan nie. Die mafiabaas het verduidelik dat hy volgens Switserse reg verantwoordelik gehou was vir sy bank se betrokkenheid.

Die saak is nooit afgehandel nie omdat dit te make gehad het met die openbaarmaking van private bankbesonderhede. Hy was in aanhouding op 'n "dag-tot-dag-basis", het Palazzolo vir Bentley volgens die verklaring gesê.

Omdat die situasie onhoudbaar geword het, het Palazzolo besluit om uit Switserland pad te gee.

Palazzolo kon dus nie weer terugkeer na Europa nie. Bentley is aangestel om Europa toe te gaan om reëlings te tref vir die oorplaas van sy geld na Suid-Afrika.

"In daardie tyd het ek geen rede gehad om die storie wat Palazzolo vertel het, nie te glo nie. Ek was daarvan bewus dat dat Palazzolo vriende was met die Nasionale Party-LP vir Oos-Londen, mnr. De Pontes.

"Ek was ook daarvan bewus dat die minister van buitelandse sake in 'n periode kort daarna 'n partytjie bygewoon het wat Palazzolo in sy huis in Oos-Londen aangebied het.

"Ek is ook later meegedeel dat hy en mnr. Kok (die geheimsinnige Sjinese vennoot) 'n ete gehad het met die Staatspresident in Kaapstad. Ek het dus alle rede gehad om te aanvaar dat hy beide ryk en invloedryk was," lui Bentley se verklaring.

Die getuienis voor die kommissie is verlede week afgehandel en na verwagting sal regter Louis Harms aan die einde van vandeesmaand 'n voorlopige verslag uitbring.

Volgens getuienis voor die kommissie het Palazzolo se mafiageld gehelp om die Nasionale Party se verkiesingsveldtog in Mei verlede jaar te finansier.

Die betrokkenheid van Peet de Pontes, LP vir Oos-Londen-Stad, het reeds tot sy skorsing uit die Nasionale Party gelei. 'n Bedrag van minstens R42 000 is deur Palazolla vir sy verkiesingsveldtog aan hom betaal.

Volgens getuienis het De Pontes meer as die helfte van 'n geskenk van R56 000 wat Palazolla in sy Switserse tronksel aan hom gegee het om aan 'n Ciskeise liedadigheidsfonds oor te dra, vir homself gevat.

Palazzolo het onder eed uit sy Switserse tronksel getuig dat hy dit oorweeg het om na Oos-Duitsland uit te wyk en daar vir die KGB te werk - totdat hy na bewering deur De Pontes oorreed is om sy miljoene dollars na Suid-Afrika te bring.

Dit is bekend dat Palazolla deur die Amerikaners gesoek word om daar in 'n groot Mafiasaak te getuig.

Hy is op 5 Februarie vanjaar onder geleide van twee Switserse polisieoffisiere uit Suid-Afrika na die tronk La Stampa in Lugano gebring om die res van 'n vonnis van vyf jaar uit te dien.

Palazzolo is 41 jaar oud en gebore in Terrasini, Palermo. Hy is in April 1984 op klagtes van dwelmsmokkel in Switserland in hegtenis geneem. Hy het in morfien en heroïen handel gedryf wat 'n geldwaarde van meer as R50 miljoen gehad het. Hy het noue bande met die Siciliaanse mafia gehad.

Hy is skuldig bevind en tot vyf jaar en ses maande en 'n boete van 20 000 Switserse frank gevonnis.

Hy het op 24 Desember 1986 uit Swiserland gevlug toe hy 'n 36-uur pas gekry het om Kersfees saam met sy familie deur te bring.

# Dosente spreek weersin uit oor aanhouding van Tukkie-studente

**Victor Munnik**

Ses dosente van die Universiteit van Pretoria het hul "diepe weersin" uitgespreek teen die aanhouding van agt jongmense verlede Vrydag wat teen die sluiting van die Weekly Mail betoog het.

Vier wiskunde-dosente - dr JJC Vermeulen, prof WL Fouche, dr EW Straeuli en dr B Kok - en twee fisikadosente - dr FJ Kok en DL Tönsing - sê volgens alle aanduidings het die betrokkenes geen landswet oortree nie, en is hul arbitrêr aangehou.

Aangesien die onderdrukking van die individu se reg op protes onverdedigbaar is, moet hulle die betrokke owerhede se motiewe ernstig bevraagteken, sê die dosente.

Die aangehoudenes is Dinsdag vrygelaat nadat hulle in die hof verskyn het. Hulle moet op 7 Desember weer in die hof verskyn.

Hulle is Minette Carstens, Kerry Harris, Laura Best en Corné Scholtz van Pretoria, Zachariah Rantseli en Patrick Malewi van Mamelodi, en 'n Johannesburger, Libby Lloyd.

Lloyd was na bewering nie deel van die protes nie, maar het 'n T-hemp oor menseregte aangehad toe sy aangehou is.

Hulle behoort aan 'n verskeidenheid organsasies: Studente vir 'n Demokratiese Samelewing (SDS) aan die Universiteit van Pretoria, die Black Sash, Koinonia, die PFP en die Nasionale Demokratiese Beweging.

Die betoging is deur individuele lede van die SDS in samewerking met die Black sash gereël. Die betogers het die voorgeskrewe afstand van mekaar gestaan, het 'n vriend gesê.

"Dit was 'n proeflopie. Ons wou kyk hoe hulle dit hanteer as ons protesteer," het Minnette Carstens, 22, ligweg oor hul aanhouding gesê.

Dat die ervaring nie Carstens en Best se geesdrif vir politiek demp nie, was duidelik waar hulle hul ervarings met vriende wat die heeltyd ingestroom het, sit en bespreek het.

Carstens, een van die organiseerders, deeltyds verpleegster en deeltyds student, sê sy is nou nog meer bereid om aktief betrokke te raak. "'n Mens moet nie net praat nie, maar optree. Maar ek glo ook nie 'n mens moet uitdagend teenoor die staat wees nie."

Best (22), 'n gebore Pretorianer wat navorsing doen oor arbeidsverhoudinge, sê sy was onsteld oor die verbod op die Weekly Mail. Sy gebruik die koerant vir haar werk. Ook haar oortuigings is deur die aanhouding versterk.

Sy sê dat hulle goed behandel is. Dit was egter duidelik dat gediskrimineer word teen die twee swart mans wat saam met hulle was.

Hulle is vol lof vir die ondersteuningsgroep wat hulle "naderhand soveel kos gestuur het dat ons nie tronkkos hoef te geëet het nie". Die ondedrsteunings groep het hoofsaaklik uit SDS-lede bestaan. "Dit het ons baie getroos om te weet mense daar buite gee soveel om," sê Best.

'n Brief waarin die aanhouding "ernstig bevraagteken word", is deur ses dosente aan drie koerante gestuur. Hulle ondersteun 'n nuwe liggaam - die Forum vir 'n Demokratiese Suid-Afrika - wat in September vanjaar begin is as gespreksgroep op kampus.

Die "Pretoria Agt" se regsverteenwoordiger, adv. Bill Sceales, was kort voor hul vrylating besig om 'n dringende vrylatingsaansoek voor te berei. Hy sê daar was niks onwettigs aan die protes nie. "Dit was vreedsaam en ordelik. En ons is nog nie soos Rusland waar alle protes verbode is nie."

Pretoria is 'n moeilike plek vir hulle soort politiek, sê Best. Aan die een kant kan sulke optrede baie mense die harnas injaag, en aan die ander kant is daar witmense wat al polities bewus geraak het, maar vir wie daar geen politieke infrastruktuur is nie.

Die positiewe van die aanhouding is dat dit - hoewel maar 'n klein deeltjie van die stryd is - gewys het dat Pretorianers, witmense en 'n groot getal vroue betrokke geraak het, sê sy.

Prof. Piet Oosthuizen, vise-rektor van die Universiteit van Pretoria, was nie bereid om kommentaar oor die gebeure te lewer nie. "Dis 'n saak wat deur die polisie hanteer word," het hy gesê.



**'n Vrolike Ampie Coetzee in gesprek met die stem wat nie stilgemaak kon word nie... die stem van Salman Rushdie, wat met die dood gedreig is as hy sy voete in Suid-Afrika sou sit. Sy boek "Satanic Verses" is verlede week hier verbied. Dit bevat gedeeltes wat vir Moslems aanstootlik is. Rushdie, wat die Weekly Mail se boekefees sou open met 'n toespraak teen sensuur, het toe oor die telefoon by die fees opgetree. Sy stem is uit luidsprekers in die dak uitgesaal. Toe Coetzee vir hom 'n boodskap lees waarin verwys word na "duisende miljoene" mense wat wêreldwyd seergemaak voel oor die verbod (wat ook in Moslem-lande geld) was Rushdie ongelowig. "Praat jy van hele kontinente? Ek het nie geweet ek het soveel mag nie."**
**Die boekefees wat by Johannesburg se Markteater gehou word, eindig Saterdag.**



Die 22 lede van die Delmas-verhoor... wag al 4 jaar lank.

# Mense kom hof toe om te sien hoe lyk 'n 'terror'

DIE beskuldigdes in die Delmas-verhoor verteenwoordig 'n deursnit van die swart gemeenskap. Hierdie verhoor het gewone mense en aktiviste in dieselfde beskuldigdebank bymekaargebring. Almal was betrokke by die huurboikot van 1984.

Onder hulle is onderwysers, versekeringsagente, kerkleiers, werkers...Die meeste is getroud en het kinders. In baie gevalle oorleef die beskuldigdes en hul gesinne op toelaes en skenkings deur Suid-Afrikaanse en oorsese organisasies.

Die kleurrykste beskuldigde is Patrick "Terror" Lekota, 'n vriendelike man met 'n dinamiese persoonlikheid. Hy is een 'n van die trekpleisters van die verhoor. Mense kom hof toe om te sien hoe 'n "terror" lyk.

Hy het, anders as wat baie mense dink, sy bynaam op die sokkerveld gekry! Hy was in sy jonger dae in Kroonstad 'n briljante speler.

Lekota is in 1974 ingevolge die Wet op Terrorisme skuldig bevind en het ses jaar op Robbeneiland deurgebring. Hy was 'n leiersfiguur in die Swart Bewussynsbeweging voor hy tronk toe is.

Hy was 'n stigterslid van die UDF en is tot nasionale publisiteitsekretaris verkies. Hy is in Oktober 1983 en in Augustus 1984 aangehou voordat hy weer in April 1985 in hegtenis geneem en van hoogverraad aangekla is.

Na verskeie mislukte borgaansoeke sit Lekota en Moss Chikane, gewese Transvaalse sekretaris van die UDF, en Popo Molefe, algemene sekretaris van die UDF, steeds in die tronk. Hulle staan as die UDF-Drie bekend.

Al drie is in hul laat dertigerjare en getroud. Lekota en Molefe het drie kinders en Chikane twee.

Molefe is tydens sy aanhouding met longontsteking in die hospitaal opgeneem. Hy was glo in voetboeie.

Nog 'n beskuldigde wat in die hospitaal beland het, was Tseko Nkoli op 28 die jongste van die groep. Hy is twee keer vir kliniese depressie behandel.

Toe die staat sy saak in November 1986 sluit, is borgtog vir die eerste keer aan ses beskuldigdes toegestaan. In Junie 1987 is nog tien op borgtog vrygelaat.

Tot dusver het niemand hul voorwaardes verbreek nie. Die beskuldigdes het een keer laat by die hof opgedaag omdat die kombi wat hul Pretoria toe neem, in die bomontploffing by Khotso-huis in die slag gebly het.

Groot gesinne is van hul broodwinners ontneem toe hulle in 1985 in hegtenis geneem is. Twaalf van die beskuldigdes het gesinne terwyl minstens nog drie familielede onderhou.

Beskuldigde Tsietsi Mphuti het sy twaalfjarige dogter en sy ma onderhou deur hout en pluimvee in Sebokeng te verkoop. Tot met die huurboikot was hy by geen politieke beweging betrokke nie.

Tussen die magdom getuies en ingewikkelde regsargumente deur, het die verhoor ook sy ligter oomblikke gehad.


Voor sy ontslag is Mohapi Lazarus More in die hofsaal getroud. Dit was 'n aandoenlike seremonie. Die kaal en onpersoonlike hofsaal in Delmas is vir 'n paar oomblikke deur helder blomme en confetti opgevrolik.

Biskop Desmond Tutu het die huwelik waargeneem. Die seremonie is bygewoon deur Terry Waite, verteenwoordiger van die aartsbiskop van Canterbury. Waite is kort hierna op 'n vredesending in Libanon ontvoer.

Twee van die UDF-Drie se kinders is gebore terwyl hul pa's in aanhouding was. Lekota was vyf maande in die tronk toe sy dogtertjie, Nonkululeko, gebore is. Tokoloho Chikane is drie maande na Chikane se arrestasie gebore.

Albei het hul babas vir die eerste keer uit die beskuldigdebank gesien.


# DIE SUID-AFRIKAAN




# Wees ingelig
# Lees DIE SUID-AFRIKAAN

DIE SUID-AFRIKAAN is 'n onafhanklike meningsblad wat elke tweede maand verskyn. Intekengeld vir 'n jaar beloop R13,50. Vul net die vorm hieronder in en pos dit saam met 'n tjek of posorder vir R13,50 aan: DIE SUID-AFRIKAAN, Breestraat 215, Kaapstad 8001.

**Naam:** ..............................................................

**Adres:** ..............................................................

.............................................................. **Poskode:** ..............................


**DIE Delmas-verhoor, wat reeds langer as drie jaar duur, bereik Dinsdag sy hoogtepunt wanneer die regter moet beslis of die negetien beskuldigdes skuldig is aan hoogverraad. Dit is een van die duurste en langste politieke verhore in Suid-Afrika se regsgekiedenis. Dit is 'n verhoor met ingewikkelde regsargumente en duisende**

# Langste en duurste verhoor ooit in SA

**Deur Jacques Pauw**

IN die Paleis van Justisie in Pretoria lê 25 000 bladsye hofgetuienis voor regter Kees van Dijkhorst en een assessor. Agter hulle lê die nimmereindigende verhaal van die Delmas-verhoor.

Dit is 'n verhoor wat 19 swartmense langer as drie jaar in die beskuldigdebanke van vier verskillende hofsale gehou het. Drie van hulle sit nou byna vier jaar lank in die tronk omdat borgtog aan hulle geweier is.

Die klagstaat beslaan 368 bladsye en noem die name van vyftig organisasies en 911 beweerde mede-sameswerders. Daar is bekende name: Oliver Tambo, Beyers Naudé, Desmond Tutu en Frank Chikane.

Die Delmas-verhoor is die duurste en kan op die ou end die langste politieke verhoor in Suid-Afrika word. Die staat se getuienis het bykans die hele 1986 in beslag geneem; die verdediging die hele 1987 om sy saak te stel.

Die verhoor vertel die geskiedenis van die onrus en geweld in die townships sedert die vroeë tagtigerjare.

Veel meer is op die spel as net die lot van die negentien beskuldigdes wat aangekla word van hoogverraad en alternatiewelik ondermyning, die bevordering van die doelwitte van die ANC, terrorisme en vyf moordklagte.

Van Dijkhorst moet binne die volgende dae besluit: het die UDF die doelstellings van die ANC ondersteun? En het die lede van die United Democratic Front hoogverraad gepleeg deur saam te sweer om die Staat met geweld omver te werp?

Die beskuldigdes sal die regter se uitspraak op 15 November aanhoor in dieselfde bank in Hof C waar Nelson Mandela en sewe ander leiers van die ANC in 1963 lewenslank tronk toe gestuur is.

Die Delmas-verhoor het tot dusver min aandag in die Afrikaanse pers gekry. 'n Joernalis merk op dat buitelanders - sy noem hulle politieke toeriste - graag die saak bywoon.

Die verhoor is op die oog af 'n mikrokosmos van die konflik in Suid-Afrika. Die beskuldigdes is swart, die hof wit.

Die verhoor is 'n uitvloeisel van die huurboikot wat in September 1984 in Sebokeng begin en uiteindelik 'n spoor van geweld en dood gelaat het. Die onrus het na die hele Vaaldriehoek en toe oor die land versprei.

Van al die verhore wat uit hierdie onrus gespruit het, is die bekendste steeds dié van die Sharpeville Six wat in die dodesel sit vir die moord op Jacob Dlamini, 'n stadsraadslid. Die dood van Dlamini word ook in die klagstaat van die Delmas-verhoor genoem.

Die beskuldigdes het glo die massas tot geweld aangespoor en in die proses die doelstellings van die ANC en SA Kommunistiese Party bevorder. Die doelstellings van die ANC/SAKP en die UDF is volgens die klagstaat een en dieselfde: die omverwerping van die staat deur geweld.

Op 11 Junie 1985 het 22 mans in die Pretoria-streekhof verskyn. Die verhoor is daarna in Delmas voortgesit voor dit vroeër vanjaar na Hof C in Pretoria se Hooggeregshof verskuif is.

Van die oorspronklike 22 beskuldigdes is drie - Simon Vilakazi, Amos Malindi en Lazarus More - intussen vrygespreek.

Sestien van die negentien beskuldigdes is op borgtog. Die "UDF-Drie" - Moses Chikane (gewese Transvaalse sekretaris), Patrick (Terror) Lekota (publisiteitsekretaris) en Popo Molefe (algemene sekretaris) - sit steeds in die tronk.

Hulle sal volgende week weer die verkeer in Vermeulenstraat agter die Paleis van Justisie tot stilstand bring wanneer hul met loeiende sirenes hofselle toe gebring word.

Blankes sal ongeërg kyk na die konvooi polisiemotors wat die tronkwa tussen hulle vasdruk.

Swartmense sal soos die afgelope jaar op die straathoeke staan en kyk tot die drie beskuldigdes in die donker ingewande van die hof verdwyn en die swaar hek toeslaan.

Tussen die regter en die beskuldigdes staan van die beste regsbreine in die land. Drie prokureursfirmas, twee senior advokate en drie advokate behartig die verdediging. 'n Senior advokaat en twee advokate kla aan.

Langs die regter sit assessor Willem Krugel. Die tweede assessor se plek is leeg.

Dit is een van die opsienbarende aspekte van die verhoor. Die Delmas-verhoor het in Maart 1987 sy regmatige plek op die voorblaaie van koerante ingeneem toe Van Dijkhorst besluit het prof. Willem Joubert mag nie sy amp as assessor voortsit nie. Hy was die senior assesor van die twee.

Joubert het in 1983 tydens die veldtog rondom die nuwe grondwet vergaderings gehou om op die gevare van die bedeling te wys. Hy het tydens een van hierdie vergaderinge die UDF se Million Signature Campaign teen die nuwe grondwet en apartheid onderteken.

Joubert het in Maart 1987 die veldtog terloops aan Van Dijkhorst genoem. Hy is van sy pligte onthef omdat sy partydigheid in die gedrang gekom het.

Die verdediging het drie weke later 'n aansoek ingedien dat die regter en Krugel hul aan die saak onttrek. Die verdediging het aangevoer dat hul deurlopend die indruk gekry het dat die regter en Krugel partydig is. Krugel is boonop 'n lid van die Broederbond, het hul beweer.

Die staat en die verdediging het vier dae lank betoog voordat die regter die aansoek verwerp het.

Advokaat Arthur Chaskalson SA, vir die beskuldigdes, het in sy betoog 'n verklaring vir die lengte van die verhoor gegee. Hy het gesê: "Part of the problem of this case comes from the attempt to roll up into one conspiracy people who really did not belong together.

"And to be able to join them together the State has rolled them up into this one single ongoing conspiracy saying everything is admissible against all of you, every act done by every person is evidence against all of you and, to try to catch everybody in the net, it puts them down together in this way."

**DR. PIETER MULDER is 'n "nuwe-geslag" KP. Op 37 jaar is hy een van die blink en opkomende sterre in die Konserwatiewe Party en woordvoeder oor inligting. Hy is welsprekend en het in Amerika en Brittanje studeer. Hy is 'n seun van oud-minister Connie Mulder en was, soos so baie van sy kollegas, eens "hoog op" in die Nasionale Party. Hy was 'n stigterslid van die KP in 1982. Hy is onder meer weg omdat hy glo dat PW Botha se regering menseverhoudings beduiwel en hierdie en daardie kant toe mik sonder om rigting te kry. Hy is nie weg oor bitterheid weens sy pa nie.**

**Hy glo dat die KP se beleid van partisie of totale skeiding die enigste uitweg vir Suid-Afrika is. Hy glo boonop dat die hierdie beleid veel meer aan die swartman kan bied as die huidige NP-beleid.**

**Mulder wat homself as "'n jong KP op pad vorentoe sien", verduidelik sy beleid.**

# 'Ons eerste prioriteit is om die mag te kry'

Deur Jacques Pauw

VRYE WEEKBLAD: Na die uitslag van die munisipale verkiesing is daar ontledings wat wys dat die KP in 'n algemene verkiesing nie veel meer setels kan wen nie. Stem jy daarmee saam?

MULDER: Ek verskil daarvan, maar dit pas my. Ek dink ons is nou in 'n goeie posisie. Die media is nou gerus. Die media was so verlig dat ons nie die land skoongemaak het nie dat hulle nog nie besef hoeveel sukses ons behaal het nie. Ons het byvoorbeeld geen setel kon wen op 6 Mei in Pretoria nie. Volgens huidige projeksies kan ons ses na sewe wen. Dit is groot vordering.

VRYE WEEKBLAD: Hoe gaan die KP dit regkry om sy seteltal meer as te verdriedubbel om 'n volsterkte meerderheid te kry?

MULDER: Ek wil nie voorspel die wanneer nie. Soos die NP voortggaan en nie sukses het nie, is dit onafwendbaar dat ons moet groei. Volgens konserwatiewe skattings kan ons 47; 50 en selfs tot 67 setels wen. Ons kort nog net die hupstootjie.

VRYE WEEKBLAD: Wat van die moontlikheid dat die regering bruinmense en Indiërs op 'n gemeenskaplike kieserslys sit en kiesafdelings belaai en ontlaai om die KP hok te slaan?

MULDER: Dis waar, maar die staatspresident en die Nasionale Party sal dit nie doen nie. Hy wil hy sy Kaapse magsbasis behou, en die grootste belading en ontlading is in die Kaapprovinsie. My indruk van die Nasionale Party is dat hy nog nie bereid is om die sprong na 'n gemeenskaplike kieserslys te neem nie.

VRYE WEEKBLAD: Sal die KP wette soos instromingsbeheer, paswette, ontug en gemengde huwelike herstel as hy aan bewind kom?

MULDER: Ja, maar op 'n slimmer manier. Dit is byvoorbeeld internasionaal aanvaarbaar dat 'n man 'n werkpermit moet hê om te gaan werk. Ek moet die totale toestroming op 'n manier kontroleer. Ek sal dit net 'n klein bietjie meer wil orden. Sê maar in terme van 'n werkspermit of 'n paspoort glo ek kan ons dieselfde effek kry. Ek sien nie 'n grootskaalse verskuiwing van mense nie. Ek gaan probeer om dit meer deur natuurlike en ekonomiese maatreëls te doen. Ons moet swart stede op ander plekke begin. Of 'n man nou niks doen hier by my nie, en of hy daar niks doen nie, is basies dieselfde. Die kanse daar is waarskynlik beter dat hy 'n huis gehad het en iets om te eet, terwyl hy hier in haglike toestande sit.

VRYE WEEKBLAD: Dink jy nie Suid-Afrika het reeds te ver op die hervormingspad geloop om dit te stop en selfs om te swaai nie?

MULDER: Ek sien dit nie graag as omswaai nie. Ek sien dit as vorentoe vinniger ontwikkel. Ek glo ons sal met partisie eindig of ons wil of nie wil nie. Die partisie-oplossings in die wêreld was almal na 'n bloedbad gewees. Dit was so in Cyprus, Indië, Ierland. Ek hoop ek kan vreedsaam daar uitkom.

VRYE WEEKBLAD: Voorspel jy 'n bloedbad vir Suid-Afrika?

MULDER: Ek dink dit kan voorkom word, maar as ons langer aangaan met oneerlike oplossings dan skep ons elke dag meer van 'n klimaat. Ons is nou tien jaar besig met NP-oplossings wat swart en wit verhoudinge versleg het. Dit maak die potensiaal vir 'n oplossing al moeiliker. Dit is oneerlik; die swartman is nie dom nie en hy sien dit raak. Ek glo as 'n jong KP ek is op pad vorentoe en ek sal jou sê hoekom. Partisie is 'n oplossing vir 'n gemeenskap wat te verdeeld is om saam in een stelsel in te gaan.

VRYE WEEKBLAD: Partisie impliseer 'n terugkeer na die tuislande. Wat gaan julle doen om dit ekonomies meer lewensvatbaar te maak?

MULDER: Ek dink soos hy aanvanklik was waar blanke kapitaal nie toegelaat was nie, in Verwoerd se tyd, was baie idealisties. Toe is geglo hulle moet hul eie ekonomie ontwikkel. Die praktyk het gewys dit gaan nie werk nie. Ek is ten gunste daarvan dat ons wel kapitaal toelaat.

VRYE WEEKBLAD: Wat van swart reaksie op 'n KP-regering en 'n KP-plan vir Suid-Afrika. Nuwe instromingsbeheer, nuwe apartheidswette. Wat van geweld?

MULDER: Die interressante is dat in die dae toe die Nasionale Party met die beleid voortgegaan het, het hy vier tuislande op 'n vreedsame wyse onafhanklik gekry. Die afgelope tien jaar onder PW Botha het ons nie regtig in daardie rigting gevorder nie. Ons staan stil, ons mik hierdie kant toe, ons mik daardie kant toe. Ek het nou die dag met 'n swartman gesels wat gesê het: "It is good to meet a real Afrikaner again." Ek dink hy was nog UDF ook gewees. As hy nie sy eie land wil hê nie, gee dit hom nie die reg om dit van my af weg te neem nie. As ek my eie wil hê, moet ek regverdig genoeg wees om vir hom 'n soortgelyke iets te kan aanbied.

VRYE WEEKBLAD: Wat van die Kleurlinge?

MULDER: Ek is bereid om vir hom 'n tuisland aan te bied. As die Kleurling bereid is om permanent geboelie te word in die blanke stelsel soos tans, kan hy seker maar so aangaan.

VRYE WEEKBLAD: Indien julle aan bewind kom, wat gaan julle doen om die ekonomie stabiel te hou en disinvestering te keer? Op 'n onlangse konferensie van internasionale bankiers in Johannesburg is gesê 'n KP-regering kan vergeet van leningskapitaal.

MULDER: As ons aan bewind kom, sal ons sorg dat die ekonomie nie skrik nie. Die KP is nie van plan om die plek oornag om te keer nie. Wat jy ook al doen, sal jy demokraties moet doen en van tyd tot tyd. Ek sal sê: man, die hemel het nie geval nie. Die KP regeer, ons gaan voort en sal geleidelik dinge in 'n rigting begin stuur. Wat die finansiers betref, ek weet nie of ek hierdie mense glo nie. Dit lyk of ekonome groot gewetes het in hul toesprake, maar as dit gaan oor wins of geldmaak, keer min dinge hulle.

VRYE WEEKBLAD: Word swart vakbonde afgeskaf?

MULDER: Swart vakbonde is vir my 'n probleem, want dan gee jy nou eintlik vir 'n man magte en regte gee binne in jou eie land. Vakbonde is 'n vreemde ding in Afrika. Vakbonde is vandag die instrument vir die swartman, en ek het begrip daarvoor, van bedinging. Dit word 'n politieke magsinstrument.

VRYE WEEKBLAD: Konsulteer julle enigsens met anderskleuriges oor jul beleid?

MULDER: Ons het al interressante gesprekke gehad. Onthou een ding, as opposisieparty is ons eerste prioriteit om die mag te kry. Jy kan werklik eers sinvol konsulteer as jy die mag het. Ek gaan is die eerste plek onderhandel oor my beleid en ek gaan dit probeer verkoop. As ek egter op die punt kom waar ek nie vorder nie, gaan hy my egter nie dwing om in 'n groter geheel op te gaan nie.

VRYE WEEKBLAD: Hoe gaan julle bande tussen 'n swartman in Soweto, wat homself as Suid-Afrikaner beskou, en sy sogenaamde "tuisland" bewerkstellig?

MULDER: As hy vanaand by sy familie sit, praat hy waarskynlik nog 'n swart taal met hulle. Dit toon 'n verbintenis aan. As jy na Inkatha gaan kyk wat selfs in Soweto voorder, dan is ek nie seker hoe groot die grys gebied is nie. Ek is bereid, en dit is ook KP-beleid, om meer mag te gee op derdevlak.

VRYE WEEKBLAD: Die KP het gedreig hy gaan Streeksdiensterade ontwrig en nie saamwerk nie. Wat gaan julle houding wees en hoeveel SDR'e beheer julle.

MULDER: Ons praat van ses na agt wat ons beheer. In ander het ons genoeg stemme om te veto waar van ons nie hou nie. As opposisieparty kan jy nie net maklik dinge tot niet maak as jy nie daarmee saamstem nie. Ons sal wel kan kyk dat die aanwending van fondse nie heeltemal tot nadeel van die blanke is nie. Jy mag selfs beheer hê oor die belastings wat gehef word. Daar is heelwat dinge wat ons kan doen.

VRYE WEEKBLAD: Wat is jou houding oor KP's wat ook lede van die AWB is?

MULDER: Solank die AWB sê hy is nie 'n politieke party nie en nie polities deelneem nie, sien ek hom nie as in my liga nie. Sodra hy 'n politieke party word, is hy opposisie.



Dr. Pieter Mulder

# Die grammatika van rassisme

Deur Max du Preez

Vir baie dekades al vertel die Afrikaner vir homself en vir almal wat wil hoor dat sy beleid van apartheid 'n regverdige een is en nie op rassisme gebaseer is nie. Almal ken die "afsonderlik maar gelyk"-argument - "ons is nie beter nie, net anders."

Selfs ekstremiste soos die Afrikaner-Weerstandsbeweging en die Konserwatiewe Party sê deesdae nog gereeld dat hulle nie rassiste is nie, en dat hul beleid van partisie bloot daarop gemik is om rassewrywing te voorkom.

Swart Suid-Afrikaners het hierdie argumente nog nooit geglo nie.

Dit word aanvaar dat 'n taal 'n volk se siel weerspieël. Te oordeel aan die amptelike Woordeboek van die Afrikaanse Taal, gedruk deur die Staatsdrukker, het Afrikaans 'n sterk rassistiese onderbou.

In die Vyfde Deel van die woordeboek wat strek van J tot K is daar TWAALF BLADSYE oor die woord "kaffer" - nie minder nie as 303 woorde wat met "kaffer" begin, word behandel. En die goue draad wat deur al die woorde loop, is dat "kaffer" gelykstaan aan minderwaardig, sleg en lui.

Die woord word aangegee as die "algemene benaming vir 'n lid van die Bantoeras in SA", maar dan word bygevoeg dat "weens die ongunstige waarde wat dit veelal het", dit vervang word deur "naturel of tans by voorkeur, deur Bantoe."

Maar daar is verskillende soorte kaffers, sê die woordeboek. 'n Wit Kaffer of 'n Boerkaffer is byvoorbeeld 'n "kaffer van goeie inbors".

Maar voor 'n mens dink kaffer is 'n skelwoord, sê die woordeboek dat daar nog ander name ook is vir dié mense: "Name vir 'n kaffer, dikwels skertsend of skimpend gebesig, is: asem, bitterbek, blinkasem, gifasem, houtkop, houtskouer, Kamsketel, klipkop, klits, korthaar, kroeskop, pikkop, skepsel, stinkasem, swartasem, swarte tater, swartnerf, swartskepsel, vaalasem, Gamsgeslag, swartgoed, swartnasie."

Hoe verder jy gaan, hoe meer kom die politieke houdings agter die woorde uit. Een van die gebruike van die woord word aangegee as 'n "onbeskaafde, onopgevoede, ongemanierde, ruwe persoon." Dit kan ook wees "'n denkbeeldige persoon met wie kinders bang gemaak word", sê die woordeboek, of 'n "onderhorige, weinig gerekende persoon."

Die woordeboek sê die woord kom van die Arabies "kafir" wat "ongelowige" beteken.

En dan begin die lang lys woorde. Hier is net 'n paar.

"Kafferagtig: soos (van) 'n Kaffer of die Kaffers; soos 'n onbeskaafde Kaffer; onbeskaaf, onwellewend." Of: "Kafferarbeid: werk deur Kaffers verrig; werk geskik vir Kaffers." En: "Kafferboetie: skimpnaam vir 'n blanke wat blyk gee van 'n voorliefde vir Kaffers, hulle besonder goedgesind is; negrofiel."

Die idee van minderwaardigheid is oral teenwoordig, soos in "Kafferbok: 'n bok van minderwaardige gehalte, soos die wat dikwels in die besit van Kaffers aangetref word." En: "Kafferhond: Minderwaardige, nie-opregte hond, soos by Kaffers aangetref, kafferbrak." Of: "Kafferlekker: goedkoop lekker van swak gehalte, veral dié wat vir die Kaffers vervaardig word."

Daar is nog. 'n Kafferhalfkroon is die "skertsende naam vir 'n pennie"; en "kaffermaniere: slegte, onbeskaafde maniere." 'n "Kafferplek" is 'n "slegte, treurige, onaangename plek."

Plek-plek lyk dit asof daar 'n sweempie seksuele naywer kan wees. 'n Eiervrug staan ook bekend as "kafferbal", terwyl een van die skeldname vir 'n swartman "peervoël" is.

Maar luister na die volgende: "kaffervryery: vryery op kaffermanier, waarop die vryer die nooi op speelse wyse afknou, byvoorbeeld haar knyp of met 'n latjie slaan, ens."

Daar kan ook nie veel twyfel wees wat agter die volgende sit nie: "kafferlui: versterking van lui, baie lui"; "kafferwerk: werk wat as benede die waardigheid van blankes of ook van fatsoenlike of ontwikkelde Kleurlinge beskou word, veral growwe werk, handearbeid wat gewoonlik deur ongeskoolde kaffers gedoen word".

En "kaffersleg: versterking van sleg, baie sleg, so sleg as kan kom"; "kafferstadig: pejoratiewe versterking van stadig; besonder, hinderlik stadig." Hier word 'n voorbeeld uit 'n ou uitgawe van Die Burger ter illustrasie gebruik: "Onder studente kry 'n mens baie soorte: die goeies, die slegtes en die kafferslegtes."

Die woordeboek sê 'n "kafferpakkaas" is 'n "pakkasie wat uit kaffers bestaan. Volgens GS Preller is Kafferpakkasie 'n klomp nuttelose, onbruikbare volk."

Neem asseblief ook kennis dat 'n "kafferpapegaai" eintlik 'n boskraai is en dat "kafferdom" twee betekenisse het. Dit kan beteken "al die kaffers gesamentlik, die hele Bantoeras", of dit kan beteken "versterking van dom; baie dom."

Die woordeboek is in 1968 gepubliseer, maar is steeds die geldige, amptelike Woordeboek van die Afrikaanse Taal Deel V.

Vrye Weekblad

## Onderhandeling

Die Minister van Staatkundige Ontwikkeling en Beplanning, Chris Heunis, het dié week 'n mondvol te sê gehad oor onderhandeling.

Met van die goed wat hy gesê het, kan min redelike mense verskil. Soos: "Daar is nie 'n ander weg as dat die toekomstige bedeling vir Suid-Afrika deur onderhandeling, gesprek en oorleg tussen al die groepe, partye en organisasies uitgewerk word nie."

Maar nou ken Suid-Afrika al Heunis en sy departement se unieke vermoë om met woorde te speel. Die term "Heunis-speak" het nie verniet in die volksmond ontstaan nie.

As die regering se perverse omdraai van begrippe ("Wet en Orde", "Staatkundige Ontwikkeling" is voorbeelde) nie so gevaarlik was vir ons toekoms nie, sou dit nogal vermaaklik gewees het.

Heunis se departement het al soveel ingewikkelde strukture en terminologie geskep dat die meeste Suid-Afrikaners skoon verwilderd is as van onderhandeling en grondwetlike ontwikkeling gepraat word. Ander is weer só verveeld dat hulle skoon afskakel.

Eintlik is dit alles baie eenvoudig om te verstaan. Die regering haak vas by 'n paar plekke: hulle staan vas op 'n eng groepsoplossing; hulle wil die onderhandeling deur hul eie Nasionale Raad doen; en hulle wil self kies met watter swart leiers hulle wil onderhandel.

Wanneer die regering van groepsoplossings praat, bedoel hulle beskermde minderheidsvoorregte vir die blankes soos Ian Smith in Rhodesië dit bedoel het. Geen selfrespekterende swart leier gaan dit tog toelaat nie, en die wat dit toelaat, sal waarskynlik 'n verskuilde agenda hê om dit af te skaf so gou hulle kan.

Die Nasionale Raad is gediskrediteer voor dit nog begin het, en geen swart leier met betekenisvolle gevolg was sover bereid om daaraan te raak nie.


Laastens, hoe kan 'n mens van "onderhandeling" praat as jy nie bereid is om te praat met dié leiers wat werklik nasionale versoening teweeg kan bring nie. Hierdie punt word nou stadigaan deur sekere amptenare in Heunis se departement begryp - tot hul verdriet! - en selfs voorste Broederbonders begin nou al skelm afsprake met die ANC te maak. Maar intussen duur die staatsmasjinerie se meedoënlose demonisering van die ANC en die UDF en die Tutu's en Boesaks voort.

Ons het 'n reg om by die regering te eis om op te hou met woorde speel. Daar is eenvoudige voorwaardes wat vir onderhandeling gestel word: die beëindiging van die noodtoestand; die vrylating van Nelson Mandela en ander swart aangehoudenes; en die afskaffing van die oorblywende apartheidswetgewing.

Tot dan kan Heunis "hervorm" en "onderhandel" soos hy wil, aan die krisis in die land gaan dit niks doen nie. Inteendeel.


Geen blanke hoef vir die stappe bang te wees as dit binne die konteks van werklike onderhandeling en versoening gedoen word nie.

Die leiers van die swart gemeenskappe het nou al jare lank hul verantwoordelikheid en verdraagsaamheid onder die ernstigste provokasie bewys. Hulle het net soveel te verloor in 'n Suid-Afrika wat in bloedvergieting en armoede verval as blankes.




# Groep-obsessies en ander haakplekke

**Mark Swilling, 'n navorser by die Instituut vir Beleidstudies aan die Universiteit van die Witwatersrand, was 'n afgevaardigde na die onlangse konferensie in Leverkusen, Wes-Duitsland, wat deur Sowjet-spesialiste, die ANC en Suid-Afrikaanse akademici bygewoon is. Hy bespreek die breedvoerige debat oor die "nasionale vraagstuk" van Suid-Afrika wat daar plaasgevind het.**



DIT is nie verbasend dat die warm debat om sekere sentrale besorgdhede gedraai het nie: Moet Afrikaners toegelaat word om partye te stig waaraan net hulle kan behoort?

Sal blankes bereid wees om te verander wanneer hul materiële belange bedreig word? Of sal die meer hardnekkige krag van nasionalisme hulle tot 'n verwoestingsbeleid dryf?

Drie belangrike lesings op die konferensie het die debat omlyn.

Twee het dieselfde aannames gedeel, naamlik prof Herman Giliomee van die Kaapstadse Universiteit se lesing "The South African Conflict: Settlers and Natives, Afrikaner and African Nationalists" en prof Vassili Solodovnikov, vise-voorsitter van die Afro-Asiatiese Solidariteitskomitee in Moskou, wat gepraat het oor "Theory and Practice in the National Relations in the USSR".

Die derde was Joe Slovo, leier van die Suid-Afrikaanse Kommunisteparty se "The South African Working Class and the National Democratic Revolution" wat die argumente van die vorige twee fundamenteel uitgedaag het.

Giliomee het geargumenteer dat die konflik in Suid-Afrika nie 'n klasse- of 'n rassestryd is nie, maar "grootliks 'n kommunale of nasionalistiese een.

"Dit is 'n konflik gewortel in die land se geskiedenis as setlaarskolonie en die gevolglike stryd van Afrikane teen 'n politieke stelsel wat gedomineer word deur die Afrikanernasionaliste, die kerngroep van die groter wit gemeenskap."

Hierdie "tweenasie-tese" is in soorgelyke begrippe herhaal deur Solodovnikov, wat gesê het: "Ons sien in die apartheidstelsel 'n spesiale vorm van kolonialisme wanneer die regerende nasie (die wit gemeenskap) en die onderdrukte nasie (die swart meerderheid met inbegrip van die kleurlinge en Asiërs) dieselfde grondgebied erf maar deur die apartheidstelsel en rassewette verdeel word."

Hoewel Giliomee en Solodovnikov die siening deel dat die konflik tussen hierdie twee nasies plaasvind, verskil hulle oor die uiteinde van die konflik.



Vassili Solodovnikov (links) en kollega Slava Tetekin tydens hul deelname aan die debat oor die 'nasionale kwessie"

Solodovnikov het die klassieke ekonomiese liberale siening gestel dat "kapitalisme nie slegs 'n enkele nywerheids- en landboumark skep nie maar ook die vorming van 'n enkele nasie teweegbring". Dit wil sê kapitalisme is disfunksioneel vir apartheid.

Giliomee het volgehou dat die Afrikaner en Afrika-nasionalisme nie ná apartheid sal wegkwyn nie of dat ekonomiese kragte hul tot 'n enkele nasie sal herskep nie.

Hy is ten gunste van 'n post-apartheidstelsel wat hierdie noodwendigheid in ag neem.

Slovo het albei hierdie sieninge verwerp deur te argumenteer dat die "tweenasie-tese" nie steek hou nie. Hy argumenteer dat Suid-Afrika as 'n spesiale soort kolonialisme verstaan moet word.

Anders as die Russe, het Slovo se argument op 'n klasse-analise berus.

Hy het betoog dat kolonialisme 'n setlaar-heersersklas in Suid-Afrika geskep het wat 'n reeks rassige en etnies-gebaseerde meganismes gebruik om die swart meerderheid te verdeel en hul te regeer.

Hierdie pogings om 'n multinasionale samelewing te "skep" is ondermyn deur:

(a) integrerende ekonomiese kragte (soos verstedeliking); en

(b) die bevordering van 'n nasionale bewustheid onder die swart meerderheid deur versetbewegings.

Die resultaat was egter nie die skepping van twee nasies - een swart en die ander wit nie - nie.

Slovo het daarenteen argumenteer dat daar aan die een kant 'n wit heersersklas is wat sy belange wil beskerm deur 'n multi-etniese, multinasionale samelewing in die land te probeer skep.

Aan die ander kant is daar egter 'n enkele Suid-Afrikaanse nasie in wording. 'n Volledig verenigde Suid-Afrika wat alle "etniese gemeenskappe" insluit en terselfdertyd "kulturele diversiteit" erken, kan egter nie geskep word tensy apartheid afgetakel word nie, was die argument.

'n Aantal akademici het Slovo se klasse-analise verwerp op grond daarvan dat dit die outonome niereduseerbare aard van etnisiteit en nasionalisme ignoreer.

Die akademici het weereens bondgenote onder prof Solodovnikov se kollegas gevind - hulle het saamgestem die geskiedenis van nasionalisme in hul eie land wys dat die oorsake van nasionale bewustheid baie min met ekonomiese kragte te doen het.

# Gogga maak vir baba bang ...

## Die swygsames

Ver-regses in Suid-Afrika is gewoonlik die mense wat die meeste praat en die hardste raas. Maar bring 'n swart Suid-Afrikaner van aangesig tot aangesig met hulle, en hulle is skielik tjoepstil.

Twee voorbeelde daarvan hierdie week.

AWB-grootbaas Eugene TerreBlanche weier om twee swart tienderjarige verteenwoordigers van 'n jeugtydskrif te woord te staan, en sê dan aan hulle wit maats wat vra hoekom hy swartmense haat: "Ek haat hulle nie. Ek het bloot niks vir hulle te sê nie."

Andries Treurnicht weer wou nie reageer op John Gogotya van die Federal Independent Democratic Alliance se uitdaging aan die KP om sy beleid oor oop sakegebiede te implimenteer nie, en sê toe bot aan 'n koerantman: "Ek wil nie met 'n swartman in debat tree nie."




Is die regses dan báng vir swartmense? Is al die lawaai van die verhoë af dan net holle dreigemente? Of is hulle doodgewoon rassiste?

## Ken se pen

Gehoor wat Ken Owen in Business Day oor Vrye Weekblad te skrywe gehad het? Hy sê die publikasie van 'n anti-apartheidskoerant is deel van 'n groter beweging in Afrikanergeledere en voeg dan by:

"Chips from the Afrikaner monolith fly in all directions, but there is a clear affinity among the new anti-apartheid dissidents. They are uncomfortable with the English values and English institutions which have traditionally supplied such people with a refuge.

"If nothing else, they are recognising the pointlessness of trying to organise an English minority to overthrow an Afrikaner majority; their proper field of endeavour is Afrikanerdom itself. Nor are they liberals in the Anglo-Saxon mould but - at best - social democrats in the German mould, with an added touch of agrarian suspicion and hostility towards (English?) capital."

So by my kool! Móét elke Boer dan 'n label hê?

## Jaag wie?

Van die KP gepraat. 'n Kollega onthou die week van Clive Derby-Lewis, LP, wat in die hitte van die munispale verkiesingstryd op 'n vergadering in Krugersdorp gesê het: "Die KP is nie 'n klomp hoerjaers nie. Ekskuus, my Afrikaans is nie so goed nie. Ek bedoel ons is nie 'n klomp hierjy's nie."

Geen kommentaar.

## Rande en sente

Die waarde van die rand daal nou so vinnig dat Suid-Afrikaners deesdae net kan bekostig om in Zambië en Zaire vakansie te hou - dis omtrent die enigste lande wie se geldwaarde vinniger daal.

Al gehoor van die Sent Aksepbank?

## Ver-regse twak

Bittergal het so afgestomp geraak hier in die Goudstad dat dit die week soos 'n skok gekom het toe SED Brown sy SA Observer (gratis) vir hom aangestuur het. Die skok was nou dat daar waaragtig nog in die redelik beskaafde Suid-Afrika van 1988 sulke kinderagtige snert gedruk word.

Oom Brown (Brolloks sê hy het gedink die oom is láánkal dood...) laat 'n township comrade soos 'n lykbesorger klink met sy holle, sinnelose retoriek. Soos dié: "Will we, the White people of South Africa, retain our destiny in our own hands, or will we surrender our nation and our sovereignty to the "liberals", communists, Zionists and the mighty financial interests here and abroad whose ultimate aim is nothing less than the obliteration of the concept of nations and their substitution by a collectivist "One World" order, controlled by the UN and its invisible Zionist, communist and international financial manipulators?"

Sjoe!

## Cromwell

En hoor hoe laat so 'n Engelse oompie die Staatspresident se broek bewe: "We believe, however, that Pieter Willem Botha will yet hear from his own Afrikaner people the words of Cromwell, when he dismissed the Long Parliament: Depart, I say, and let us have done with you. In the name of God, go!"

Soos hulle in die strokies sê: Gnnff!

## Nie 'n effe laat nie?

Die week se nuus is dat die SAUK 'n eie psigiater aangestel het. Hy/sy moet glo omsien na die werknemers se welsyn en sosiale, godsdienstige en finansiële behoeftes.

Dis nie vir Bittergal snaaks nie. Wat vir hom snaaks is, is dat net één aangestel is, en dat dit nou eers gedoen word. Geoordeel aan al die stories wat uit Aucklandpark kom, gaan die psigiater dalk binnekort self psigiatriese hulp nodig hê.

(In minder goeie smaak: Gehoor dat minstens twee gewilde TV-programme se name verander gaan word? Die nuwe name is "Twelvesomething" en "Agter elke Seun.")




## 'n Bietjie boerehaat?

Hierby plaas ons 'n spotprent uit 'n onlangse uitgawe van die Sondagtydskrif van daardie ou liberale Johannesburgse koerant, The Star. Die opskrif van die reeks karikature is "Pofadderfontein votes..." en dan word elke etniese stereotipe ingespan: die oom met die dik gewrigte, kruisbande, 'n tiervelhoed en 'n baard en wat nie eintlik kan lees en skryf nie.

Afrikaners het al mooi groot geword en skreeu nie meer "Boerehaat!" vir elke grappie wat van hom gemaak word nie, maar Brolloks wonder darem wat die reaksie sou wees as Abe Berry nou 'n Jood met 'n yamulka en 'n haakneus of 'n swartman met 'n been deur sy neus en dik lippe daar geteken het. Sou daar nie dalk 'n koor van "Rassisme!" opgegaan het nie?

Die argument loop vermoedelik dat die meeste Afrikaners rassiste is en deur hul onderdrukking sedert 1948 verdien hulle om rassisties uitgebeeld te word.

Ons koop dit nie.



## Leon se twee hoedjies ...

Net toe 'n mens dink dis weer veilig om Leadership te lees, toe's daar wéér 'n foto van Leon Wessels in met 'n hoedjie op. Ons kon weer nie die versoeking weerstaan om dit vir julle wys saam met verlede week se 1964-foto nie.

# Briewe

**Vrye Weekblad plaas alle briewe wat nie die wet oortree of lasterlik is nie, mits die korrespondent se naam en volledige adres bygevoeg word as 'n skuilnaam gebruik word. Skryf aan: Die Redakteur, Vrye Weekblad, Posbus 42637, Fordsburg 2033.**

## 'n Verskoning vir PW en die ANC...

*** W.F. de Lange, Posbus 414, Nigel, skryf:**
Gedagtig aan dit wat ek op bladsy 10 en op 'n paar ander plekke in die eerste uitgawe van die sogenaamde "Vrye Weekblad" lees, kan ek my nie voorstel wie hierdie bykomende verskoning vir die ANC en die Bothas sal koop en lees nie.

*** Willem Pienaar, Boland, skryf:**
Een van die raarste aspekte van die geskarrel rondom Min Heunis gedurende die afgelope twee weke kan darem nie onvermeld verbygaan nie.

Dit is die wyse waarop 'n Kaapse oggendkoerant (en sy susters landwyd?) as die pleitbesorger(s) van Min Heunis ontpop het. Soveel provinsiale lojaliteit en solidariteit het ons darem lanklaas beleef!

Die betrokke oggendkoerant weet op 1 November aan sy leser te vertel dat "volgens ingeligte woordvoerders" (wie is hulle?), mnr Heunis by verskeie geleenthede in NP-kringe gewaarsku het teen die moontlike implikasies wat dit vir die parlementêre Driekamerstelsel kan hê as die trilogie wetsontwerpe oor groepsgebiede deurgevoer sou word. Die oggendkoerant skroom nie om verdeeldheid in die kabinet wêreldkundig te maak in 'n desperate poging om mnr Heunis se bas te red nie. Wat sou die grootbaas daarvan sê?

Die oggendkoerant beweer ook dat "senior kollegas" (wie is hulle?) beweer dat dit onbillik is om mnr Heunis alleen die skuld vir die gebrek aan vordering met onderhandelings met swartmense te gee. Nou dat hy misluk het, is dit onbillik om hom alleen die skuld te gee en is die eintlike sondebok die kabinet met sy mede-verantwoordelikheid!

Op 2 November skryf die Kaapse oggendkoerant 'n artikel waarin hy VOLUIT tot die verdediging van die Kaapse NP-leier tree. Die ou simbiotiese verhouding tussen die Kaapse Party en die Kaapse koerant is skynbaar so heg soos ooit tevore. Wat sou die grootbaas hiervan sê?

Volgens die artikel van 2/11/88 het "links en regs...belang daarby dat die Kaaplandse NP-leier getakel word" na die sukses wat Kaapland in die provinsiale verkiesing gehaal het! Hierdie "links en regs" sluit blykbaar ook die linkses en regses in die Party en kabinet in.

Die oggendkoerant se desperate poging om "sy leier" te red, herinner aan die "Operation Hangout" wat die Wit Huis tydens die Watergate-skandaal van stapel laat loop het.

Hoe meer inligting en verduidelikings die Wit Huis verskaf het, hoe meer het dit nie die publiek sy nuuskierigheid besweer nie, maar dit eerder gesimuleer.

Hoe meer verduidelikings die Kaapse koerant op gesag van "ingeligte woordvoerders" en "senior kollegas" gee, hoe interessanter word die debakel, en hoe meer wil ons weet. Dit is mos 'n koerant se taak om ons in te lig.

Doet so voort. "Ingeligte woordvoerders", "senior kollegas" en/of mnr Heunis beskik tog seker oor baie adisionele inligting om Kaapland se NP se saak te bevorder - of hoe?

* Die volgende brief is aan Vrye Weekblad deurgebel. Dit kom van **Michiel Lombard van Elkenhof.** Hy sê:

Dit is die swakste koerant wat nog ooit uitgegee is. Dit is ook in die swakste smaak. Wat probeer u in die koerant doen?

Julle soek net konfrontasie en konflik. Ek is skaam om die koerant in my huis in te bring. Julle soek net sensasie.

Ek en my mense in my omgewing gaan julle beveg...

(In hierdie stadium het mnr Lombard, wat baie ontsteld geklink het, die telefoon neergegooi - red.)

## Dankie

Die redaksie van Vrye Weekblad sê baie dankie vir die talle goeie wense, vriendelike ondersteuning en woorde van aanmoediging wat ons met verlede week se eerste uitgawe gekry het. Selfs die dreigoproepe het ons oortuig dat ons op die regte pad is.

# Die nuwe presidentsvrou: 'n Mollige witkop tannie

AMERIKA se nuwe presidentsvrou is 'n mollige, witkop tannie wat gemaklike kleredrag verkies - 'n regte Republikeinse ouma-figuur.

En wanneer mense sê dat sy haar hare moet kleur of gewig verloor antwoord sy dat niemand op 63 'n ballerina van haar gaan maak nie.

Barbara Bush - "Bar" - kom uit 'n ryk New Yorkse familie.

Haar man het sy op 16 ontmoet, en op 19 het sy kollege gelos om met hom te trou.

Sy is tipies van 'n geslag Amerikaanse vrouens wat in die agtergrond bly terwyl hul mans hul loopbane volg: sy het al 29 keer saam met hom getrek na 17 verskillende stede in 43 jaar se getroude lewe. Sy het onlangs aan Life Magazine erken dat sy wel soms jaloers raak op pragtige jong vrouens wat in die manswêreld beweeg.

Sy het ses kinders en tien klein kinders. Haar dogter Robin is op drie aan bloedkanker dood.

Sy is 'n sterk vegter teen ongeletterdheid (vanweë 'n kind wat gesukkel het om te leer lees) en sy speel graag tennis.

* Onder-president Dan Quayle, 41, 'n prokureur van Indiana, het nie 'n goeie beeld in die verkiesingstryd gehad nie omdat die indruk geskep is dat hy intellektueel vlak is.

Hy het die senuwees op hol gehad toe hy gevra is wat hy sou doen as pres Bush om die lewe gebring sou word. "Bid," het hy gesê.

Gedurende die veldtog is hy van die pers weggehou en het toesprake op kleiner, onbelangrike plekke gehou.

Die vriendelike blonde man se kollegas in die senaat sê egter dat hy 'n intelligente wetgewer was wat sy sieninge met hartstog verdedig het en redelik suksesvol wetgewing kon deurvoer.

Hy stam uit 'n ryk uitgewersfamilie van Indianapolis, Indiana.

Hy is getroud met 'n prokureur, Marilyn, tien weke nadat hy haar ontmoet het. Hulle het drie kinders.

Quayle het 'n sterk konserwatiewe siening van sake soos aborsie, dwelmmisbruik en die weermag.

Bush het gesê hy gaan Quayle aanstel as hoof van 'n taakmag om dwelmsmokkelary en dwelmmisbruik te misbruik.

# Verveling, vrede en voorspoed vir VSA



Die nuwe president: George Bush

**Gavin Moore-Wallis**

ONDER president Bush gaan min vir Amerika - en Suid-Afrika - verander.

En heelwaarskynlik sal dr Chester Crocker, onder Ronald Reagan die argitek van konstruktiewe betrokkenheid en bemiddelaar in die Angola/Namibië-onderhandelings, sy werk voortsit.

Kenners meen dat hy sy huidige pos as onderminster van buitelandse sake, belas met Afrika, sal behou, of as spesiale ambassadeur aangestel word. Amerikaanse amptenare is vol hoop dat 'n skikking volgende jaar bereik sal word.

Dit kan lei tot onafhanklikheid vir Namibië en 'n versoening tussen Angola se MPLA-regering en die rebellebeweging Unita.

Bush is gekant teen ekonomiese sanksies teen SA en is bewus van die strategiese waarde van 'n stabiele, pro-Westerse regering in Pretoria.

Volgens sy adviseur oor buitelandse beleid, lt-genl Brent Scowcroft, sal die nuwe regering "alles in hul vermoë doen om 'n bloedbad in Suider-Afrika te voorkom. Amerika voel dat ons net kan help as ons betrokke is - nie as ons sommer sanksies instel of Suid-Afrika tot terroriste-staat verklaar nie".

Die Bush-regering se doel sal wees om Suid-Afrika te oorreed om sy rassebeleid te laat vaar en met die stemlose swart meerderheid te onderhandel.

Bush is in aparte boodskappe deur president PW Botha en die Minister van Buitelandse Sake, Pik Botha, gelukgewens.

Sy benadering tot Suid-Afrika sal egter steeds 'n toutrekkery wees met die Kongres en Senaat, omdat albei huise weer deur die Demokrate beheer word. Ná die verkiesing is daar meer Demokrate in die Kongres as onder Reagan.

Ontleders in Washington verwag 'n "kabinetskommeling" eerder as 'n regeringsverandering ná die verkiesing. Bush, wat agt jaar lank Reagan se vise-president was, het sy hele veldtog gebou op die belofte dat hy die Reagan-beleid van "vrede en voorspoed" sal voortsit.

Hy het gewen met sterk steun uit die suide (wat voorspelbaar was) en uit die nywerheidsgebiede - waar die Demokrate gewoonlik sterk steun geniet. Die stempersentasie, wat as "gematig" beskryf is, was 'n refleksie van die negatiewe aard van die verkiesingsveldtog wat baie kiesers afgeskrik het.

Bush het herhaaldelik beklemtoon dat hy 'n versigtige binnelandse beleid wil volg wat voortbou op dié van sy voorganger. Die beleid is om die rol van die staat te beperk, private inisiatief aan te moedig en die gesag oor welsynsake aan plaaslike regerings af te staan.

Bush, 64, se politieke profiel is dié van 'n lojale maar passiewe werker in aangestelde eerder as verkose poste.

Hy is pragmaties en konserwatief.

Hy glo dat Amerika 'n leiersrol in die wêreld moet speel, en eweneens dat vrede en voorspoed die resultaat is van militêre mag. Hy was 'n bomwerperloods in die Tweede Wêreldoorlog.

Sy konserwatisme spreek ook uit sy oortuiging dat die Amerikaanse stelsel goed werk, en dat daar nie aan gepeuter moet word nie.

Ontleders van die nuwe president se agtergrond wys daarop dat hy in 'n baie bevoorregte huis geword "vol ouerlike liefde en bediendes" grootgeword het.

Hy kom van 'n ryk familie in New England, in die ooste van die land. Sy pa was bankier en later senator. Die vyf kinders is van kleins af geleer hoe belangrik ambisie en kompetisie is.

In die kiesveldtog het hy klem gele op sy gewoonheid - hy hou van Country en Western-musiek en "hoefyster gooi", 'n Amerikaanse soort jukskei.

'n Universiteitsmaat van Yale beskryf hom as "'n presteerder eerder as 'n intellektueel". Na sy studies is Bush na die olievelde van Texas, waar hy 'n reputasie gekry het as 'n goeie baas, en 'n jong fortuintjie en 'n paar maagsere ryker geword het.

Ná twee termyne in die kongres, is hy in 1971 deur die destydse president, Richard Nixon, aangewys as VVO-ambassadeur, waar hy (volgens ingeligtes) regstreeks bevele van Henry Kissinger uitgevoer het.

Van 1974-75 was hy gesant in China - waar algemeen aanvaar is dat hy hom weer eens streng deur Kissinger laat voorskryf het.

Hy was ook direkteur van die CIA - van Januarie 1976 tot Januarie 1977. In dié tydperk het die CIA heelwat avonture onderneem, soos die staatsgreep in Chili wat die sosialistiese president Allende se lewe gekos het en die diktator Pinochet aan bewind geplaas het.

Daar was ook 'n plan om Kuba se Fidel Castro te vergiftig, en aanklagte van onwettige binnelandse spioenasie.

Bush het meesal probeer om kongreslede wat ontsteld was oor die onwettige optredes van die CIA te paai.

In 1980 het hy met Ronald Reagan meegeding om die Republikeinse party se nominasie, en sterk van hom verskil oor ekonomiese beleid. Sy gemaklike bekering na Reagan se sogenaamde regse sieninge het gesorg dat mense hom as 'n pragmatis sonder ideologiese kettings beskou.

Maar juis daarom is die grootste vraag: Wie gaan aan die president voorsê?

# Perestroika is 'n opregte proses - Sakharov

BOSTON - Die Sowjet-Unie beweeg in die rigting van egte demokratiese verandering en die Weste moet dit aanmoedig en ondersteun, het die Russiese andersdenkende Andrei Sakharov hier gesê.

Sakharov, wat in 1975 die Nobelprys vir Vrede ontvang het, het egter gewaarsku dat sy regering ook nuwe beperkinge op menslike vryhede geplaas het wat "omtrent krygswet" beteken.

Die 67-jarige Dr. Sakharov, op sy eerste besoek aan die Weste, het 'n perskonferensie van die Amerikaanse akademie vir kuns en wetenskap vandeesweek toegespreek.

Hy het gesê perestroika is "'n buitengewoon ernstige ... opregte proses" met "ware mikpunte...en nie teater vir die Weste nie".

"Dit is 'n opregte proses wat in die interne struktuur van die Sowjet-Unie plaasvind. Die Weste moet nie perestroika vrees nie."

Maar hy het die Weste gewaarsku om die veranderinge wat onder Sowjetleier Mikhail Gorbatsjof plaasvind "met oop oë" dop te hou en sy hulp aan Moskou aan werklike verandering te meet.

Nuwe wette het die Sowjet-Unie se departement van binnelandse sake nuwe magte gegee om vryheid van vergadering en die pers aan bande te lê.

Nou kan "die besit van 'n persoonlike rekenaar en 'n drukker" gesien word as 'n misdaad waarvoor jy kan tronk toe gaan.

Die nuwe wette is "'n bedreiging vir perestroika en demokratiese vryhede. Dit is 'n regstreekse reaksie van bo af op demokratiese inisiatiewe van onder".

'n Nuwe wet wat vryheid van assosiasie beperk, het gelei tot die "gewelddadige ontwrigting" van 'n herdenkingsvergadering vir Stalinslagoffers in 'n begraafplaas in Minsk op 30 Oktober.

Baie mense is gearresteer, en baie afgeransel.

Sakharov was hier vir 'n konferensie van die nuwe Internasionale Vredesorganisasie waarvan hy 'n bestuurslid is.

# Wildsoorte sterf uit in Kenia

NAIROBI - Kenia se olifante en renosters, wat reeds gevaarlik min is weens wilddiefstal, is slegs twee van verskeie Oos-Afrikaanse wildspesies wat gevaar loop om uit te sterf, het die Keniaanse paleontoloog en bewaringsbewuste Richard Leakey hier gesê.

In 'n onderhoud het hy gesê dringende optrede is ook nodig om ander wildsoorte, insluitende twee aapsoorte, en die wildehond, te beskerm.

Leakey, die voorsitter van die Oos-Afrika Natuurlewevereniging, het gesê oop ruimtes word aan wild ontneem en deur die landbou ingesluk om aan die behoeftes van Kenia se groeiende bevolking te voldoen.

Hy is optimisties oor die oorlewing van die renoster, hoewel hy sê dat wilde renosters so te sê verdwyn het in dié land, waar die aantal renosters van 20 000 in 1969 tot ongeveer 425 vanjaar afgeneem het.

"Ons sal die renosters waarskynlik red," het hy gesê.

Leakey het egter gewaarsku dat olifante die gevaar loop om uit te sterf. "Ons het nie jare om mee te speel nie."

Wilddiewe slag gemiddeld twee olifante per dag in Kenia - die olifantbevolking het van 2,5 miljoen in 1945 afgeneem tot 400 000 verlede jaar. - AFP

# Die probleem word apartheid genoem

Christo Nel

SUID-AFRIKA het nòg sanksies nòg "totale aanslae" van welke aard nodig. Ons staar 'n krisis in die gesig wat reeds dreig om alle ander probleme te oorskadu. Die probleem is tuisgemaak.

Dit is nie dramaties of pessimisties om te sê dat die huidige ekonomiese krisis epidemiese omvang aangeneem het nie.

Suid-Afrika beleef 'n strukturele ekonomiese verrotting wat slegs deur fundamentele herstrukturering herstel kan word. Tydens die sestigerjare het ons 'n groeikoers van meer as vyf persent beleef. Dit het tot ongeveer drie persent gedaal tydens die sewentigerjare, en beloop tussen 1982 en 1986 minder as 'n half persent per jaar.

Bruto binnelandse vaste beleggings het sedert 1980 vanaf R18-miljard tot minder as R12,6-miljard 'n jaar gedaal (herlei na 1980 se waardes).

Voorspellings vir reële bruto binnelandse produk oor die volgende vier jaar toon 'n sorgwekkende daling vanaf net meer as drie persent vir 1987 tot minder as een persent vir die volgende drie jaar.

Hierdie ekonomiese siekte het min met buitelandse oorsake te doen. Dit is wel waar dat sekere simptomatiese buitelandse faktore 'n rol begin speel het. Die oorsaak van die probleem sit egter in Suid-Afrika - in Pretoria. Dit word apartheid genoem.

Geen land kan 13 afsonderlike parlemente met meer as 150 staatsdepartemente bekostig nie. Meer as 'n dosyn departemente van gesondheid, opvoeding ens. kan hoegenaamd nie ekonomies regverdig word nie.

Konserwatiewe analises toon dat hierdie beleid reeds in 1985 bykans R2,8-miljard, en moontlik soveel as R5,7-miljard aan duplikasie- en ondersteuningskostes beloop het.

Meer as R700-miljoen word aan



Christo Nel

dikwels ekonomies onregverdigbare desentralisasieprogramme bestee. Objektiewe analises toon weer eens dat die tuisland-gekoppelde desentralisasiebeleid omtrent geen noemenswaardige werkskepping tot gevolg het nie. Dit het eerder onekonomiese bedryfsaktiwiteite laat posvat.

Die finansiering van hierdie ekonomiese siekte lei daartoe dat die belastinglas op Jan Alleman jaar na jaar toeneem.

'n Persoon wat R10 000 in 1980 verdien het, het sewe persent inkomstebelasting betaal. Indien sy salaris met inflasie tred gehou het, betaal hy vandag 20 persent belasting. Sy koopkrag is nog steeds dieselfde, maar die hap wat die regering neem om apartheid te finansier maak hom jaarliks armer.

Oor die afgelope 20 jaar het regeringsbesteding as 'n persentasie van BBP bykans verdubbel. Dit kan hoofsaaklik aan die enorme groei van die staatsdiens en verwante sektore toegeskryf word.

Die implementering van die driekamerstelsel het byvoorbeeld daartoe gelei dat salarisse en administrasiekoste van R8,7-miljoen in 1981 tot R40,5-miljoen in 1986 gestyg het. Dit word bereken dat staatsamptenare se byvoordele alleen meer as R3,2-miljard beloop. Dit is bykans twee keer meer as wat aan swart onderwys bestee word.

Teen hierdie lelike agtergrond glinster die potensiaal van 'n ekonomie wat met ten minste agt persent per jaar kan groei. Die koste verbonde aan verlore geleenthede laat mens egter steier.

Vergelykings met soortgelyke ontwikkelende ekonomieë wat deur meer pragmatiese oorwegings bedryf word, wys dat ons minstens 50 persent vinniger kan groei. In 1976 sou dit 'n hoër BBP van R13-miljard beteken het, en in 1985 'n ekstra R56-miljard.

Hierdie potensiaal kan slegs vervul word as Suid-Afrika se politieke beleid fundamenteel geherstruktureer word om as onderbou vir 'n pragmatiese en doelgerigte ekonomiese beleid te dien. 'n Sosio-politieke omgewing wat deur die oorgrote meerderheid Suid-Afrikaners ondersteun word, is daarvoor nodig.

Maar dan moet die demografiese realiteite en ideologiese mistastings eerlik erken word.

Suid-Afrika beskik ongetwyfeld oor die vermoë om die 21ste eeu as 'n ekonomiese wonderwerk te betree. Dit sal egter 'n doelgerigte strewe verg om ekonomiese onregverdigbare sosio-politieke strukture te verwyder.

Dit moet gepaard gaan met 'n binnelandse beleid wat Suid-Afrika weer eens 'n welkome mededinger in internasionale kringe kan maak.

Die enigste struktuur wat hierdie doelwitte kan ondersteun is 'n nie-rassige demokratiese bestel. Daar kan geen kompromieposisie tussen 'n rassige minderheidsisteem en die noodwendigheid van 'n nie-rassige bestel onderhandel word nie.

Die insig van 'n staatsman is nodig om hierdie uitdaging die hoof te bied. Hy moet oor die vermoë beskik om veral die blanke Suid-Afrikaner saam met hom te neem.

# Versigtige optimisme oor Bush

SUID-AFRIKA se sakegemeenskap was versigtig optimisties nadat dit bekend geword het dat George Bush die nuwe Amerikaanse president is.

'n Senior ekonoom van die die Gefedereerde Kamer van Nywerhede, Roelof Botha, het gesê dit sal waarskynnlik nie lei tot 'n dramatiese verandering in VSA-beleid teenoor Suid-Afrika nie.

Die president van die Vereniging van Kamers van Koophandel en Nywerheid, Sydney Matus, het gesê hy verwag nie 'n ommekeer oor sanksies teen Suid-Afrika nie, maar hy glo nie Bush sal sterker maatreëls toepas nie.

Hy het ook gesê interne politieke verandering kan die land se vriende nou help om strenger sanksies af te weer.

Die president van die Handelsinstituut, Dries Niemand, het gesê Bush sal sy voorganger se beleid moet navolg veral omdat die kongres steeds deur Demokrate beheer sal word.

Die besturende direkteur van die Amerikaanse Kamer van Koophandel, Adrian Botha, het ook gesê hy verwag nie groot veranderinge in die kort termyn in VSA-beleid jeens Suid-Afrika nie, maar interne hervorming kan 'n belangrike rol speel.


## Association of Democratic Journalists

**NATIONAL ORGANISER**

**The Association of Democratic Journalists is looking for a full-time national organiser based in Johannesburg.**

**The person we are looking for should:**

- **Have media experience and a knowledge of the South African media**
- **Be free to travel widely**
- **Be computer literate**
- **Have administrative experience**

**Organisational experience - ideally, within the trade union movement - and their own transport would be an advantage. We offer a competitive salary, travelling allowance, and medical aid benefits.**

**Please send applications to the ADJ, PO Box 260425, Excom 2023 before November 30. Applications should include a telephone number, a CV and the names, addresses and telephone numbers of two referees.**





Wins op straat gaan na die skoen nie die bank

# Die rewolusie van die skoene

Des Latham

DAAR is 'n revolusie - nie 'n revolusie van stokke, klippe of petrolbomme nie, maar 'n revolusie het skoene.

Dit het Lawrence Mavundla van die African Council for Hawkers and Informal Businesses onlangse op die Nasionale Kleinsakeweek-konferensie gesê. 'n Groot deel van die gesprek het gehandel oor die verhouding tussen banke en smouse.

Benewens kleinsakemanne is die konferensie ook bygewoon deur verteenwoordigers van banke en ander groot sake-ondernemings.

Mavundla het gesê: "Die banke luister nie na die mense nie. Daar word op straat gesê die banke is nie bereid om smouse te help nie. Mense neem nie hul geld banke toe nie maar plaas dit in hul skoene en onder hul matrasse."

Mavundla het die staaltjie vertel van 'n smous wat R2 000 op 'n Vrydag by 'n bank wou leen. Hy het vir die bestuurder gesê hy sou die geld die Maandag met rente terugbetaal. Die bestuurder het sy kop agteroor gegooi en gelag.

Die smous het die geld van 'n vermoënde vriend geleen en voedselvoorrade vir die naweek gekoop. Hy het dit by 'n groot sokkerwedstryd verkoop. Die volgende Maandag het hy R7 000 onder die neus van die bankbestuurder gewaai en gesê dat hy die geld onder sy matras gaan bank.

Syfers oor Tembisa is genoem: daar is 205 kleinhandelaars wat R23 000 se goedere van 'n sekere groothandelaar per maand koop. Maar daar is 70 smouse wat R50 000 se goedere by hom koop.

Israel Skosana, adjunk-besturende direkteur van die Get Ahead Foundation, het gesê hy glo banke is te geheg aan die wyse waarop geld in die Eerste Wêreld uitgeleen word - en die gepaardgaande papierwerk. Swartes kan slegs sedert 1986 grond besit, maar bankbestuurders vra vir bykomstige sekuriteit.

Sy Get Ahead Foundation het sy wortels in die tradisionele stokvel: almal dra by tot 'n gemeenskaplike geldpot waaruit dan geleen word. Indien mense lenings nie op die voorgeskrewe manier terugbetaal nie, pas die gemeenskap druk op hul toe om te betaal.

Hy het verduidelik hoe hy en sy span die stokvel aangepas en verfyn het. Rentekoerse word nou gehef, terwyl sy besigheid soos 'n bank geadministreer word.

Meesal is die rentekoerse baie laer as banke s'n. 'n Mens kan R100 tot R1000 teen 'n minimale rentekoers leen. Groot bedrae van R20 000 en meer word ook uitgeleen. Hoe hoër die bedrae, hoe hoër die rentekoerse.

Bankiers het hul ore gespits toe hy sê 100 persent van die lenings wat die Get Ahead Foundation toestaan, word terugbetaal.

Die konferensiegangers het ook die staat bygekom. Daar is 729 munisipale en parlementêre wette wat smouse en die informele sektor aan bande lê.

In die meeste Suid-Afrikaanse dorpe en stede tree plaaslike owerhede teen smouse op. In Johannesburg word daagliks teen hulle opgetree - die stadsraad sê individuele sakeondernemings oefen druk op hulle uit omdat hulle bang is vir kompetisie.

In plekke soos Pietersburg en Vanderbijlpark word selfs sterker opgetree, omdat die sakekamers as geheel hierdie optrede steun.

In Kaapstad egter het die prokureur-generaal opdrag gegee dat optrede teen smouse gestaak word. Voorheen het 'n staatsaanklaer gesê dat "dit my rol om smouse te vernietig".

Johan Naudé, voorsitter van die Nasionale Kleinsakeweek-konferensie, het die moontlikheid van 'n veldtog van burgerlike ongehoorsaamheid genoem. Smouse wat gearresteer word kan onskuldig pleit en die howe oorstroom.

Op die konferensie is die voorbeeld genoem van die koffiekarhandelaars - of cafe de move-ons. Die Johannesburgse stadsraad het 30 jaar lank probeer om hul te verwyder, en dit toe in 1963 met behulp van die Groepsgebiedewet reggekry.

Mavundla het gesê smouse ignoreer die wette wat hul aan bande lê.

Een segment van die informele sektor word egter nie deur die wette geraak nie. Hulle is die 300 000 blanke rokmakers, koekbakkers, agterplaaswerktuigkundiges ens.

Hulle broers en vriende is die wetstoepassers, hulle pa's en ooms reik die permitte uit, is op die konferensie gesê.

Theo Rudman, 'n ekonoom en skrywer, het gesê daar is 'n potensiaal vir normale ekonomiese aktiwiteit aangesien deregulasie nou 'n modewoord in die staat se woordeskat is. Dit eis egter realisme van die bankbedryf.

# Vrye Weekblad

## ONS LESERS IS BAIE SPESIALE MENSE.

## DIE BESTE MANIER OM HULLE TE BEREIK, IS OM OP ONS BLADSYE TE ADVERTEER.

### Tariefkaart


| | |
|---|---|
| **Standaard-tariewe** | |
| Enkel-kolom cm (wit en swart) | R8,50 |
| Volblad (swart en wit) | R2 300 |
| Halfblad (wit en swart) | R1 150 |
| **Kleur** | |
| Een spot | R140 |
| Twee spot | R280 |
| Volkleur | R420 |
| **Spesiale posisie** | |
| Voorblad Vrydag-tydskrif | +25% |
| **Spesiale tariewe** | |
| 4 opeenvolgende plasings | 7,5% |
| 13 " " | 12,5% af |
| 26 " " | 20% af |
| 52 " " | 25% af |
| 2 plasings per maand * 6 | 10% af |
| 2 plasings per maand * 12 | 20 % af |
| 1 plasing per maand * 6 | 10% af |
| 1 plasing per maand * 12 | 15% af |

Tegniese besonderhede
Standaard poniegrootte (tabloid) van 39 cm diep by 26 cm wyd, 7 kolomme van 3,6 cm elk. (Nie dieselfde as redaksionele kopie nie.)

Spertye
Swart en wit: Laaste bespreking Maandag voor publikasie
Laaste materiaal Dinsdag voor publikasie
Kleur: Laaste bespreking Vrydag voor publikasie

Kansellasies: Op die laatste 12 uur middag, Dinsdag voor publikasie.

## LOOP SAAM MET ONS OP DIE WENPAD.




# Die melkkoei, demokrate en sportbase

DIT was nie die soort week waarin 'n man in Amerika 'n Demokraat moes wees of in Suid-Afrika 'n sportbaas nie. Die Engelse noem hom Murphy. Wat die boere hom kan noem is nog nie uitgespel nie, maar iets soos "Van" sal seker pas.

Dit is die ou wat alles wat kan verkeerd loop, laat verkeerd loop.

Noudat Dukakis, by wyse van spreke, die pot misgesit het, sal 'n ou maar moet sien of Bush gaan help om Suid-Afrika uit die bos te lei. Dit is egter 'n onderwerp vir 'n rubriek op 'n ander blad.

In Suid-Afrika het sportbase egter 'n week beleef wat hulle ook maar sal wil vergeet. Neem nou maar die dinamiese baas van Noord Transvaal-krieket, Willie Basson. Net 'n maand gelede was Willie nog vol vertroue dat sy span vanjaar minstens een beker Centurionpark toe gaan bring. Nou lyk dit asof die Blou Bul se stiefbroer vanjaar 'n melkkoei gaan wees vir ander spanne.

Vir die normaalweg flambojante Willie moet dit 'n moeilike pil wees om te sluk.

* Die voorbereiding vir die groot geveg in Kaapstad het ook agter geslote deure geskied.

In die een kamp was daar Dok "I'm the greatest" Craven en in die ander Fritz "Sting like a bee, float like a butterfly" Eloff.

Die verdedigende kampioen, Dok Craven, se helpers het laat weet hy veg vir Suid-Afrika. Die uitdager se helpers het ook laat weet hy veg vir Suid-Afrika.

Dit lyk asof Suid-Afrika in 'n tydperk van sportisolasie minstens hier seker kan wees van 'n oorwinning.

Ongelukkig is dit nie so nie.

* Verlede Vrydagaand het die Olimpiese sportgemeenskap afskeid geneem van Rudolf Opperman. Ná sewentien jaar in die woestyn het Oppies finaal besluit om die arena te verlaat.

Hulde is op 'n onthaal in Germiston gebring aan dié kort mannetjie wat vir so lank so moedig geveg het.

Oppies self het net een klagte gehad. Uit Afrikanergeledere is hy vele kere as 'n liberalis beskou en uit liberale kringe as 'n verstokte boer.

Die week oor 'n goeie Kaapse wyn by Pottie se eetplek kla Peter Hendrickse dat hy in die Arbiedersparty beskou word as 'n liberalis en 'n lid van die linkervleuel en in sy kiesafdeling as 'n "sell-out".

Dat Oppies en die linkervleuel van die Arbeidersparty iets in gemeen sou hê sou 'n man nooit kon raai nie.

Maar dan is Suid-Afrika "a very strange society", soos Allen Drury reeds jare gelede geskryf het.

Miskien deel die twee albei Paulus se frustrasie toe hy moedeloos uitgeroep het dat hy die goeie probeer, maar die kwade byl hom agterhaal.

Miskien kan 'n ander rubriekskrywer op 'n ander tyd eendag vir ons vertel wat 'n goeie Suid-Afrikaner nou werklik is.

* Snaaks hoe mense bymekaar verby kan praat. Dok Craven onderbreek dié week sy voorbereiding en laat weet uit Stellenbosch dat die regering Suid-Afrikaanse sport in die gemors laat beland het en dat die regering sal moet sorg dat die gemors regkom.

Sportminister FW de Klerk laat weet dat die regering van plan is om sport by te staan om op aggressiewe wyse uit die greep van sportisolasie te breek.

Oppervlakkig is die minister en die Dok geesgenote.

Geesgenote? Seker nie regtig nie.

* Suid-Afrika se nuwe Olimpiese baas is stoeibaas Johan du Plessis. Hy het verlede Saterdag Dennis McIldowie in 'n stemming verslaan om die mantel wat Rudolf Opperman neergelê het, nou op te tel.

McIldowie, 'n skoonseun van Genl. Smuts, is die laaste van die klassieke kolonialers. 'n Mens het sy nederlaag met 'n tikkie nostalgie gade geslaan.

Die Olimpiese Komitee is egter nou reeds so lank in 'n vol Nelson deur die internasionale sportwêreld dat 'n stoeier seker die logiese keuse was.

# Mitchell is ons grootste kampioen

Carel Burger

HY is die junior liggewig-bokskampioen van die wêreld en die eerste Suid-Afrikaner wat sy wêreldtitel ses keer na mekaar suksesvol kon verdedig. Hy het verlede Woensdagaand in Londen finaal gewys dat hy Suid-Afrika se beste bokser ooit is.

Brian Mitchell, reeds twee keer Suid-Afrika se Sportman van die Jaar, gaan volgende jaar in April weer sy titel verdedig. Hy het gesê hy glo as hy sy titel tien keer suksesvol verdedig het, dit dan 'n goeie tyd sal wees om uit te tree.

Mitchell het die wêreldtitel op 27 September 1986 in die Superbowl by Sun City gewen toe hy Alfredo Layne van Panama in die tiende rondte van hul geveg met 'n tegniese uitklophou verslaan het.

Sedertdien het Mitchell vir hom 'n plek onder die heel beste wêreldkampioene losgeslaan. Hy het 'n fantastiese werktempo, 'n rotsvaste verdediging en is altyd superfiks.

Bokskenners glo dat Mitchell onoorwonne uit die kryt kan tree. Hy het tot dusver in sy loopbaan bitter min straf gekry.


Brian het in Kensington, Johannesburg grootgeword. As tjokkertjie het hy reeds baie met boks te doen gekry. Pa Brian was in die sestigerjare Suid-Afrikaanse kapokgewigkampioen.

Op Jeppe Prep het hy in atletiek uitgeblink en was veral 'n kranige naelloper. Hy was ook 'n goeie sokkerspeler. Hy het op nege jaar begin boks, maar het op skool nooit juis boks emstig opgeneem nie.

Maar toe is hy Weermag toe. En so tussen die voetestamp en wagstanery deur het Brian Mitchell man geword. Vir die eerste keer het hy werklik hard begin oefen.

Hy het as amateur ongeveer 'n honderd keer deur die toue geklim en sowat negentig van hierdie gevegte gewen.

Hy het in 1981 op 19 jaar beroepsbokser geword. Met Willie Toweel as afrigter het hy sy eerste geveg teen Joseph Monoane met punte gewen. Ironies het Mitchell nooit in Suid-Afrika die erkenning gekry wat hom toegekom het nie.


Brian Mitchell: Uiters professioneel

Hy moes in townships sy geld in die kryt verdien en was meer bekend onder swart boksgeesdriftiges. Selfs nadat hy Suid-Afrikaanse kampioen geword het, het hy nooit in 'n hoofgeveg in Suid-Afrika opgetree nie.

Van sy 38 gevegte het hy net een verloor - teen 'n man wie se naam nog baie in sy loopbaan sou opduik - Jacob "Dancing Shoes" Morake. Ná sy nederlaag teen Morake, wen Brian die volgende drie kragmetings.

Die laaste tragiese geveg in 1986 by Sun City toe Morake ná die tyd aan kopbeserings sterf, is oorbekend.

Met sy goeie vriend/bestuurder, Carlos Jacomo, agter hom, is Brian altyd uiters toegewyd en uiters professioneel.

## Perdewedrenne

# Alle oë op Scottsville - en die R200 000

Equus

DIE oë van alle wedrengeesdriftiges sal dié naweek gevestig wees op Scottsville, die gewilde buitebaan naby Pietermaritzburg waar die SA Invitation Stakes oor 1600 meter met 'n prysgeld van R200 000 afgehandel word.

Verskeie top-driejariges is onder die 12 deelnemers wat vir die wedren ingeskryf is en 'n kwaai stryd kan hier verwag word.

Wedders sal met meer as die gewone belangstelling na die Invitation Stakes kyk aangesien die wedren nog altyd 'n goeie maatstaf was vir jong kampioene wat dit nog ver kan bring.

Afgesien van TV-dekking, is die Invitation Stakes ook ingesluit by die plaaslike wedrenprogram op Gosforth Park.

Deelnemers wat hier uittroon is die hingsvullens Dawson Trail, Much Pleasure en Correspond, terwyl Turf Blazer, die enigste merrievul onder die deelnemers, oók goed kan vaar.

Dawson Trail behoort 'n goeie wenkans te hê aangesien hy reeds met verskeie van Saterdag se deelnemers afgereken het.

Onder hulle is ook die hoog aangeskrewe Much Pleasure, wat deur die kampioen Felix Coetzee gery word. Dié perd het egter al twee keer die knie voor Dawson Trail gebuig.

Die Transvaalse vroulike kampioenafrigter, Jean Heming, het twee stalmaats - Prince Henri en Chetak Express - ingeskryf. Eersgenoemde, wat deur Rhys van Wyk gery word, het moontlik die beste kans.

'n Opvallende afwesigheid in die wedren is die driejarige hingsvul Mr Hawaii, wat as jaarvul vir die rekordbedrag van R510 000 gekoop is. Die perd het aanvanklik op naellope gekonsentreer maar sal moontlik later oor langer afstande getoets word.

### Groot nuus

Groot nuus op die wedrenfront is die aankondiging dat vyf internasionale jokkies oor 'n paar weke hul slag aan die Rand kom wys. Hulle is John Reid, die veteraan Greyville Starkey, 49, Michael Kinane wat op 29 die jongeling in die span is maar reeds verskeie kere die jokkiekampioenskap in Ierland gewen het, en Bruce Raymond en Tony Ives.

Saam met hulle kom ook die eertydse SA kampioen Muis Roberts, wat reeds getoon het dat hy die beste Britse jokkies die loef kan afsteek. Roberts is juis Saterdag in die saal van Correspond wat op Scottsville in die Invitation Stakes hardloop.

Die besoekende jokkies sal moontlik ook in ander wedrensentrums deelneem. Dít kan 'n kwaai stryd tussen die besoekers en die plaaslike jokkies tot gevolg hê. Dit sal sekerlik 'n groot trekpleister wees vir wedrengangers soos drie jaar gelede gebeur het toe die laaste oorsese jokkies hier opgetree het.

Ná Woensdag se reuse uitbetaling van R798 155 aan een gelukkige wenner op die Kies Ses op Newmarket sal wedders na verwagting weer sakkevol geld op dié wedsoort verwed.

Dit lyk of daar miskien net op twee ankers pyl getrek kan word. Hulle is Blancmange, wat in die eerste been hardloop, en Opportunity Knocks in die laaste been.

Tussenin moet die bene maar gelaai word. In die tweede been lyk Silver Supreme na die een om te klop maar Spanish Painter en die belowende driejarige Space Mission moet ook bygevoeg word.

Cricket Season, in die derde been, is 'n perd wat mik na sy vierde oorwinning. Nadat hy laas slegs sowat drie lengtes agter Bucket Shop geëindig het, kan hy dit dalk regkry. Bold Battle wat na 'n driekuns mik en Gold Mission moet vir groter permutasie oorweeg word.

In die Executive Fashion Stakes is daar sestien deelnemers en verskeie van die merrievullens kan met die grootste deel van die prysgeld van R50 000 wegloop. Bo-aan my lys is Money Machine en Queensbury Bay, terwyl kanse ook gegun moet word aan Copper Tan, Queen of the Ice en Evening Mist.

In die voorlaaste been lyk dit na 'n tweestyd tussen Spanish Sting en Dakar. Laasgenoemde is dié keer beter af wat gewig betref en kan dalk die bordjies teen Spanish Sting verhang.

Kies Ses van R45:
Eerste been: 3
Tweede been: 7, 12, 13
Derde been: 3, 5, 14
Vierde been: 2, 4, 10, 11, 14
Vyfde been: 1, 5
Sesde been: 6

Vrye Weekblad

● Bl. 15 Lappe Laubscher se Sportrubriek.

● Bl. 15: Brian Mitchell — onbetwiste kampioen.



# DAVID FROST

# Ons nuwe superster

**Lappe Laubscher**

SUID-AFRIKA het weer 'n gholfster om in die voetspore van Bobby Locke en Gary Player te loop.

Dié week het David Frost finaal ontdooi toe hy sy tweede toernooi binne 'n maand in Amerika gewen het. Anders as Locke en Player was David nie as 'n jong speler dadelik uitgesonder vir sterstatus nie. Trouens, toe hy in 1981 beroepspeler geword het, was daar onder die kenners twyfel of hy hoegenaamd goed genoeg was om as beroepspeler in Suid-Afrika die mas op te kom.

Dié donkerkop Bolander het hom egter nie aan die wysneuse gesteur nie. Hy het reeds in sy eerste jaar as beroepspeler in suid-Afrika die Gordons Gin Classic by Sun City gewen.

Hierna het hy in Europa sy loopbaan voortgesit. In net sy tweede seisoen in Europa het hy onder die eerste tien op die Europese geldwennerslys geëindig. In 1984 het hy ook die Cannes Ope in Frankryk gewen.

Dieselfde jaar het hy besluit om sy loopbaan in Amerika voort te sit. Weer was die wysneuse vol twyfel. "Frostie is te kort van die bof," het hulle gesê.

Ander het beweer dat sy spelpatroon nooit in Amerika sou werk nie. "Hy moet in Europa bly, want daar kan hy minstens vir hom 'n goeie lewe uitkerf."

David het hom egter nie aan dié raad gesteur nie. In 1985, sy eerste jaar in Amerika, het hy R240 000 gewen en sewentigste op die verdienstelys geëindig. Die volgende jaar het hy byna R400 000 in sy sak gesteek en 46ste op die verdienstelys geëindig. Nog was daar mense wat skepties was teenoor Frostie se vermoë om werklik in 'n speler van internasionale gehalte te ontwikkel.

Verlede jaar het hy tweede gekom in die Hertz Bay Hill Classic, tweede in die Kanadese Ope en tweede in die Southern Ope. Hy het verder uit die 27 toernooie waarin hy in Amerika deelgeneem het, in nie minder nie as twaalf onder die eerste tien geëindig.

Aan die einde van die seisoen het hy met die beste tellinggemiddelde van 70,09 van alle spelers op die Amerikaanse reeks gespog.

Skielik is daar 'n ander deuntjie oor Frostie gesing. Sy totale verdienste vir die jaar van meer as sowat R1 000 000 het hom elfde op die verdienstelys geplaas en almal het besef dit sou net 'n kwessie van tyd wees voordat hy sy eerste toernooi wen.

Toe kom vanjaar. In nie minder nie as sewe toernooie het hy 'n tweede plek verower. Die wysneuse was weer daar met die doemstorie dat hy net nie die temperament het om 'n toernooi te wen nie. Dit was tot verlede maand. Hy het net na sy 29ste verjaardag sy eerste groot toernooi gewen en dié week het hy weer so gemaak.

Skielik begin Frost nou supersterstatus in Amerika kry. Hy is nou sesde op die Amerikaanse geldlys en het vanjaar reeds R1 300 000 gewen. Baie gholfkenners beskou hom nou as een van die vyf beste gholfspelers ter wêreld.

Slegte nuus vir Suid-Afrikaners is dat Frost vanjaar nie op die Sonskynreeks in aksie sal wees nie. Hy gaan wel in die Miljoendollartoernooi gedurende die tweede week van Desember by Sun City speel, maar daarna gaan hy sy stokke wegbêre.

"As ek in Suid-Afrika sou speel, sou die druk in Amerika net te groot op my word," het Frost dié week gesê. Hy woon tans in Dallas, Texas, en oorweeg dit om weens die politieke toestand aansoek te doen om Amerikaanse burgerskap.

"Met 'n Suid-Afrikaanse paspoort word jou wêreld as internasionale sportman baie klein. Mense moet dit nie sien as dislojaliteit teenoor Suid-Afrika nie. Ek is egter 'n beroepgholfspeler en moet dít doen wat my loopbaan kan bevorder," het hy gesê.

# SA boks heeltemal in die oerwoud

**Lappe Laubscher**

SUID-AFRIKA het nou heeltemal in die internasionale boksoerwoud verdwaal. Dit is al gevolgtrekking waartoe 'n mens kan kom nadat Regter HWO Klopper en Stan Christodolou verlede week onverwags opgedaag het by die stigting van die vierde internasionale beheerliggaam vir boks.

Tot voor die stigting van die Wêreldboksorganisasie (WBO) het internasionale boks reeds met die Wêreldboksvereniging (WBA), Wêreldboksraad (WBC) en die Internasionale Boksfederasie (IBF) gesit.

Elkeen van dié liggame wys hulle eie wêreldkampioene aan en stel hulle eie ranglyste op. Ons eie Brian Mitchell is tans wêreldkampioen van die WBA.

Carlos Jacomo, bestuurder en afrigter van Mitchell, was dié week erg ontsteld oor Suid-Afrika se vlerkslepery by die WBO.

"Die WBO is niks anders as 'n klomp ontevrede lede van die WBA nie. Die mense kon nie op die WBA se vergadering hul sin kry nie en toe dros hulle en stig net nóg 'n liggaam," het 'n omgekrapte Jacomo gebrom. "Hulle verteenwoordig plekkies soos Puerto Rico en Cypris. Tussen dié twee lande het hulle nie genoeg boksers om een toernooi aan te bied nie - wat nog te sê van 'n wêreldkampioen oplewer. Dit was egter insiggewend dat Cypris by die stigtingsvergadering van die WBO verteenwoordig is deur George Christodolou. Hy is 'n man wat nie onbekend is in Suid-Afrika nie," het Jacomo gesê.

As mens objektief na die saak probeer kyk, lyk dit asof Jacomo iets beet het. Nadat Suid-Afrika in 'n stadium baie invloed in die WBA gehad het, het hy begin om vlerk te sleep by die IBF. Dié vlerkslepery het op niks uitgeloop nie en nou lyk dit asof Suid-Afrika weer op 'n bokscul de sac is.

'n Mens sou verwag dat die Suid-Afrikaanse Boksbeheerraad sy invloed probeer terugwen by die WBA en minstens só sy wêreldkampioen, Brian Mitchell, ondersteun.

# Dis Vrystaaaaat vir Celtic!

**John Perlman**

VRYSTATERS - moenie hartseer wees nie - julle hoef nie elke week na 'n verloorspan te kyk nie.

Die Seiso Ramabodu-sokkerveld in die Rocklands-township is net sowat vyftien minute se ry van Bloemfontein. Gee Steve Strydom se vyftien moeë manne 'n welverdiende ruskans en gaan gooi 'n draai in Rocklands.

Want glo dit of nie, maar uit die dorre Vrystaatse landskap het 'n kampioenspan verrys - Bloemfontein "Magic Curl" Celtic.

Celtic is uitstekend geplaas om die Nasionale Sokkerliga se Castlebeker buit te maak. Hulle het vanjaar van die beste en opwindendste sokker in Suid-Afrika gespeel.

Celtic se bestuurder is Dave Roberts van Liverpool in Engeland. Hy sê Celtic is nie 'n eenman-span nie. Hulle het goed gevaar selfs wanneer hul sterre nie kon speel nie.

Celtic se rekord vanjaar vertel hul suksesverhaal. Hy het net drie uit 31 wedstryde verloor en minder doele (20) as enige ander span afgestaan.

In die voorste linie is die plaaslike ster Troy Saila en Cedric Nakhumwa van die voorste doelskoppers in die liga.

Al hierdie talent is uiteraard 'n geweldige aantrekkingskrag. Sowat 20 000 mense woon elke wedstryd van Celtic by.

Nogtans is Seiso Ramabodu 'n tipies-verwaarloosde townshipstadion met 'n enkele pawiljoen en karige geriewe. Celtic doen nie eens die moeite om die kleedkamers te gebruik nie.

Boonop is die oppervlak ongelyk en nie juis geskik vir eersteliga-sokker nie.

Celtic het geleer om hul by die omstandighede aan te pas, maar dit gebeur soms dat Roberts met verlangende oë in die rigting van die Bloemfonteinstadion kyk. Veral as groot spanne soos Kaizer Chiefs of Orlando Pirates teen Celtic speel is daar heeltemal te min plek.

Pogings om die Bloemfonteinstadion te huur was tot dusver vrugteloos. "Ek het gaan kyk toe Vrystaat teen Noord-Transvaal gespeel het. Daar was sowat 3 000 toeskouers.

"Ek het gesê hulle kon op die B-veld gespeel het en die hoofveld vir Celtic gehou het. Ten minste sou daar meer atmosfeer gewees het.

"Ons is een van die beste spanne in die liga en behoort geregtig te wees op die heel beste geriewe. Ongelukkig sien nie almal in Bloemfontein dit so nie. Almal praat van die afskaffing van apartheid, maar as mens nie geriewe kan deel nie, wat se sin is daar daarin?"

Behalwe dat daar dus geen kans vir topklas-sokker is om in Bloemfontein gespeel te word nie, word Celtic se tuiswedstryde ook nie op televisie uitgesaai nie.


Die SAUK is nie baie gewillig om sokker in die townships uit te saai nie. Vyf van die top agt spanne in die liga - Celtic, Sundowns, Pirates, Cosmos en Witbank Aces - speel hul tuiswestryde in die townships. Nie een hiervan is nog uitgesaai nie.

'n Handvol "wit" Bloemfonteiners woon alreeds elke wedstryd van Celtic by. Celtic se laaste wedstryd is 'n grote - teen Orlando Pirates. Dit kan die liga beslis.


Celtic se strydkreet is "Phunya Sele Sele", wat beteken "breek deur, Celtic". Niemand gaan egter die minste omgee vir 'n lekker lang, diep "VRYST-A-A-T" nie!

# JANA

## en 'n Quest for Love



- Stimela se hartpolitiek
- Kentridge se nagmerrie
- Fanie Olivier uit Levubu
- Afrikaans is Voëlvry
- Die Mark se leë sale



- Not the Midnight Mass - Bladsy 7

# VryDag!

BINNE
- Vermaaklikheidsgids
- Ete en drinke
- TV-gids

Bylaag tot Vrye Weekblad 11 November 1988

# Musiek-knipsels

Saamgeflans deur
Chris du Plessis

## Dis weer Harare of bars...

DIE veteraan musiek-paartjie Caiphus Semenya en sy vrou, Letta Mbulu, se nuwe musiekblyspel, Buwa, het verlede week in Harare begin.

Caiphus en Letta (drie dekades lank een van Miriam Makeba se beste vriendinne), het in die vyftigerjare saam met ander bekende Suid-Afrikaanse musikante soos Makeba en Hugh Masekela (hulle was ook twee jaar lank getroud) in self-ballingskap na Amerika verhuis.

Volgens Caiphus sal die stuk gehore terugvoer na die bloeityd van Suid-Afrikaanse musiek in die vyftigerjare - toe marabi- en mbaqanga-jazzgroepe soos die Manhatten Brothers en die Merry Blackbirds Orchestra se musiek die townships oorheers het.

Volgens Semenya wil die stuk die hedendaagse vlakheid van township-disko vergelyk met die genialiteit van ons land se jazz- en kwelakonings soos Lemmy "Special" Mabaso en Spokes "King Kwela" Mashiyane.



Hilton Schilder, die talentvolle spruit van die Kaapse jazz-veteraan Tony, probeer die sigarette van 'n mede-Genuines-lid met die dampe van gisteraand se knoffel-pizza aansteek. Die groep vertrek einde November vir 'n besoek van twee maande lank aan Duitsland ná 'n reeks vertonings in Kaapstad.
Die lang-verwagte Goema-langspeler, Mr Mac and the Genuines, met Mac Mckenzie junior (bas) en senior (banjo), wat deur Shifty Records opgeneem is, is nou beskikbaar.

## Jackson na Tokyo

AL 45 000 kaartjies vir Michael Jackson se Desember-konserte in Tokyo is binne een dag uitverkoop. Die uitgeteerde, waansinnige danser-sanger is nou besig met die tweede been van sy Amerikaanse toer. Intussen word Jackson se BAD nog steeds so gou opgeraap oorsee as pornografiese materiaal in ons eie landjie. Agt keer platinum in Engeland, vier keer platinum in Nieu Zeeland, vier keer in Italië, drie in Spanje en Switserland, twee in Australië, platinum in Portugal, Norweë en Denemarke, goud in Griekeland.



JACKSON

Intussentyd raak die Belge al hoe maller oor Thriller wat nou al daar op sewe keer platinum staan.


# ROCK

## (met een voet in die graf)

*DIE groepie verwinterde rockers wat in Harare was om naiewe politieke uitings oor ons grens te slinger, het nou finaal die Afrika-stof van hulle skoene afgevee. Ons sit nou magteloos en wag tot die volgende lot wêreld-redders hulle verskyning maak. Intussen het die afgeleefde ou Springsteen aansoek gedoen om Amnestie Internasionaal se toer Rusland toe te neem. Mag toestemming aan hom verleen word. En mag hy daar geloof vind. HalleLOOOJAH!

* Die onbetwiste leier van die onoffisiële IRKB (Internasionale Rock Klub vir Bejaardes), Mick Jagger, en sy groepie "slimey limeys" (die Rolling Stones) het hulle seksuele voorkeure blootgestel toe hulle onlangs in Brisbane, Australië tydens 'n verassings-optrede onder die naam "The Brothers of Sodom" op die verhoog verskyn het. Jagger begin nou haas uit truuks raak om aandag te trek. Al wat oorbly is om 'n staalvalhelm verkeerd om aan sy kop te laat vassweis. Of selfmoord. Dit sal ten minste na-doodse aandag verseker.

* Die duidelikste aanduiding tot dusver dat Bob Dylan se dae as popdigter getel is, was die verskyning van 'n onlangse advertensie in die Amerikaanse musiektydskrif Rolling Stone: For Sale - Bob Dylan's



WOOD van die Stones.

Childhood Home - Complete with original furnishings. Maar die ou grysaard wat net so bekend is vir spekskiet oor sy herkoms (laat mens wonder of dit wel sy eie huis is wat hy verkoop) het nietemin sy verkalkte bene bymekaar geskraap om drie optredes vir verdwaalde hippies in die Groot (vrot?) Appel se ou Radio City Music Hall te reël. Goeienag.

* Ja-nee! Glo dit as jul wil: SANTANA (onthou nog vir Carlos en sy "cronies"?) het onlangs 'n reünietoer begin met al dieselfde ou bokkies van weleer: Michael Shrieve, Gregg Rolie, Chepito Areas. Die toer dien as promosie vir Viva Santana, 'n digitaal-herverwerkte drie-plaat bundel van Santana-Classics oor die afgelope twintig jaar.

Die hygende huldeblyk aan die "goeie ou tye" gaan aan die einde van die jaar 'n draai maak in Latyns-Amerika (Carlos se ou "stomping ground") en vroeg volgende jaar na Japan en Europa.

## Crystal Globe vir Sade

SADE was onlangs die ontvanger van die Crystal Globe-toekenning. Dit gaan aan kunstenaars wat meer as 5 miljoen plate buite hulle eie land verkoop. Wat natuurlik moeiliker is vir iemand van Amerika of Engeland as iemand van sê Tasmanië. Of Afrika. Soos Sade. Kapisch?

# Die politiek van die hart

*STIMELA (trein) se 'Live' dubbellangspeler is pas vrygestel. Die groep se leier, Ray Phiri, sien die projek met sy broekskeurbegroting as 'n voorbeeld vir musikante wat nie ateljee-tyd kan bekostig nie. KAREL HERTZOG praat met die kitaar-genie wat die Graceland-saga én 'n ongeluk wat amper sy lewe gekos het, oorleef het.*

RAY PHIRI vryf sy een hand oor sy kortgeskeerde kop. "Swart musikante in Suid Afrika het hulle oorgegee aan siellose diskomusiek. Oorspronklikheid is daardeur vernietig," sê hy. "Ek voorspel dat die beste musikante in Suid Afrika in die volgende twee jaar wit sal wees.

"Te veel swart musikante word deur kommersiële wins aangespoor. Baie van die wit musikante laat nie toe dat hulle daardeur gedryf word nie. Omdat die groot maatskappye hulle dan verwerp, moet hulle harder werk vir erkenning. Hulle woede maak hulle meer kreatief as baie van hulle swart eweknieë wat gelok word deur vinnige geld."

Die lede van Stimela, wat mekaar al 15 jaar lank ken, se nuwe dubbellangspeler, Live, is pas deur Gallo GRC uitgereik. Hulle is tans besig met 'n landwye promosie-toer vir die plaat tot net voor Kersfees. Live is tydens hulle onlangse Warehouse-konserte oor ses dae opgeneem. Daar is uiteindelik drie uur se musiek uit 72 uur se bande vir die plaat opgeneem.

Die hele projek is deur Stimela self betaal. Binne die eerste week ná vrystelling is reeds 10 000 plate opgeraap.

Phiri voel dat Stimela daardeur bewys het wat gedoen kan word met 'n klein begroting as 'n mens net wil. Die hele projek het hulle slegs sowat R18 000 gekos teenoor die gewone R30 000 tot R40 000 wat hulle sou moes betaal vir die ateljeetyd. Met ateljeeopnames is die kans groter dat daar aan jou gedikteer gaan word. Maar as dit moet, kan mens sonder die ateljee klaarkom. Mens hoef nie jou kreatiwiteit uit te verkoop vir kommersiële wins nie, voel Phiri.

Hy dink ook dat die kulturele boikot 'n positiewe invloed op



Stimela se Ray Phiri in volle swang

Suid Afrikaanse musiek kan hê. In die eerste plek sorg dit dat Suid-Afrikaners se werk nie voor hul neuse weggesteel gaan word nie (soos in die kontroversiële Maclaren/Duck Rock-insident - red). En dit sal Suid Afrikaans musikante forseer om inspirasie op tuisgrond te soek en hulle nader aan mekaar bring. Op dié manier kan isolasie ons tot voordeel strek.

"Dit is juis die Amerikaanse invloed wat besig is om ons musiek te vernietig," sê Phiri.

Byna 'n jaar na sy amper-noodlottige ongeluk met Stimela se "Unfinished Story"-toer verlede jaar, lyk Phiri fikser as ooit. Hy loop nou nog rond met nege staalpenne en 'n chroomplaat in sy lyf. Dokters het gedink hy sal nooit weer kan sing nie. Maar, sê Phiri:

"Die tyd in die hospitaal het my net geestelik sterker gamaak."

Soos baie ander kontemporêre Suid Afrikaanse kunstenaars wat vasgevang is in die middel van die huidige politieke strominge, sukkel hy om sy individualiteit te behou. Aan die een kant moet mens gedurig diplomaties wees as mens die regering wil kritiseer en aan die ander kant word kreativiteit beïnvloed deur die gedurige druk om politieke komentaar te lewer.

"Ek probeer só skryf dat ek myself nie bind aan enige politieke party of organisasie nie. Om terselfdertyd polities en a-polities te wees," sê hy.

Hy voel dat sy politieke verantwoordelikheid eerder daarin lê om selfbewussyn by mense te bevorder. Mense moet eers hulleself ken, bewus wees van hulle eie probleme, voordat hulle die fout by ander mense gaan soek. "Ek predik die politiek van die Hart," sê hy.

Phiri voel ook mense moet die positiewe kant van 'n situasie raaksien. Begin om hulleself te help. Stimela se doel is om mense deur middel van hulle musiek bewus te maak hiervan. Hulle word die groep van "the people" genoem. Baie van hulle lirieke word in township-flytaal gesing - die taal wat op straat gepraat word. 'n "Taal wat almal kan verstaan" en wat hopelik binnekort volgens Phiri universeel deur Suid Afrikaners aanvaar en verstaan sal word.

# Leë sale sorg vir krisis by die Mark

Elsabé Wessels

DIE Mark Teater is in 'n krisis. Mannie Manim, besturende direkteur van die Mark Teatergeselskap wil egter nie die woord krisis gebruik nie. Daarvoor is hy te veel van 'n optimis.

Maar Manim erken: "Ons kan nie langer bekostig om in leë sale te speel nie."

Manim verkies om die krisis as 'n "uitdaging" te sien. En die uitdaging is om 'n nuwe lewenskragtigheid aan die Mark Teater te gee deur sterk klem op "kwaliteit" te plaas.

In die 12 jaar van die Mark se bestaan het Manim en sy vennoot Barney Simon, artistieke direkteur van die Mark Teater-geselskap, dié teatersentrum as die brandpunt van egte Suid-Afrikaanse teater gevestig. Talle opvoerings wat hier die lig gesien het, het in die buiteland nuwe belangstelling in Suid-Afrikaanse teater gaande gemaak.

> **'Ons sal voortgaan om werk uit eie bodem aan te moedig, maar ons sal strenger met die keuring te werk gaan.'**

Die jare toe opvoerings soos Woza Albert, Asimanali, Saturday Night at the Palace en Serafina hier en in die buiteland ongekende sukses behaal het, beskryf Manim as die "vet jare".

Maar die vet jare is verby. "Ons wittebrood toe ons baanbrekerswerk gedoen het deur protesteater aan gemengde gehore in ordentlike teaters aan Suid-Afrikaners voor te stel, is verby."

Die Mark-Teater was die pionier van "teater deur almal, met almal, vir almal. Local was lekker. Maar vandag het die meeste teatergeselskappe deur die rasseskeidslyn gebreek," sê Manim.

"Op die oomblik staar ons 'n veel groter uitdaging in die gesig." Dit het tyd geword om 'n "veranderende Suid-Afrika" aan te spreek.

Dit het nodig geword, want die Mark Teater het die laaste paar maande nie so goed gevaar soos Manim gehoop het nie. Verskeie opvoerings het deurgaans sleg by die loket gevaar en die laaste twee weke is twee stukke, Hotel Polana en Flight, vroeg van die planke gehaal.

Vir die mislukkings noem hy vele redes. Die swak ekonomie is een rede. Teatergangers dink deesdae twee keer voordat hulle geld uithaal vir vermaak.

"Die mense wil verseker wees dat dit die moeite werd gaan wees," sê Manim. Hy weet hoe moeilik dit is want die afgelope tyd het dit al hoe moeiliker geword om sale te vul.

Ook uit die townships het minder toeskouers gekom weens die streng noodmaatreëls wat toegepas word. Manim haal Simon aan: "Dit lyk asof blankes bedruk en swartmense onderdruk is."

Maar Manim staar nie teen buitefaktore vas nie. Hy is selfkrities en het die rede in eie boesem gaan soek.

Die antwoord, het hy besluit, lê in die afwesigheid van teater van goeie kwaliteit. Dit beteken nie 'n teruggryp na kommersiële teater nie of dat hy hom minder verbonde voel om eg Suid-Afrikaanse teater aan te moedig nie.

Inteendeel glo hy dat goeie teater ook kommersiële teater moet wees en dat al die bestanddele in die regte maat gehore sal teruglok.


Kritiek dat te veel swak protesteater verhore verdryf het, is 'n vereenvoudigde siening, glo Manim.

Dit is juis protesteater, soos gedramatiseer deur Athol Fugard en uitgebeeld in opvoerings soos Woza Albert, wat die adrenalien in plaaslike teater laat klop het.

Tog erken Manim dat die toneelstukke van die afgelope jaar nie van dieselfde kwaliteit was nie.

"Ek dink nie ons het die regte toneelstukke gekies nie. Ons sal voortgaan om werk uit eie bodem aan te moedig, maar ons sal strenger met die keuring te werk gaan."

Verder sê Manim: "Ons uitdaging nou is om die uitbeelding van die kompleksiteit van die Suid-Afrikaanse gemeenskap en die land se politieke problematiek hernieude trefkrag in die teater te gee."



Mannie Manim



# Afrikaans uiteindelik Voëlvry

**DIT het begin met André Letoit en Johannes Kerkorrel se Boere-blues in die ou Black Sun en ontplof in 'n onvoorsiene orgie van Afrikanargie (Afrikaner-anargie) met die Eerste Alternatiewe Afrikaanse Rock Konsert vroeër vanjaar.**

**Daarna is dit deur Kruik in die vorm van Piekniek by Dingaan (eers Kinders van Verwoerd) verbied nadat dit Grahamstad op hol gehad en die Pick of the Fringe-Toekenning ontvang het.**

**Dit wat al soveel keer neerbuigend/neerhalend as die stem van die sogenaamde "nuwe/alternatiewe/verligte" Afrikaner beskryf is, word deur Kerkorrel self gesien as plein ou rock 'n roll met Afrikaanse lirieke.**

**Wat(ever) dit ook al mag wees, dit is nou deur Shifty Records op viniel met Voëlvry vasgevang. KAREL HERTZOG luister en spuug sy opinies daaroor uit.**

VOëLVRY (Shifty Records). Shifty Records se samestelling van nuwe Afrikaanse musiek wat later vandeesmaand uitgereik word, is gerusstellend. Soliede bewys dat daar meer is aan Afrikaanse musiek as "Al Die Eksamens is Nou Klaar."

Al nege bydraers (groepe en solo-kunstenaars) se oorspronklike Afrikaanse lirieke kom soos 'n kus op oorlogsmoeë ore, hoewel dit oor voorstedelike angs, bomme, seks en die Botha's handel.

Die Gereformeerde Blues Band se nuwe kortspeler met Ry en die gewilde ballade Hillbrow is ook vir die langspeler opgeneem. Kerkorrel op klawerborde, Piet Pers (van Die Kêrels-faam) op baskitaar, Meneer Volume op kitaar, en Hanepoot van Tonder (van die gewese, hoogs jive-bare Winston's Jive Mix-up) op dromme en tromboon, sorg vir veelseggende lirieke op 'n stewige onderbou van klassieke rock and roll.

Dit is musiek soos hierdie wat gesorg het dat die GBB nou kan bek rek in belangrike musiekgeselskap.

Khaki Monitor se Warrelwind kon eerder vervang geword het deur 'n ou gunsteling soos Vrek. Die beswaar teen Warrelwind is dat die lirieke nie altyd duidelik hoorbaar is nie en dit was altyd een van die groep se sterk punte. Nietemin, die musiek self is 'n plesier en dit maak mens spyt dat die groep uiteengespat het voordat meer van hul musiek op viniel vasgelê kon word.

Bernoldus Niemand se klassieke Snor City trek die hoofstad aan die moestas rond. Musikaalgewys is dit een van die hoogtepunte op die langspeler. Hy het natuurlik geen bekendstelling nodig nie.

Twee lekker danssnitte deur die ghoeroe's van goema, The Genuines, is 'n welkome insluiting. 'n Bonus is die voorste eksponent van goema-banjo, Mr Mac, se optrede op albei liedjies.

Die eksistensiële Hoëveldtroebadoer, Andre Letoit, verras aangenaam met die musikaliteit op Boer in Beton omdat hy nooit eintlik bekend gestaan het as die persoon wat die meeste kitaardrukke in Suid-Afrika ken nie. Maar sy lirieke is soos altyd van hoogstaande gehalte.

Minder verfrissend is Randy Rambo en die Rough Riders se Jong Dames Dinamiek en Koos se Sing jy van Bomme.

Eersgenoemde begin belowend, maar die monotoon sintiseerder en oor-oulike lirieke verloor sy dinamiek. Koos se Germaanse Gotiek is so vol hol-oogkas angst dat mens wil ontplof. Hul ander snit, Cowboy, is meer aanvaarbaar. Dit klink soos 'n elektroniese Ry Cooder met 'n ligte babelaas. As daar ooit 'n film gemaak sou word met die titel Parys Vrystaat sou hierdie een die temalied kon wees.

Die oorblywende twee snitte laat 'n mens 'n sug van verligting slaak. Pieter van der Lugt se Voëlvry is primapop met saamsing lirieke en 'n vashak-wysie. Shifty kan gerus oorweeg om dit as kortspeler uit te reik.

Slang van Die Kêrels laat mens lippe aflek vir hul Shifty langspeler, Ek sê, wat binnekort verskyn. Dit is die driestuks se potjiekospop op sy beste. Ongelukkig is hulle ook nie meer in die formaat met ons nie.

Shifty verdien 'n klop op die skouer vir die professionele produksie. Dit sal slegs 'n dom ding wees om dié stukkie Afrikaanse geskiedenis nie aan te skaf nie. Vratte en al is die plaat 'n moet!



Bernoldus Niemand

# Saam met John Savage in die Caprivi

**Die bekende Amerikaanse rolprentakteur John Savage het Suider-Afrika onlangs besoek om 'n rolprent te skiet. Die Johannesburgse akteur/skrywer James Whyle beskryf sy ondervindinge saam met Savage tydens die verfilming.**



John Savage en sy seun Lochlan.

MY agent bel en sê ek het die werk. Goeie geld en een kort toneel met John Savage.

"Wie is John Savage?" vra ek.

"Ek dink hy het Hair en Coming Home gedoen," sê die agent.

"Waar skiet ons?"

"Swakopmund."

'n Paar weke later word 'n vliegkaartjie na Tsumeb afgelewer.

Ek vra my vrou daaroor uit.

"Tsumeb is in Namibia. Daar is 'n kopermyn. Dis seker vir jou fliek."

"Nee," sê ek. "Dis in Swakop."

Ek was verkeerd.

***

Ek vlieg saam met Sam Barnard, 'n Afrikaner wat die rol van 'n Suid Afrikaanse weermagoffisier vertolk, oor Botswana na Mpacha, 'n weermagbasis in Oos-Caprivi wat deur klein handelsvliegtuie gebruik word.

Ons klim af en sien twee yslike bruin trokke met sinistere uitsteeksels wat in 'n oop skuur staan. Sam vra die wag daaroor uit.

"Kan ons kyk," sê Sam.

"Nee," sê die wag.

"Dis brandweerwaens - hoekom kan ons nie daarna kyk nie? Ons sal mos nie na Fidel toe gaan en sê: Haai! die Suid Afrikaners het brandweerwaens in Mpacha nie."

"Watter soort mens is Savage?" vra ek vir Sam.

"Hy is 'n gentleman."

Ek word aan Savage voorgestel terwyl ek onder protes deur die grimeerafdeling geverf word - pikswart. Die weermag help met die rolprent en 'n dame, majoor Grace Greyling, staan by om seker te maak dat alles vlot verloop.

"Jy sal nie in hierdie rolprent herken word nie," sê die grimeerder oorvriendelik.

Ek konsentreer op Savage.

"Jy onthou die reël waar jy my uitvra oor die Boesmans en ek sê: 'Ons besit hulle nie, ons gebruik hulle net af en toe?'"

"Yeah?" sê Savage.

"Ek wil eerder sê: 'Ek het twee Boesmans gehad. Maar ek het die een geskiet omdat hy gedrink het.'"

"Hulle sal jou nie toelaat om dit te sê nie," sê die grimeermeisie.

"Yeah, I like that," sê Savage. "I heard a guy at breakfast talking exactly like that."

"Majoor Greyling sal nie daarvan hou nie," sê die grimeerdame.

"Kom ons probeer dit in elk geval. Het jy die draaiboek?," sê Savage.

Nadat ons die toneel 'n paar keer hersien het, vra ek hom uit oor Coming Home.

"No, that was John Voight," sê Savage. Hy word blykbaar gereeld vir Voight aangesien.

Ons bespreek die nuwe dialoog met die regisseur, Thomas Clegg. Die toneeltjie speel langs 'n helikopter af. Die Suid Afrikaanse Weermag het kort tevore 'n Swapo-basis uitgewis en ons wag om opgelaai te word. Savage se karakter gesels met een van die verkenners (ek) oor 'n oorlogskorrespondent/vriend wat spoorloos saam met die Boesmans verdwyn het.

Die oorlogstonele is ingesluit om plaaslike kleur aan die begin van die film te verleen. Die hooftema gaan oor 'n meisie en die verlore joernalis en mal Nazi-wetenskaplikes.

Die regisseur laat ons teen die helikopter leun. Ons is omring deur dienspligtiges wat as ekstras gebruik word. Die helfte van hulle is swart en die ander helfte wit. Maar dit kan mens nie sien nie want Majoor Greyling het gesorg dat almal ewe swart is.

Daar word op Savage ingezoom. Die hare-afdeling en die kontinuiteitsafdeling kibbel vir 'n wyle oor sy kuif.

Dan moet ek my reël sê. Majoor Greyling protesteer onmiddellik oor die dialoog oor die Boesmans.

"Dis 'n grap," verduidelik die regisseur, voor hy na my draai en sê: "Doen dit bietjie ligter."

"Maar dit is hoe Suid Afrikaners is," sê ek.

'n Koor van ongenoeë druis op uit die geledere van die akteurs en die filmspan.

"You got them this time," sê Savage vir my.

***

In die kroeg van die Meteor-hotel in Grootfontein sing 'n man en sy motorbestuurder Shosoloza! Die man het 'n goeie stem. Savage is mal oor die deuntjie.

Fred, die hotelbestuurder, en PG du Plessis, wat by die landbouskou op Grootfontein optree, sit by een van die tafels. Ek bied biltong aan en kry 'n Texan Plain by PG voordat ek uitvind dat hy PG is.

Die partytjie verskuif geleidelik na die biljart-kamer. Fred se aksent begin al hoe meer Amerikaans word - eerder 'n mengsel tussen 'n Rhodesiese vlootaksent en Haïties-Amerikaans.

Ons gaan na 'n braaivleis by 'n huis waar lede van die rolprentspan bly.

Daar word baie whisky gedrink en 'n bietjie dagga gerook. Die mense het uiteenlopende seksuele voorkeure. Blikkies, 'n luitenant in die staande mag, is salig onbewus van die nuanses.

Ek vlug na die landbouskou waar die militêre teenwoordigheid oorweldigend is. Ek steier terug na die Meteor-hotel en bestel 'n bier in die verlate kroeg. Iemand sing nog steeds Shosoloza en ek volg die klank.

'n Partytjie is nog steeds in 'n ander kroeg aan die gang. Savage se chauffeur het die hele kroeg soos 'n simfonie-orkes georganiseer. Almal sing in perfekte besope harmonie. Hy is die "star van die bar". Ek stel voor dat Savage vir die hele geselskap 'n tequila bestel.

"What the heck," sê Savage.

"Cheersh," sê ek. "Op fliekmaak in Grootfontein."

Die tequila kap almal flou - ook die entoesiastiese "hip" meisie wat sê sy verkoop stofsuiers in Kaapstad.

Later bevind ek my sonder 'n valhelm agter op Fred se motorfiets in die township op soek na 'n partytjie.

Fred is totaal ver-Amerikaans.

"Hey, weet enige van julle waar daar 'n paartie is," skreeu hy vir die verwarde inwoners. "Ons is van Amerika."

# Kentridge se reis deur nagmerrie-landskap



Een van Kentridge se werke.

**Deur Johan Bruwer**

WILLIAM KENTRIDGE se reeks beklemmende "landskappe" in die Cassirer-kunssaal (Mutual Square 13, Rosebank, Johannesburg) laat mens voel jy reis deur 'n nagmerrie.

Die ergste is dat dié nagmerrie 'n alledaagse werklikheid is - dis maar net die woeste wêreld wat jy deur die venster sien as jy met die trein deur die Oosrand ry: natuur en nywerheidsgebied roeterig verstrengel: Afrika verkrag deur verbruikerskultuur.

In Kentridge se groot houtskool- en pastelsketse is daar geen mens in die geplunderde landskappe nie: die verkragters het vertrek en net 'n reuse rommelhoop agtergelaat. In brokstukke yl grasveld groei doringdraadbosse wild en enkele verskrompelde bome word verdring deur die geraamtes van staal- en betonkonstruksies.

Die kleurgebruik onderstreep die ongenaakbaarheid van dié nywerheidswêreld; swart, koue wit, metaalgrys, met net spatsels kleur op 'n advertensiebord hier en daar. Die ruimtes is onrustig: met die eerste oogopslag lyk dit of die landskappe lewensgetrou weergegee is, maar die ekspressiewe lyngebruik skep 'n dubbelsinnige perspektief wat die verhouding tusssen groot en klein, voorgrond en agtergrond subtiel verwring en aan die werke 'n droomagtige element gee.

Die sketse beeld chaos uit, maar behou self komposisionele struktuur deur die skerp ritme van vertikale en horisontale lyne van die verlate steiers en staalgeraamtes in die veld. (Die droomagtige ruimtehantering herinner nogal aan die 18de-eeuse Italiaanse etskunstenaar Piranesi se reeks uitbeeldings van die spookagtige ruïnes van gevangenisse, Carceri.)

Die intiemste voorwerpe in dié ashoop-landskappe is messe, vurke, lepels, surrealisties groot uitgebeeld, en 'n herhalende tema in die komposisies - 'n verwysing na die persoonlike konsumpsie van die enkeling, die basiese dryfveer van die kapitalistiese kultuur. 'n Ironiese kommentaar op die kwaliteit van die lewe in dié meganiese verbruikerskultuur is die wrakstukke van swembaddens wat tussen die rommelhope lê soos poele brak, besoedelde water wat onmoontlik in dié woesteny lafenis kan bied.

In sy satiriese kommentaar op die burgery het Kentridge al dikwels 'n siniese toonaard getoon, maar in dié mensverlate landskappe is daar 'n weemoedige aanslag, 'n verwysing na 'n verlore paradys.

Minder geslaag is die drie sifdrukke in die styl van politieke plakkate: Art in a State of Hope, Art in a State of Grace, en Art in a State of Siege. Die aanslag is te klinies-intellektueel en die dekoratiewe hantering ontneem selfs die monsteragtige figuur met sy bekleding van hangende lyke van sy emosionele trefkrag.

# JANA

## 'Vir die eerste keer is ek bereid om myself by die diep kant in te gooi'

**Die rolprent Quest For Love met Jana Cilliers en Sandra Prinsloo het gisteraand in Johannesburg by sekere Metro-teaters begin draai. Jana is vir haar vertolking genomineer as beste aktrise vir die 1988 AA Life/M-Net Vita-toekennings. Sy gesels met CHRIS DU PLESSIS oor die prent en 'n paar ander wendings in haar lewe.**



Jana Cilliers saam met Wayne Bowman in Quest for Love.

JANA CILLIERS is 38. En haar lewe is besig om te verander. "Vir die eerste keer," sê sy, "is ek bereid om myself by die diep kant in te gooi."

Die skugterheid wat sy aan haarself toeskryf en wat 'n regisseur van haar laat sê het: "You have an on-stage quality that makes you look like you're making a beeline for the wings", is besig om te verdwyn voor 'n nuwe selfvertroue.

Sy skryf die geïnhibeerdheid wat sy nou afskud, aan haar tradisionele Afrikaanse agtergrond toe. "Ons is nie geleer om vir onsself te dink nie. Mense wat beskermd grootgemaak is se vermoë om teleurstellings te konfronteer, is swak. En die vrees vir teleurstelling belemmer jou groei as kunstenaar."

Sy plaas dié stelling in die konteks van haar beroep.

"Om teen jouself te speel, om 'n rol te aanvaar wat nie regtig jy is nie, is altyd stimulerend. Dit is 'n akteur se grootste uitdaging."

Haar rolle in Frankie en Johnnie (waarin sy saam met Bill Flynn in 'n sogenaamde naak-toneel verskyn) en Quest for Love (wat oor die liefde tussen vroue handel) toon dat sy sulke uitdagings aanvaar. Voorheen sou sy gehuiwer het om dit te doen.

Van Frankie sê sy: "As jy my nou rêrig in 'n rol wil sien waar ek nie is wat ek werklik is nie, moet jy dié stuk sien."

Sy kon nie met Alex(andria), die karakter wat sy in Quest vertolk, identifiseer nie. "Sy - Alex - is 'n joernalis, 'n intellektuele denker wat haar persoonlike konflikte op sosiale en politieke kwessies projekteer."

Inteendeel, Jana is 'n praktiese mens. "Ek is op my gelukkigste as ek met my hande kan werk. Ek moes ek eerder 'n stelbouer of so-iets gewees het ... en ek het nog altyd weggeskram van 'n politieke en sosiale vaandelswaaiery. Ek was instinktief gekant teen -ismes nog voordat ek verstaan het wat dit regtig is."

Hoewel sy nie Alex se "wêreld van woorde" deel nie, is sy wel analities van aard. Dit is 'n kwaliteit wat spruit uit haar Calvinistiese agtergrond en wat haar werk as aktrise beperk.

"Akteurs moet nie te veel dink nie. Dit belemmer inisiatief en spontaniteit, wat die basis is van die skeppende proses. Ek dink te veel. Maar ek dwing myself om dit al hoe minder te doen..." Haar gedagtes is vir 'n ruk iewers anders.

Quest was ook 'n praktiese uitdaging. Daar is vyf weke lank aan die rolprent geskiet. Een week moes oorgeskiet word omdat die kameraspan verander het, en nog 'n week se film het op die redigeerder se vloer beland. Gehore sien dus in werklikheid slegs drie weke se kamerawerk.

Hulle het 18 uur 'n dag, sewe dae 'n week gewerk. Verder is Sandra Prinsloo en Jana se rolle ter elfder ure omgeruil.

Buiten die prent se irriterende gebrek aan dringendheid, was die produksieprobleme volgens my ook duidelik merkbaar. Jana het egter groot lof vir Helena Nogueira, wat hier die eerste keer regisseur is.

Die feit dat sy nie maklik met haar nuwe karakter kon identifiseer nie, is ook deur die rolprentmedium vergroot.

"Dit is moeiliker om 'n karakter wat van jou eie persoonlikheid verskil op die silwerdoek te projekteer. Die kamera is te lief vir jou oë en gesigsuitdrukkings. Op die verhoog is dit makliker om dit weg te steek."

Dit was eerder die konsep van 'n liefdesdrama tussen vroue wat teen 'n Derde Wêreld-agtergrond geskets word wat die projek vir haar aantreklik gemaak het.

Jana se karakter, Alex, het romantiese illusies oor 'n beter wêreld, en veg op politieke vlak om haar ideale te bereik.

Die prent wat op Gertrude Stein se boek Q.E.D. gebaseer is, is reeds deur die media as 'n "gay" film gebrandmerk.

Sandra Prinsloo se karakter, Dorothy, 'n marine-bioloog, is 'n praktiese mens wat haar bepaal by aardse probleme. Sy wil hê Alex moet haar tot 'n verhouding verbind, maar Alex kan nie die verantwoordelikheid aanvaar nie omdat sy bang is vir die werklikheid.

"Dieselfde emosionele strominge vind plaas in heteroseksuele verhoudings," verduidelik Jana. "Die prent spreek die kwessie van "commitments" in die algemeen aan."

Mense het vooropgestelde idees het oor die sosiale rolle van mans en vrouens. Tradisioneel word daar in rolprente wat heteroseksuele verhoudings uitbeeld eerder op hierdie rolle, die karakters se sosiale "personas" as op die werklike dinamiek van verhoudings gekonsentreer.

In die geval van twee vrouens is hierdie komplikasies afwesig. "Dit is meer suiwer. Die prent handel oor basiese, algemene menslike konflikte. En daarmee het ek wel tuis gevoel."

Haar gedagtes dwaal weer: "Ek hou van mans. Op skool was die meeste van my vriende mans. Ek het onlangs eers begin om die waarde van vroue-vriendskappe raak te sien."

Ek vra haar of dit toegeskryf kan word aan die ou probleem onder aantreklike mense, veral vrouens: Die kompetisie-faktor.

Sy antwoord deur vir Jung aan te haal: "Vrouens se kreatiwiteit lê in hulle manlike kwaliteite, soos mans se kreatiwiteit in die vroulike aspekte van hulle psiges gevind kan word. Ek het net my manlike aspekte goed ontwikkel."

Jana Cilliers is 'n lopende kondradiksie. (Sy sê sy is nie 'n kollektiewe mens nie, maar hou van geselskap. Sy sê sy het probleme om haar gedagtes uit te druk, maar kom duideliker oor as wat sy dink. Sy sê sy hou nie van praat nie, maar gesels sonder voorbehoud, ens.) Tog begin sy tuisvoel met die teenstellings.

Sy steur haar ook al hoe minder aan sosiale druk. Dit word al hoe makliker om tot 'n vergelyk te kom tussen dit wat sy is en dit wat van haar verwag word.

"Hoe meer ek 'n ontvanger word - stilstaan en toelaat dat die lewe dinge aan my voorstel - en minder van 'n aanbieder, hoe kalmer voel ek," sê sy.



**Nuwe Afrikaanse Musiek vir vandag**




- **Mr Mac & The Genuines**
  Tradisionele Kaapse Goema/Klopse musiek. Hulle word ondersteun deur veteraan banjo-speler Mr Mac.
  **Langspeler en Kassett R18**




- **Die Kêrels — Ek sê**
  Potjiekos pop van een van Jhb se meer energieke groepe. Nou historiese materiaal aangesien hulle reeds ontbind het.
  **Langspeler en Kassett R18**




- **Voëlvry**
  Al die beste nuwe Afrikaanse musiek op een plaat.
  **Langspeler en Kassett R18**




- **Gereformeerde Blues Band**
  Het 'n storm veroorsaak met "Pickniek by Dingaan" (eers bekend as "Kinders van Verwoerd") en tans in die proses om die plaaslike Afrikaanse musiekwêreld te domineer. Die kortspeler is 'n voorsmakie van die voornemende langspeler.
  **Kertspeler R6**

**Shifty Records Bestel Vorm**

Naam ______
Adres ______
______
Kode ______
Telefoon ______
Pos aan: P.O. Box 27513
Bertsham
2013

Stuur asb. die volgende:
1. ______
2. ______
3. ______
4. ______
5. ______
6. ______
7. ______

Ek sluit in R.............. Nota: Slegs tjeks en posorders wat aan Shifty Records uitgemaak is sal aanvaarbaar wees.





- **Koos**
  Muurmusiek in teenstelling met "kamermusiek". Kom met interessante bruin – papiersak verpakking en lae prys.
  **Kassett R10**

Ook Bestelbaar:—

- **André Letoit**
  Wel – bekende eksistensieële troebadoer,punk-skrywer, pizza-maker, hoender – rep... en liedskrywer.
  **Kassett R18**

- **Bernoldus Niemand**
  Enigmatiese blik op hoëveld Straat – kultuur. Styl wissel van kwasi – reggae tot dansvloer "Boogie".
  **Kassett R18**



# Die straf vir sy 'sonde' is die dood

**Johan Bruwer**

TWEE van die "drie verwante eenbedrywe" (almal met 'n gay tema) in Hennie Aucamp se "Sjampanje vir ontbyt" is ligte verstrooiing: stereotipe-moffies paradeer neuroties selfbewus in 'n verspotte narrespel voor die gehoor.

Die derde stuk, "Die Nagapie", is een van die kragtigste - en ontstellendste - eenbedrywe in Afrikaans.

Die tema is aktueel (lees maar die koerante). 'n Eensame middeljarige gay (Wynand) soek geselskap vir die nag en word in sy

**Sjampanje vir ontbyt: Drie verwante eenbedrywe deur Hennie Aucamp. Human & Rousseau, Kaapstad en Pretoria, 1988. R16,95**

keurige woning vermoor deur 'n psigopatiese manlike prostituut (Johny) wat hy in 'n kroeg ontmoet het.

Wanneer die "rent piece" van moord aangekla word, verskoon hy sy geweld as morele selfverdediging. Die kern-ironie is dat Johny homself as die eintlike slagoffer durf voorstel deur hom te beroep op die maatskaplike moraliteit - wat homoseksualiteit verwerp.

So sterk is die maatskaplike vooroordeel teen homoseksualiteit, dat Johny dit as voldoende verweer vir die moord beskou om te sê dat Wynand 'n vatterige gay was. Die vooroordeel waarop hy hom beroep, word onderstreep wanneer Wynand se vriende te skaam is om sy begrafnis by te woon. In die samelewing se oë het hy hom sy eie dood op die hals gehaal en Ou-Testamenties geboet vir die "sonde" van sy "perversie".

Die stuk bevraagteken die medemenslike waardes van die burgerlike moraliteit. Die sadistiese moordenaar Johny kan hom - soos Barabbas - beroep op die maatskaplike vooroordeel sonder dat die waarheid ter sprake kom. Maar die gay, as uitgeworpene, kan hom nie op die samelewing beroep wanneer hy fisiek bedreig word nie. Wanneer Wynand ontdek dat hy met 'n psigopaat te doene het, is hy te bang om die polisie op te bel: sy baas verafsku gays en die "skande" kan Wynand sy werk kos.

Dis egter nie net "straights" se gebrek aan begrip vir "gays" wat onder die loep kom nie. Aucamp se ironie word 'n tikkie bitter wanneer hy onderstreep dat die gay in sy uur van nood ook van die oppervlakkig gekunstelde gay subkultuur geen ware begrip of bystand te wagte kan wees nie. Wynand se gay vriend Daphne het geen meegevoel met sy vrees nie en weier om die nag by hom te waak.

Ook die slagoffer Wynand word krities bekyk - al is dit deur die geniepsige oë van Johny (die boeiendste karakter). Hy onthul, sadisties eerlik, die selfbedrog van die gay wat emosionele kontak - selfs "liefde" - soek by iemand met wie hy bloot 'n "deal" aangegaan het vir 'n nag se seks.

Vir Johny word die nagapie, wat op hom "skyt", die simbool van sy eie, onderdrukte anale erotiek. Hy ontken dié erotiek verwoed deur die apie dood te maak.

Vir die gehoor word die nagapie die simbool van 'n moffie, gevange in 'n hok van eensaamheid, wat vertroeteling begeer - maar met groot oë skrik wanneer die hande wat hom vashou, té ru word. (Sy elegante hok beskerm hom ook teen onaangename werklikhede.)

Die ander twee eenbedrywe boei ongelukkig minder. "Jakopregop" is 'n gestileerde "saterspel" met 'n geforseerde simboliek (twee ou gays se ervaring van lyflike genot word verdoof, nie net deur hul jare nie maar ook deur hul liefdelose venyn en gefrustreerde jaloesie).

Die situasie is te klugtig om meer as ligweg te amuseer.

"Sjampanje vir ontbyt" is meer realisties ingeklee - maar daar's te veel karakters en gesigspunte, sodat niks of niemand deeglik belig word nie.

Die gays bly karikature met wie die gehoor - buiten in tonele twee en sewe - min menslike kontak kry. Die teatraal oppervlakkige karakters neig om die samelewing se geëikte beeld van "moffies" reaksionêr te bevestig, eerder as om 'n bevrydende begrip van die gay as mens te bring.

# Geskiedenis vir die gewone mens

**Albert Grundlingh**

DIE publikasies van Edgar en La Hausse is die eerste in 'n nuwe reeks van die History Workshop van die Universiteit van die Witwatersrand, wat vars vertolkings van die Suid-Afrikaanse verlede aan die breë publiek bekend stel.

Dit gebeur dikwels dat akademiese kennis nie veel verder as die universiteitsmure strek nie, maar die History Workshop is nou al ruim tien jaar besig om deur 'n verskeidenheid aanbiedings en publikasies akademiese kennis wyer bekend te stel.

Die boeke van sowel Edgar as La Hausse is verdere verbeeldingryke en lofwaardige pogings in dié rigting, en is suksesvolle voorbeelde van hoe akademiese werk op 'n gepopulariseerde wyse aangebied kan word.

Edgar en La Hausse het albei nagraadse kwalifikasies verwerf met hulle navorsing - onderskeidelik oor die Bulhoek-slagting en die veranderende politieke en sosiale funksie van drankvoorsiening aan swartes.

Edgar se werk handel oor die omstandighede wat daartoe gelei het dat 183 lede van 'n godsdienstige sekte, die Israeliete, by


**Because they chose the plan of God (The story of the Bulhoek massacre) deur Robert Edgar, R4.50; Brewers, Beerhalls and Boycotts (A history of liquor in South Africa) deur Paul la Hausse, R5.50; Write your own history deur Leslie Witz, R11.95. Eerste twee van Ravan Press, en Write your own history van Ravan en Sached, Johannesburg 1988.**

Bulhoek naby Queenstown in Mei 1921 deur die polisie geskiet is.

Op 'n empatiese wyse onthul hy hoe die Israeliete te midde van 'n toenemende gebrek aan grond en gepaardgaande armoede hulle vertroosting en verlossing in dramatiese godsdienstige denkbeelde gesoek het. Indien daar nie vir swartes plek op aarde was nie, is geredeneer, sou daar sekerlik in die hiernamaals vir hulle voorsiening gemaak word.

Die slagting het plaasgevind toe die Smuts-regering probeer het om die Israeliete met dreigemente van geweld te dwing om hulle nedersetting te verlaat.

Vir die staat was die konfrontasie by Bulhoek 'n poging om blanke wette en norme toe te pas; vir die Israeliete was dit 'n finale en desperate poging om hulle teen blanke dominasie te verset. Op 'n tragiese wyse is hulle dood in die geloof dat 'n beter lewe bestaan as dié wat hulle op aarde deur die blankes gegun is.




La Hausse skets op 'n onderhoudende wyse hoe drank gereeld vanaf omstreeks 1800 tot diep in die 20ste eeu gebruik is om swartes te beheer en te manipuleer.

So is drank byvoorbeeld na die ontdekking van goud in 1886 as 'n middel gebruik om swartes na die Rand te lok om die toenemende tekort aan arbeid die hoof te bied. Dié praktyk is egter gestaak toe die produktiwiteit van swart werkers weens oormatige drankgebruik gedaal het.

In albei gevalle het die mynbase se winsmotief voorop gestaan en is die drankhandel daarvolgens aangepas.

In "Write your own history" verskaf Leslie Witz 'n helder en sistematiese uiteensetting van hoe gemeenskappe en individue onder meer deur mondelinge getuienisse hulle eie geskiedenis kan navors.

Geskiedenis het die potensiaal om polities 'n magtige wapen te wees - veral in Suid-Afrika waar swartes se ervarings uit die verlede veel rede tot bitterheid bied.

Indien die herwinning van "verlore" geskiedenis egter met té eksplisiete en eng politieke oogmerke gedoen word, kan dit nuwe mites skep. Hierteen word tereg gewaarsku: nie slegs om akademiese redes nie, maar ook omdat wanvoorstellings van die verlede die optrede en strategieë van politieke organisasies vandag kan skaad.

Gesamentlik en individueel is hierdie boeke 'n welkome korrektief op 'n algemene blanke geskiedenisbeeld wat slegs op die "suksesvolle" in die verlede konsentreer, en die lot van die menige slagoffers van blanke vooroordeel en kapitalisme gerieflik verswyg.


# Wanneer die avokadopere begin swel...

DIS Saterdagmiddag en ná twee weke se reën skyn die son dat die stoom so staan. Hier bo in die berge, ver van die stad, lyk Twickenham gryserig groen op die kassie.

Verwonderd oor die tegnologie wat die moontlik maak om hier te sit en kyk na 'n rugbywedstryd 'n bootreis ver weg, sien ek hoe die Australiëers en die Engelse hul volksliedere sing.

Waaroor skryf 'n mens in 'n land waar die taal nog steeds in brokke onverstaanbaarheid verbysweef? Waar die bome in die skeure onherkenbaar bly? Hoe slaan jy hoekpale in, of selfs net tentpenne? Hoe vat jou pen die streek waar jy saam met Peter Blum weet op watter vasteland jy boer?

En terwyl ek so sit en kyk,



**Fanie Olivier skryf uit Levubu**

broei die woede weer in my op. Toe ek 'n kind was, was alles naby. Die Leeus op Nuweland, die All Blacks in Durban. Hoe het julle ons nie uitverkoop, verraai, veragterlik deur die obsessie met julle wit vel nie?

Ek luister hoe hulle sing en wonder. Hoe betekenisloos is ons volkslied nie: wie sing dit buiten die wittes, die Afrikanerwittes, en 'n sinkende skipvol joiners? Watter ossewaens kreun vir wie oor die vlaktes?

'n Digtersvriend vermaan: "Here, man, los die politiek. Orals om jou gaan mense dood, word kleintjies gebore, raak wesens verlief. Troeteldiere word mishandel en kinders word seksueel misbruik.

"Dronk mans slaan hulle vrouens. Eggenotes loop weg saam met hulle seuns se sportafrigters en matriekmeisies flankeer met die biologie-onnie.

"Bome kry blare in die lente en radyse groei nog steeds sonder moeite. Siklone wis hele dorpe uit; sprinkane vrek van die droogte. Wat van plastiek langs ons paaie, of renosters wat geslag word vir die horing?

"Sonder enige beraad of begroting word 'n paar miljoen rand bewillig en werk vreemdelinge saam om twee gewone walvisse te red."

Soos die wonderwedstryd voortgaan en drieë gedruk word, vra ek hom vir wie ek skryf. Nie waaroor nie, maar vir wie. Want vir maande soek ek reeds na hulle. Op trek na hul eie; majoor Wynand du Toit; die verkoopsdame by die CNA; die kafeekat op Naboomspruit; Naas Botha; die bevelvoerder by die Braambos-lugmagbasis.

Waarop sal ek hulle trots kan laat voel, wonder ek. Waarop roem? Wat uit die verlede vat en 'n toekoms daarop bou?

Terwyl die bome baldadig tekere gaan, gaan soek twee wit base in die jaar 1987 'n werknemer wat die dood van 'n hond veroorsaak het. Terwyl die mielies groei, slaan en skop hulle hom en bind hom oornag aan 'n boom vas. As die son skitterend opkom en die stem gekunsteld verklaar "goeiemore Suid-Afrika" word die proses voortgesit totdat hy stukkend by die polisiestasie afgelaai word waar hy sal sterf.

Die avokadopere begin swel toe hulle gevonnis word: die voorslaner vyf jaar, opgeskort. Boete, betaalbaar in paaiemente, vir die ander.

(En aan die einde van die berig 'n notatjie: dankie vir die twee se families vir die telegramme en briewe ter ondersteuning.)

Buite word dit aand, so mooi soos kan kom, met die loeries wat roep.

Ek vat my potlood en begin...

# Parys in die goeie ou dae

**THE MODERNS:**
**Met Keith Carradine, Linda Fiorentino, Genevieve Bujold, Geraldine Chaplin, Kevin J. O' Connor as Hemingway en Elsa Raven as Gertrude Stein.**
**Reggiseur en skrywer: Alan Rudolph.**
**Begin volgende week by Ster Kinekor-teaters.**

**Chris du Plessis**

DIE titel van Alan Rudolph se hoogs-gestileerde uitbeelding van die nog hoër gestileerde Paryse "Cafe Society" en avante garde-kunstenaars van die twintigerjare, sê min of meer alles oor die rolprent. Dit herhaal die tyd toe Hemingway, Stein, Picasso en al wat 'n "hep-cat" by die rokerige straat-kafees van die West Bank en Montparnasse bymekaargekom het om gedagtes en uitdagings te wissel.

Maar Rudolph konsentreer eerder op die laaste stuiptrek-kings van die era toe die woord op straat was dat Hollywood die volgende IN plek gaan wees en die exodus uit Parys reeds in aanloop was.

Die besondere sosiale atmosfeer van die tydperk word basies opgesom deur Heming-way (Kevin o' Connor) wat deur die storie strompel en bedwel-mende eksistensiële kwinkslae kwytraak.

(Of die regte akteur gekies is om die rol van Hemingway te vertolk sal nog lank onder fliek-boffins en in literêre kringe betwis word.)

Die begin van die prent fokus op die hoofkarakter Nick Hart (Keith Carradine) waar hy soos gewoonlik in een van die straatkafees Hirschell-agtige karikature van bekendes vir die Chicago Tribune se skinder-rubriek sit en skets.

Spanning (met viole en al) word dadelik geskep met die aankoms van ene Bertram Stone (John -The Last Emperor - Lone), 'n verdagte, stinkryk besigheidsman wat homself in die elite Paryse kunskring probeer inkoop. Aan sy arm is sy vrou Rachel. Rudolph laat dit onmidde-lik met staccato nabyskote blyk dat daar "iets" tussen Hart en Rachel is.

Soos die name Hart en Stone aandui, word Carradine se karakter as die stereotipe "tough guy" met 'n groot hart uitgebeeld en Stone as 'n klip-koue amper-emosielose eh...booswig.

Rachel ontpop eers as die klassieke femme fatale, maar word redelik gou in die rol oorskadu deur ene Nathalie de Ville (briljant vertolk deur Geraldine Chaplin) 'n hooggeplaasde wat van haar man



Linda Fiorentino in The Moderns

vervreem is. De Ville ville (sorry, ek MOES net) hê Hart moet drie van haar man se skilderye vir haar vervals sodat sy die oorspronklikes saam met haar na Amerika kan neem.

Hart, wie se pa 'n berugte vervalser was, wil dit eers nie doen nie, maar dink die geld kan moontlik Rachel vir hom terugwen en stem later in. Teen dié tyd is dit duidelik dat Rachel en Hart se verhouding 'n lang geskiedenis het...

Hart se beste vriendin en vertroueling, Libby Valentin (Genevieve Bujold in een van haar beste rolvertolkings) besit 'n systraat-kunsgallery wat Hart se werke probeer verkoop. Hulle beplan 'n klassieke "sting" waardeur Hart beide die "geld en die vrou" kan wen. Maar Stone is wel in besit van een emosie: jaloesie...

Die "betekenisvolle" name van die karakters, die dialoog, die stelle en die modes verleen 'n onrealisme aan die hele prent wat sterk herinner aan die byna surrealistiese, tong-in-die-kies atmosfeer wat in die vyftiger Comic-boeke soos Eisner se Spirit geskep is.

Soos in die tradisie van Film Noir, is die vrouens in The Moderns ook almal "tough cookies". Nathalie de Ville kon mèt gemak net sowel Cruella de Ville, (die half-blond heks uit Disney se 1001 Dalmations) gewees het. Gertrude Stein bulder deur haar eksklusiewe kunssalon soos 'n gewonde walvis -die maker en breker van aspirant-kunstenaars - en Libby Valentin word uitgebeeld as 'n straatwys kans-vatter wat net so min geskeel is oor die emosionele chaos wat om haar losbars as oor profyt vir haar kunswinkel.

Rachel kom selfs tydens die klimaks met 'n feministiese tussensnit vorendag deur ontydig te begin filosofeer oor die "afhank-likheid" van die MANSdom, terwyl al die vroue-karakters se "onafhanklikheid" op een of ander tydstip in die rolprent beklemtoon word.

Kunskenners sal miskien ontevrede wees oor die kunsregie-spannetjie se verleë weergawes van die drie nie-lewende hoofkar-akters: werke van Modigliani, Cezanne en Matisse (laas-genoemde pynlik verklein), maar aanhangers van Spirit Comics en dié wat hulle tonge vir die duur van die rolprent in hulle kieste kan hou, sal die humor daarin raaksien.

Alles in ag genome is The Moderns 'n heel plesierige moderne periode-stuk wat ook kan dien as dokumentêr vir Suid Afrikaners wat die "Roaring Twenties" in Sandton wil naboots.

# 'n Lekker manier om middernag in die stad te oorleef

**Not The Midnight Mass.**
**Met Natalie Gamsu, Alan Glass, Christine Weir en Graham Weir. Gina Benjamin redigeer.**
**By die nuwe Black Sun in Orange Grove.**

**Chris du Plessis**

Daar is maar min vertonings wat 'n duur bier kan laat beter smaak, maar Not the Midnight Mass is een.

So sal dié wat kortby midder-nag op 'n Dinsdag, Donderdag of Vrydag die trappe na die boonste verdieping van die nuwe Black Sun aandurf, agterkom.

Want daar sal hulle sien hoe 'n a capella-vertoning nog vir veertig minute lank kan lewe blaas in die lewensverveeldes en die depressiewes vir 'n wyle weer laat manies word.

Maar, soos die titel aandui, is Not The Midnight Mass eerder 'n onpretensieuse Not the Nine o' Clock News-agtige gekskeerdery met a capella.

Aspirant-sinikusse word met die intrapslag ontsenu wanneer die vier lede in perfekte harmonie die gehoor laat weet dat hulle basies senuweeagtig is, nie mooi weet waaroor dit alles gaan nie en hoop die vertoning loop vlot.

Dit verloop vlot.

Gamsu en kie hou luisteraars se aandag vir die volle duur van die vertoning. Die repetoire wyk slegs effens af van die vertoning wat gehore in Grahamstad (en die ou Black Sun) op die punte van hulle stoele gehou het. Twee van die deuntjies is vervang met vier nuwes.

Die groep het ook 'n paar snitte van die oorspronklike lysie verwerk. Hulle gee Handel se Messiah 'n vars "twist" en gooi netjies water oor die musiekrol-prent Oliver se "Who will buy?". Graham Weir sing 'n wonderlike weergawe van "My Mind is Clearer Now" uit Jesus Christ Superstar en 'n Bach fugue word as basis gebruik vir 'n geani-meerde gesprek wat weldra in 'n goed-gekalkuleerde kakofonie verval.

Die ganse vertoning het 'n gemaklike pas waarin die humo-ristiese tussensnitte en meer ernstige geharmoniseerdery goed afgewissel en gespasieer is.

Al vier gee ook solo-vertonings of sing voor. Gamsu herinner, as mens ver genoeg van voor af sit, vir 'n paar bedwelmende oomblikke aan Bessie Smith met haar blues-deukntjies. Sy bars deur enige sweempie oorblywende skeptisisme met "Wild Woman" (waarin die res as uitstekende plaasvervangers vir 'n orkes - klarinet, hoof-bas en sax - dien) en laat ou obsessiewe verhoudings irriterend opduik met "Guilty".

Hoekom Gamsu, wat 'n nuwe Suid-Afrikaanse tradisie geskep het met die tipe revue saam met Joanna Weinburg 'n paar jaar gelede, nog nie ryk en beroemd is nie, weet nugter alleen.

Vars weergawes van ou bekendes soos Heard it Through the Grape Vine en Carol King se Natural Woman (Christine Weir) en nog ouer gunstelinge soos Georgia (briljant gesing deur Glass) werp nuwe lig op same-sang.

Die feit dat al die deuntjies herkenbare "cover-versions" is, kan die enigste kritiek wees. Nie net omdat mens graag oorspronklike materiaal sal wil hoor uit die groep se kele nie, maar baie mense is nog bang vir plaasvervangers van ou "classics". (Daar was iemand in die gehoor wat gedink het Weir behoort tot dieselfde vokale hoogtes te styg as Robert Plant met Zeppelin se Whole Lotta Love, maar hy het gou agtergekom hoe simpel hy is en sy kop in sy hande laat sak.)

'n ROOI Ford Cortina (ons het advertensies nodig) vir enige iemand wat 'n beter manier kan voorstel om die bose midder-naguur te verwyl...



Natalie Gamsu

# Shaffer se visie nie hierdie keer gestand gedoen

**Deur POEN CILLIERS**

PETER SHAFFER is een van daardie dramaturge wie se dramas - of hulle nou 'n tragiese, komiese of klugtige inslag het - gekenmerk word deur menslikheid. Sy Amadeus en Equus het 'n mens diep ontroer en selfs ontstel. Sy Black Comedy en White Liar, 'n skitterende en vernuftig komiese tweeluik, het jou laat skater. Maar al spot hy hoe met die mensdom en al bekyk hy hulle foute onder 'n vergrootglas, verloor die karakters nooit hulle menswaardigheid nie.

Dis wat die probleem is met Rex Garner se produksie van Lettice and Lovage, Shaffer se jongste komedie. Die komedie handel oor twee bejaarde dames wat 'n obsessie het oor die geskiedenis. Hulle benaderings verskil egter aansienlik. Lettice (gespeel deur Moira Lister) het 'n skeppende, teatrale en verbeelding-ryke aanslag in haar hantering van die onderwerp. Haar begeleide toere deur 'n ou herehuis is 'n hartstogtelike eenvrouvertoning eerder as 'n droë lesing.

Lette Schoen (Paddy Canavan) is 'n historikus wat geskiedenis met 'n kil oog beskou. Nooit word daar van die feite afgewyk nie. Wanneer Lette een van Lettice se "vertonings" bywoon, ná klagtes dat dié toerleier nie streng by die feite hou nie, is daar 'n botsing. Lette is in 'n posisie om Lettice af te dank. Dit doen sy dan ook. Die ontmoeting het haar egter geraak en 'n vriendskap ontstaan tussen die twee. Saam dramatiseer hulle beroemde historiese teregstellings.


Lettice and Lovage is 'n vernuftige komedie wat met komiese situasies, galgehumor en gevathede vermaak. Dit kontras-teer ook twee lewensbenaderings - 'n skeppende en emosionele lewensbenadering wat opwindend is en 'n akademiese een wat kil en afsydig is. Shaffer het 'n verbeel-dingryke nuwe manier gekry om die hart en die brein weer teen mekaar af te speel.


Dit is jammer dat regisseur Rex Garner en die twee hoofspelers nie Shaffer se briljante visie gestand kon doen nie.

Veral Lister speel met 'n oordrewe tegniek wat alle klein menslike nuanses in Lettice se karakter vernietig. Ironies is dit Paddy Canavan, in die rol van die kil historikus, wat die meeste warmte uitstraal.

Dis tragies dat hierdie werk nie met meer agting behandel is nie.

# Terug na Leipoldt - die kok




IN Johannesburg is daar 'n restaurant met die naam Leipoldts, waar ek as nuut aangekome Kapenaar nog nie geëet het nie. Ek verneem die restaurant gebruik die resepte van Louis Leipoldt.

Dié Afrikaanse digter, kok, chirurg, skooldokter, joernalis, onsuksesvolle volksraadkandidaat, wêreldreisiger, amateurbotanis, was een van die merkwaardigste mense wat hierdie land opgelewer het.

Dis lofwaardig dat die restaurant erkenning verleen aan oubaas Leipoldt, die kok. (Hoe goed hulle dit doen, weet ek nog nie.)

Baie Afrikaners is nie eens bewus daarvan dat Leipoldt die digter ook versot was op koskook, en uitstekende kookboeke geskryf het nie. Die mentaliteit dat koskook die werk van 'n vrou is, en dat daar iets verkeerd is met 'n man wat agter 'n stoof staan, loop boonop nog sterk onder ons volkie.

Leipoldt het 'n groot deel van sy lewe agter die stoof gestaan en vir sy vriende kos gekook. Hy was 'n fynproewer en uitstekende kok, en het 'n ontsaglike bydrae tot die koskultuur van ons land gemaak. Sy bydrae is egter grootliks vergete.

As 'n klein Kaapse uitgewer nie 'n ongepubliseerde kookboek van Leipoldt, wat kort voor sy dood in 1947 geskryf is, in 1976 as Leipoldt's Cape Cookery uitgegee, en dit 'n paar keer herdruk het nie, sou bitter min mense van Leipoldt die kok geweet het.

Maar dis nie al kookboek wat Leipoldt geskryf het nie. Reeds in 1933 verskyn sy Kos vir die Kenner, 'n kookboek met meer as 'n duisend resepte. Dit is eers weer in 1978 in 'n beperkte oplaag baie onaantreklik deur Tafelberg-uitgewers herdruk, en is nou glad nie meer beskikbaar nie.

Dit lyk my dié uitgewers, wat iets van die Afrikaner se kultuur behoort te weet, dink hierdie boek is net 'n stukkie Africana.

Ek wil hulle inlig dat my vriend Gert, wat daagliks uit Leipoldt kook, in 1997, wanneer kopiereg op Leipoldt se boeke verval, 'n reeks kookboeke uit Leipoldt se Kos vir die Kenner gaan saamstel - Leipoldt se Souse, Leipoldt oor Vis, Leipoldt oor Vleis ens.

Hy gaan kleurplate gebruik, die resepte netjies aanpas en baie geld uit hierdie boeke maak. Dit is nou 1988, en Tafelberg-uitgewers sit nou al 55 jaar op hierdie kultuurskat en laat Gods water oor Gods akker loop.

Peter Veldsman, kosredakteur van 'n vrouetydskrif, het die volgende oor Leipoldt geskryf: "'n Mens oordryf nie as jy sê dat C Louis Leipoldt die belangrikste en kundigste skrywer is oor kos en die kookkuns wat die land nog opgelewer het."

Kan Tafelberg nie vir Veldsman of iemand anders kontrakteer om 'n paar jaar aan 'n Leipoldt-projek te werk en sy resepte vir almal aan te pas nie? (Veldsman het dit trouens al 'n klein kookboekie met Leipoldt-resepte die lig laat sien.)

As oubaas Leipoldt weet uit watter kookboeke die volk vandag kook, draai hy in sy graf om.

Kom ons kook uit Leipoldt, en bewys hom die eer wat hom toekom. Ons sal ook heerlik eet. Hy is soveel beter as enigiemand anders wat die land opgelewer het.

**Koos Coetzee**

# 'n Lang koue bier vir die somer

Aan die begin van die somer begin ons dink aan lang koue biere. Baie van ons drink baie bier, maar ken ons die produk? Dit lyk nie so nie.

Weet jy dat die wêreld van bier net so fassinerend en net so 'n groot verskeidenheid het as die wêreld van wyn? Ja, daar sit baie meer agter bier as die gewone glas lager.

Basies is daar twee hoofkategorieë bier: laaggegiste bier en hooggegiste bier. Die maklikste manier om hierdie twee soorte te beskryf is deur dit met wit- en rooiwyn te vergelyk. Dit is nie so verwarrend soos dit lyk nie.

Dink aan witwyn - jy drink dit koel. Net so drink jy laaggegiste bier soos lagers en pils en export, wat basies almal dieselfde is, koel.

Rooiwyn drink mens teen kamertemperatuur, of nog beter, keldertemperatuur. Net so met hooggegiste bier soos ales en stouts en en 'n menigte ander. In Brittanje is die meeste biere hooggegis. Daarom sê ons die Britte is geneig om bier warm te bedien - wel, dit is soos dit hoort.

Hoe word bier gebrou? Bier word gebrou deur die basiese bestanddele - gemoute gars (soms ander graan), hops en water - te meng en te kook. Dit neem ongeveer 10-12 uur.

Daarna word die vloeistof afgekoel en gefilter en na die fermenteerkelder geneem. Die broumeester besluit nou of hy hoog- of laaggegiste bier wil maak. Hulle vereis verskillende soorte suurdeeg maar die werklike verskil lê in die temperatuur.

Laaggegiste bier word teen 'n koel en selfs koue temperatuur van 5 tot 8 grade Celsuis gegis. Hooggegiste bier gis teen 15 tot 20 grade. Die warm gisting neem omtrent 'n week en koue gisting een tot twee weke.

Dis te begryp dat warm gisting baie meer aktief as koue gisting is. Dikwels verkleur die vloeistof en daarom is hooggegiste biere meesal donkerder as lagers.

Die woord lager kom van die woord "laagering", wat bêre in Duits beteken. Tradisioneel is sulke bier tot ses maande lank gelager. Vandag kombineer baie brouerye die lagering- en gistingstydperke en het bier blitsvinnig op die mark.

Ons moet egter byvoeg dat brouerye wat bier 12-14 weke lank verouder, uitstekende bier produseer. As die bier eers gebottel is, word dit dikwels gepasteuriseer, en dit kan tot 25 persent van die smaak wegneem.

Gelukkig het Castle nou 'n tweeliterhouer met ongepasteuriseerde bier op die mark. Dit is 'n welkome toevoeging tot die mark en kan aanbeveel word.

**-BJ Lankwarden**

# Hier word daar nie wyn geproe nie

VOSNEE-ROMANEE (Frankryk) - Besoekers aan die Romanee-Conti-wingerd word reguit deur die gids ingelig: "Hier word nie wyn geproe nie."

Romanee-Conti, 'n plasie van 1,83 hektaar, lewer so min wyn dat wynkenners oor 'n bottel baklei. Die wyn is selfs meer gesog as die beroemde en hoog aangeskrewe Boergondiese wyne.

Onlangs het 'n Japanse winkelgroep ongeveer R30 miljoen aangebied vir 'n 33 persent-aandeel in Leroy SA, 'n klein Franse handelaar wat Romanee-Conti en ander gesogte Boergondiese wyne verkoop.

Die Franse minister van landbou, Henri Nallet, het gedink dis 'n slenter om 'n aandeel in Romanee-Conti te bekom. Hy het die wyn 'n "katedraal" genoem en gesê hy sou nie toelaat dat Frankryk se "kulturele erfenis" in vreemde hande val nie.

Jaarliks besoek duisende wynpelgrims Vosne om 'n bottel van die beroemde wyn te bedel, maar kry gewoonlik niks nie omdat slegs 5 000 bottels 'n jaar geproduseer word - en die meeste word uitgevoer. Verlede jaar was daar slegs 3 000 bottels.

Romanee-Conti se volmaaktheid word hoofsaaklik toegeskryf aan die ongewone ligging van die plasie. Die wingerde kry die eerste sonlig, maar word deur 'n heuwel teen wind beskerm.

Die oker-bogrond bevat klei en kalk, maar ook baie yster. Die ondergrond is vrugbare kleigrond, wat nogtans goed dreineer.

Alles werk saam om 'n delikate, maar fors en ryk rooiwyn te lewer. Dit verouder uitstekend in die bottel - verkieslik tussen 10 en 35 jaar lank.

Dit het 'n buitengewone geur wat mens aan viooltjies en sappige bessies herinner, en het die kleur van duifbloed.

'n Aanliggende plaas se grond is swak, en die wyn is nie waffers nie. Daarom het die eienaars van Romanee-Conti die lappie aarde sedert die 13de eeu tot die dood toe verdedig. In 1760 het die markiesin van Pompadour, die minnares van Lodewyk XV, en die prins van Conti 'n tweegeveg oor die plasie gehou. Die prins het gewen, vandaar die naam Romanee-Conti.

## 'n Geur wat herinner aan viooltjies en sappige bessies...

Sommige wynkenners sê dit is die beste wyn in die wêreld. Wat ook al die gehalte, Romanee-Conti is die duurste wyn ter wêreld. 'n Bottel van die 1955-wynjaar kos ten minste R3 000. - AFP

# Kiwivrugte: die goue seisoen nou verby

WELLINGTON - Nieu-Seeland se eens florerende kiwivrugbedryf, wat dié "eksotiese" vrug aan die wêreld bekend gestel het, is in die moeilikheid.

Die land verdien 700 miljoen Nieu-Seelandse dollars (ongeveer R1000m) 'n jaar aan uitvoere van die kiwivrug, wat hier as die Chinese appelliefie bekend gestaan het voordat die naam vir reklamedoeleindes verander is.

"Die bedryf staar 'n uiters ernstige situasie in die gesig," sê die minister van landbou, Colin Moyle.

"Die wêreldmark is ernstig oorvoorsien, nie slegs uit Nieu-Seeland nie, maar ook uit verskeie ander lande in die noordelike sowel as suidelike halfrond."

Syfers van Nieu-Seeland se kiwivrugowerheid wys dat produksie tussen 1982 en 1987 tienvoudig toegeneem het, maar dat die inkomste per kissie met meer as die helfte gedaal het.





*By die Mark-Teater*

**Kom kuier by ons vir huiskos, goeie wyn en lekker mense**

- **Die ideale plek vir u kersfunksie**
  **Bespreek vandag : 836-6611/2**

# Te Koop: die kreun van ossewa

"DIE kreun van ossewa" staan agter op die Groot Trek se goue sakhorlosie wat een van Clyde Mason van die FAK se voorverkopers is. "Goudkleurig," help Mason my op Engels reg.

En die toekoms lyk goudkleurig vir hom: hy het al Groot Trek-memorabilia aan 30 000 mense verkoop. Nuwe voorraad verkoop onmiddellik uit. Op feesdae verkoop aandenkings soos soetkoek.

Hy het baie aangename mense ontmoet, en sy Afrikaans het baie verbeter. Onvriendelikheid het hy nog nie teëgekom nie - behalwe een vrou wat hom gebel omdat sy teen die regering en die FAK gekant is.

Hy reken hy verkoop 90 persent van al die FAK se memorabilia. 'n Deel van die wins word aan die FAK gegee.

Nee, Afrikaners dink nie dis snaaks dat 'n Engelsman die Groot Trek-aandenkings verkoop nie, sê Mason.

Hy het twee jaar gelede daarmee begin. Toe hy sien hoe groot sake word, sluit hy aan by Grolliers, 'n posbestelsaak. Nou sit hy as werknemer in Grolliers se mooi, moderne kantore.

Sy deel van die winkel heet Africana Vertoonkas. Agter ogiesdraad staan die ware: presiese replikas van 1938 se Voortrekkermonument-kommetjie, Groot Trek-mampoerflesse, Groot Trek-koffiebekers, Groot Trek-muurkaarte.

Daar is ook teelepels met Pietermaritzburg se Geloftekerk, 'n polistireen- pistool wat lyk of dit van hout gemaak is, t-hemde met 'n

**...en teelepels, mampoerflesse, koffiebekers, muurkaarte, polistireen-pistole..**

laer op, mansjetknopies, tafellappies... en 'n bord beskilder deur Marie Oukamp met 'n toneel van 'n aankomende wa wat deur die drif moet kom.

'n Reeks poskaarte van Coetzer toon 'n wa teen die berg af, 'n wa onaantasbaar bokant die wilde Zoeloes by Bloedrivier, die geraamte van 'n wa ná die Bloukransmoorde, die vrede van boekevat op 'n groot groen tafel wat onmoontlik nie in die wa kon saamry nie...

Daar is 'n polistireenwa - Mason sê dis wonderlike handwerk, in 'n opwindende nuwe materiaal. Dit breek ongelukkig maklik in die pos.



'n Beskilderde bord deur Marie Oukamp.

**VICTOR MUNNIK het gaan kyk watter aandenkings verkoop word om die Groot Trek te herdenk. In 'n winkel naby Soweto verkoop die FAK aandenkings oor die pos, terwyl die Afrikanervolkswag sake doen op 'n kleinhoewe op pad Mamelodi toe.**

## ...en poppe en voorlaaiers

BY die Volkswagkantoor - 'n ou huis naby die WNNR - word armsvol lappoppe bymekaargemaak. Veral Annetjies, die kleinste poppie, is gesog.

En Anna Boshoff (Verwoerd se dogter) vat raak tussen die Anna Steenekamps, Susanna Smits, Debora Retiefs en Elsie Krugers.

Vir die seuntjies is daar sterk denne-waentjies en voorlaaiers met soliede lope - speelgoedgewere mag mos nie meer leë buise vir lope hê nie. Deesdae beroof mense mos banke en winkels met speelgoedgewere...

Op 'n outydse traporrel is fyn kopergoetertjies, gietertjies en naaimasjientjies, driepootpotjies, melkkanne en lampe.

Op die boekrak, langs die video's oor die volk se verlede, is daar speletjies: 'n slangetjies-en-leertjies, maar die leertjies is ossewaens en die slangetjies assegaaie.

Die kamer ruik na die leer van gordels, saketasse en Bybelomslae. Voorop die omslag staan 'n Afrikanergesin met 'n wa wat agter hulle uitsteek: "Ek en my huis, ons sal die Here dien", en agterop die Volkswag se embleem.

Die KP het ook 'n byl, waaraan 'n grafie, 'n saag en 'n kapmes vas is. Langsaan lê 'n mandjie met seep in: 'n boervrou in reliëf daarop.

Die kappies, onderbaadjies, Voortrekkerrokke en tjalies is die werk van mense veral in Pretoria-Noord, "werk-en-oorleef" vrouens wat hul inkomste aanvul deur naaldwerk, vertel Marianne Jooste.

Bestellings word ingepak deur die jongman met 'n effense feesbaard. Hy pak keramiekstelletjies streng op grond van kleur in rye uit: geel, kakie, pienk, ligblou, wit en liggroen.

Die Volkswag se omset aan aandenkings beloop meer as 'n halfmiljoen rand, en "nog 'n miljoen sal deur ons hande gaan," sê Boshoff.

Mense het die organisasie aangeraai om hoë winste te maak, maar "my hare rys as iemand wil geldmaak uit Afrikaner-sentiment". Die wins word vir kultuurwerk gebruik.

Die Volkswag se embleem "lyk beter as die FAK se wieletjie wat so agteruit rol," sê sy.

# Seeskilpaaie vind skuiling in Kosibaai

**Elizabeth Badenhorst**

In November elke jaar kom reuse seeskilpaaie na die strande net suid van Kosibaai op die Natalse noordkus om hul eiers in die sand te lê. Hulle kom van so ver as Zanzibar in die noorde, Madagaskar in die ooste en Kaap Agulhas in die suide.

In die sestigerjare is dié prehistoriese spesie se voortbestaan bedreig omdat hulle op groot skaal geslag is. In 1966 het die Natalse Parkeraad met 'n beskermingsprogram vir seeskilpaaie begin. Navorsing word ook oor hul aanwas gedoen.

Twee soorte seeskilpaaie skop hier nes - die karetseeskilpad en die massiewe leerrugseeskilpad, wat so groot soos 'n platterige Volkswagen-kewer is.

Peter Keartland, die beampte wat die navorsingstasie by Bhanga-nek saam met sy vrou Suzette beheer, ry elke nag 56 kilometers van Kosibaai in die noorde tot Mabibi in die suide om inligting by sy wagte te kry. Seeskilpaaie lê hul eiers in die nag.

Wagte van die Natalse Parkeraad patrolleer 'n deel van die 56 kilometers te voet. Plaatjies word aan die linkervoorste swemvoet van 'n seeskilpad aangebring om aan te dui wanneer hulle die eerste keer by Bhanga-nek aandoen.

Een karetseeskilpad het op Oukersaand 1986 die laaste keer daardie seisoen aan wal gekom - 97 dae later is sy 2 550 kilometers verder noord by Dar-Es-Salaam aangetref.


Dieselfde skilpad kom tot vyf keer 'n seisoen aan wal en lê omtrent 125 eiers op 'n slag. Sy rus twee weke lank voordat sy haar lyf die duine uitsleep om weer eiers te lê.

Dit is 'n indrukwekkende proses. Ons strandkar kom skielik tot stilstand en Peter skakel die ligte af. 'n Entjie vorentoe beweeg 'n donker ovaalvormige dop moeisaam die helling op. Die skilpad blaas en steun.

Totdat sy begin eiers lê, moet sy nie van ons bewus wees nie - anders keer sy doodeenvoudig terug see toe.

Ver verby die hoogwatermerk druk sy haar bek in die sand om 'n gepaste plekkie te vind. Met haar voorste swempote gooi sy vlae sand agtertoe. Met haar agterste swempote wat soos speelgrafies werk, grawe sy 'n diep en netjiese silindriese gat. Sy plaas haar agterlyf oor die gat en lê wit eiers met sagte doppe so groot soos biljartballe.

Wanneer sy begin lê, kan 'n mens aan haar vat en jou flitslig skyn om die eiers te sien. Dis harde werk vir haar. Sy sug diep en draderige trane loop uit haar oë. Dit is 'n beskermende vloeistof, maar dit lyk of sy huil.



Peter Keartland van die Natalse Parkeraad afgeneem saam met 'n massiewe leerrugskilpad.

Wanneer sy klaar is, word die gat netjies gevul en dan vee sy driftig sand oor om die nes te verbloem. Dan is dit duin-af see toe.

Die eiers neem omtrent twee maande om uit te broei. Die son bepaal die kleintjies se geslag: wyfies broei in 'n warm nes uit en mannetjies in 'n koel nes.

Die eiers broei gelyktydig uit en die gewoel maak die sand los sodat die kleintjies na die oppervlak kan kom. Dan is daar 'n malle gejaag om die veiligheid van die see te bereik.

In 1966 het slegs 200 karetseeskilpaaie en vyf leerrugseeskilpaaie op die strande om Bhanga-nek hul eiers kom lê. In 1986 het 2 000 karetseeskilpaaie en 450 leerrugseeskilpaaie dit as hul lêplek gebruik.

Die toekoms van die seeskilpaaie is nie sonder vraagtekens nie. 'n Paar jaar gelede is die moontlikheid van 'n hawe by Bhanga-nek genoem en dié skadu hang nog steeds oor die gebied. Daarom word eiers oorgeplaas na neste suid van Cape Vidal in die St Lucia-marinereservaat.

Sewentig persent van die oorgeplaaste eiers broei uit teenoor 90 persent in onversteurde neste.

Toeriste kan onder begeleiding van amptenare van die Natalse Parkeraad die seeskilpaaie besoek.

# KSO op triomftog na Taiwan

**Die Kaapstadse Simfonie-Orkes in die Linder Ouditorium met werk van Weber, Rachmaninof en Tsjaikowski.**

**Louis Heyneman**

OP die vooraand van 'n historiese konsertreis na Taiwan het die Kaapstadse Simfonie-Orkes Sondag 'n en route-uitvoering in die Linder Ouditorium gegee - en deeglik rekenskap van homself gegee. Die KSO het dertig jaar gelede laas in Johannesburg opgetree en sy reputasie as Suid-Afrika se oudste simfonie-orkes was as't ware op die spel. Dié uitvoering het die KSO se trotse tradisie eer aangedoen.

Die meerdoelige Linder is weliswaar geen ideale simfoniese konsertsaal nie: die gebrek aan akoestiese klanksamebinding verydel 'n "ideale" klank - veral by die slaginstrumente wat tot dowwe, stomp plofgeluide verwring word. Nogtans was die uitvoering in vele opsigte 'n triomf vir dirigent David de Villiers en pianis Steven de Groote.

Reeds met die openingswerk, Weber se Ouverture tot Der Freischütz, het De Villiers se weldeurdagte musikale beplanning, aandag aan dinamiese toonvlakke en noukeurige frasering opgeval.

Deursigtigheid van orkestekstuur was ook 'n kenmerk in Rachmaninof se bekende Klavierkonsert no. 2. Die enkele oordrewe tempowisselings het nie afbreuk gedoen aan die geheelindruk van dié opwindende werk nie. Die fyn balans en akkurate sinchronisering tussen klavier en orkes het dit duidelik gemaak dat die wisselings deeglik beplan is.

Steven de Groote beskik oor al die tegniese vaardigheid om te beïndruk, maar het veel eerder sy musikale insig ten toon gestel. Sy kenmerkende helder toonkwaliteit was deurentyd teenwoordig, asook 'n intelligente sin vir musikale frasering en dramatisering.

Sy benadering is nie net melodies nie, maar toon ook begrip vir harmoniese progressie, sodat note wat oënskynlik onbelangrik is, uitgelig word en 'n nuwe dimensie by die musiek voeg. Die tempo in die eerste deel was soms ietwat vinnig en het die werk ontneem van sy statige, Slawiese karakter.

Die slotwerk, Tsjaikowski se gewilde Simfonie no. 5 in E mineur, het die konsert triomfantlik afgesluit.

Noukeurige beplande dinamiese kontraste en balansering van instrumentegroepe ter wille van musikale konteks het duidelik getoon dat De Villiers en die KSO hulle deeglik vir die buitelandse konsertreis voorberei het.

Nadav Tel-Oren se horingsolo in die oorbekende tweede deel ('n bedrieglik moeilike solo) was uitstekend. Verskeie ander kleiner solo-passasies in die blaserafdelings is met oortuiging uitgevoer en het van die enkele intonasiedwaling in die derde deel 'n nietigheid gemaak.



Pieter Brand in 'n toneel uit Pantagleize

# Onskuld van 'n swaap

*******Uitstekend ****Goed ***Middelmatig **Onder gemiddeld *Swak**

## *Teatergids*

*****FRANKIE AND JOHNNY AT THE CLAIR DE LUNE, Leonard Rayne-Teater, Doornfontein, Johannesburg. 'n Deernisvolle en en teer komedie deur Amerikaner Terrence McNally. Dit handel oor twee siniese liefdeswrakke wat op 'n aand die helende genade van maanlig en musiek belewe. Skitterende spel deur Jana Cilliers en Bill Flynn.

*****LILLIAN, Upstairs by die Markteater, Newtown, Johannesburg. Sandra Duncan lewer 'n kragtoer in hierdie eenvroudrama deur William Luce oor die lewe van die beroemde Amerikaanse dramaturg Lillian Hellman.

**LETTICE AND LOVAGE, André Huguenet-Teater, Hillbrow, Johannesburg. 'n Oordadige en verbeeldinglose vertolking van Peter Shaffer se jongste komedie oor twee bejaarde vroue wat in die greep van die geskiedenis en die teater vasgevang is. Met Moira Lister, Paddy Canavan, John Hussey en Charlotte Butler.

*****NUNSENSE, Alhambra-Teater, Doornfontein, Johannesburg. 'n Vonkelende en skreeusnaakse Broadway-musiekspel oor teatrale nonne wat geld probeer insamel. Met Kate Normington, Natalie Gamsu, Gaby Lomberg, Suzanne Braun en Marilyn Vanrenen.

***PANTAGLEIZE, Momentum, Staatsteater, Pretoria. 'n Verbeeldingryke vertolking deur Ilse van Hemert van Michel de Gheldrode se tragie-komedie oor 'n onskuldige swaap wat die hooffiguur word in 'n rewolusie. Knap spel, maar ook teleurstellende vertolkings. Met Pieter Brand, Aletta Bezuidenhout, Tjaart Potgieter, Nomhle Nkonyeni en Peter Terry.

*DIE PROPONENTJIE, Drama, Staatsteater, Pretoria. 'n Onnodig oordadige vertolking deur regisseur Francois Swart van 'n swak gestruktureerde en onafgewerkte klug deur Pieter Fourie. Dit handel oor 'n nuwe predikant wat deur drie ambisieuse ma's aangekeer word vir hulle dogters. Met Lida Meiring, Lida Botha, Christine Basson, Lizz Meiring, Kim de Beer, Shereen Swart, Bill Curry en Hannes Muller.

Dan is daar ook THE NEW BLACK SUN, 262 Louis Botharylaan, Orange Grove. 'n Nuwe en groter tuiste vir die aanbieder van kabaret en gewilde teater. Dit het nou twee nuwe teaters, die Black Sun en nog een op die boonste verdieping, The Fringe.

The Return of the Thomas Equinuus Show met Jeff Zerbst en Mike Sarakinski vanaand en Donderdag om halfelf.

Doekel en Mense met Charles Fourie vanaand en môre-aand om middernag en Mabhemi, 'n musiek-revue met Darlington Michaels en Duma Mnembe (môre, Sondag, Dinsdag en Woensdag).

Bokant by The Fringe tree die sanger Edmondo Rahme om halfnege vanaand, môre, Sondag, Dinsdag, Woensdag en Woensdag op. Not the Midnight Mass met Natalie Gamsu, Alan Glass, Christine en Graham Weir om halfelf Dinsdag, Donderdag en Vrydag. Owen de Jager in Face 2 Face Woensdag, Saterdag en Sondag om halfelf.

Die sanger/liedjieskrywer Chere Able Vrydae en Saterdae om middernag. (Tel. 728-3280 vir meer inligting.)

# Dansers blink uit in ballette

**BRITSE BALLETTE deur Kruik-Ballet: Les Patineurs en The Dream van Sir Frederick Ashton; The Rake's Progress van Ninette de Valois; The Lady and the Fool van John Cranko. Dirigent: Michael Hankinson.**

**Catherine du Plessis**

GUITIGE meisies en ondeunde seuns wat pret maak op die ys lei die speelse Victoriaanse skaatsballet, Les Patineurs, in.

Alhoewel die corps de ballet by tye slordig gewerk het, het die uitvoering geslaag. Jack Wyngaardt, gaskunstenaar van die London City Ballet, was 'n atletiese Boy Blue. In Ashton se pas de deux, The Dream, was die Truk-gasdanser, Clare Shepherd-Wilson 'n feëagtige Titania, maar Daniel Gwatkin (ook van Truk) het minder beïndruk in die rol van Oberon.



CRANKO

In The Rake's Progress, waarin 'n jong man se lot tot sy ondergang in 'n inrigting vir sielsiekes gevolg word, het Johan Kotze die swierbol oortuigend uitgebeeld. Verskeie van die karakterrolle was uiters geslaagd, veral Nicholas van der Merwe se vertolking van die Man met die Tou.

Suid-Afrikaansgebore John Cranko se ballet het die program afgesluit. Die vertolkings van die aand wat uitgestaan het, was John Simons as Moondog en Jack Wyngaard as Bootface. Hulle ekspressiewe en gevoelvolle mimiek en dans het die hart geraak en die ballet laat lewe.

Carol Kinsey was 'n oortuigende heldin.

# Jazzart loep culture toe

**JAZZART: Dance Moves: Aangebied deur Jazzart Studio, Jamesonstraat 16, Kaapstad.**

**Catherine du Plessis**

MENSE wat graag wil sien hoe dans werklik geniet kan word - deur beide die dansers en die gehoor - het dié naweek nog die kans om Jazzart te sien optree

Die program begin met 'n uitbundige en kleurvolle pantsoela (township)/jazz dans onder straatligte buite in die straat.

Die res van die program vind in die twee dansateljees plaas en word aangebied deur 'n mengsel van studente en professionele dansers.

Die program wissel van choreograaf Chris Hinkel se genotvolle "Soe loep ons padjie na ons culture toe" tot 'n gesofistikeerde kontemporêre stuk van Merce Cunningham.

Die standaard van die dansers en die dansnommers is uiteraard nie eenvormig nie - dit gee ook nie voor om te wees nie.

Maar die program is interessant en almal, van die kleinste en nuutste danser tot die mees gevorderdste, het hulle met oortuiging in hulle bewegings ingeleef.

# Nou is dit die Group Arias Act


GROUP ARIAS ACT is die naam van 'n nuwe semi-satiriese "Kabaret in 'n Kabaret" wat by die Yard of Ale by die Markteater aangebied word. Dit word as 'n dans/mimiek/musiek opvoering geadverteer. Michelle Hill en Evan Schoombie sing 'n mensel van Afrikaans, Engelse en Afrika - deuntjies met die hulp van Rexleigh Bunyard se kalwerborde en danser/koreograaf van Kaapstad, Brian Coetzee.

Die opvoering is nie-polities maar nietemin tipies Suid-Afrikaans en beloof om 'n paar heilige Springbokke ten minste te kwes. Die kostuums is deur Mari du Plessis ontwerp. Dit duur tot 8 Desember.

## Vrydag 11 Nov

**TV1**
6.00 Goeiemôre Suid-Afrika
3.30 Take a Break - Musiek en 'n vasvra
4.00 Ducktails - 18 Dime enough for luck
4.25 The Boy and the Book - Bybelstories vir kinders
4.35 Another Life - Romanse en intrige
5.05 Fast Forward
5.35 Topsport
6.00 News
6.15 Sundowner - Joernaalprogram
7.00 Matlock - 8 The Network 'n TV-stasie se baas word vermoor en Matlock moet die skuldiges help aankeer.
8.00 Netwerk
8.45 Police File
9.00 Simon en Simon - 7 Die twee Simons moet 'n moord wat twintig jaar gelede gepleeg is, probeer oplos.
9.50 Misdaad - 7 Delius raak met spioene deurmekaar.
11.25 Klub '88 - 7
00.55 Oordenking

**TV4**
9.03 Harper (1966) - Paul Newman in die rol van 'n private speurder wat betrokke raak by moord en afpersing.
11.06 M*A*S*H - 18 - 'n Besoeker van die Kongres maak amok.
11.33 Chris de Burgh and The Rolling Stones.



**Charles Bronson: Vrydag op M-Net**

**M-NET**
3.00 St Ives (1976) - 'n Gewese verslaggewer raak by 'n bedrogspul betrokke. Met Charles Bronson.
4.32 60 Minutes - Premmies (Kort program) - Vroeggebore babas.
Oop tyd
5.00 Mega-Tuffy tooth club
5.04 The real Ghostbusters - Strokies vir kinders.
5.30 Loving - Liefde en intrige.
5.55 Hyperama price busters - Regstreeks.
6.00 M-Net Supersport: The World of National Panasonic.
Intekenare
7.00 M-Net Supersport - Motorsport en tennis.
8.00 Roots: The next Generation - 8
9.00 Don't look now (1973) 'n Makabere verhaal van Daphne du Maurier. Met Donald Sutherland en Julie Christie.
10.47 West 57th: Goa (Kort program) - 'n Indiese eiland met Amerikaanse hippies.
11.00 Blood vows: The story of a Mafia wife (1978)

## Saterdag 12 Nov

**TV 1**
6.00 Opvoedkundige televisie
6.30 Agriforum '88
7.00 Goeiemôre Suid-Afrika
9.00 Opvoedkundige televisie
11.00 Topsport
1.00 Koot Wik en Weeg - 7
1.05 Kuifie se avonture - 7
1.10 Ben die beer - 8
1.35 Die verkenners - 8 Die moordenaars.
2.00 Topsport
5.57 Kompas
6.00 Die nuus
6.15 Teletreffers - 13
7.05 Hardcastle en McCormick - 22 McCormick-hulle ondersoek 'n eksklusiewe klub en ontmasker die boewe.
8.00 Network
8.35 Magnum VI- 3 The hotel dick - Magnum en 'n katdief.
9.30 The Thirty-nine steps (1978) - Die derde weergawe van John Buchan se bekende riller oor 'n spioenasienetwerk tydens die Eerste Wêreldoorlog.
11.10 The Story of Rock 'n Roll - 2 Met o.a. David Bowie.
11.45 Epilogue

**TV 4**
9.03 Benson - 21(slot) - Let's play doctor.
9.32 Bold and beautiful
9.58 Capitol
10.23 The Dom DeLuise show - Dom is die eienaar van 'n haarsalon vir filmsterre.
10.48 Baretta - Nie in ons straat nie - Baretta moet 'n moord in sy eie buurt oplos.

**M-NET**
3.00 Best Friends (1982) Goldie Hawn en Burt Reynolds maak die fout om te trou.
Oop tyd
5.00 M-Net Supersport: Britse sokker.
Intekenare
7.00 Swiss family Robinson (1960)
9.03 Death Wish III (1985). Charles Bronson wreek hom op diewe en moordenaars wreek.
10.30 The making of Death wish III (Kort program)
11.00 Smooth Talk - Twee tienderjariges ontdek die opwinding van seks.
12.30 Hot hits (Heruitsending)

## Sondag 13 Nov

**TV 1**
1.30 Heidi - 45
1.55 Zet!
2.05 Storybook international - 24 'n Storie uit Nieu-Seeland.
2.30 Collage
4.30 Lassie Film Festival - 8 Well of love.
6.10 50/50 - Bewaringsprogram.
6.50 Built for life - Jong mense se godsdienstige probleme.
7.05 Life Style
7.30 Thy Kingdom come
8.00 Network
9.05 Performing Arts Council - 25 years - Dokumentêre program oor die vier streeksrade.
11.10 Perspektief

**TV 4**
9.04 Kupid - 8 - Speletjie op die Britse Dating game show gebaseer.
10.12 A Year in the Life - 22 (slot)
11.55 Topsport

**M-NET**
2.30 Back to School (1986) 'n Biljoenêr besef sy seun is 'n nerd.
4.03 Where there's life: Henderson's daughters (Kort program).
4.30 The Adventures of Teddy Ruxpin: The faded fobs.
Oop tyd
5.00 Mega-T-tuffy tooth club
5.02 Wuzzles - Eleroo's wish
6.00 Carte Blanche - 'n Joernaalprogram.
Intekenare
7.00 Annie (1982) - Annie die weeskind word deur 'n miljoenêr aangeneem. 'n Musiekblyspel.
9.02 M-Net Supersport: Tennis.

## Maandag 14 Nov

**TV 1**
6 - 8.15 Goeiemôre Suid-Afrika
3.30 Luister en hoor/ Listen and learn
3.35 Impact
4.00 Ovide - 4 The prophet
4.15 Pumpkin patch
4.30 The boy and the Book
4.35 Another life
5.00 We got it made - 18 Mickey poseer vir foto's vir 'n tydskrif.
5.30 Bionic six - 4 Scarab se planne loop lelik skeef as hy Klunk huur om Helen te vang.
6.00 News
6.15 Graffiti - Joernaalprogram
7.00 Murder she wrote - 1 Death stalks the big top (deel 1)
8.00 Netwerk
9.00 Verhale van Guy de Maupassant - 3 Die twee grasdakhuisies - Twee gesinne leef in vrede langs mekaar totdat nuwe intrekkers opdaag.
10.00 Topsport
11.45 Oordenking

**TV 4**
9.03 Head of the class - 2 The write stuff - Simone is die skoolkoerant se nuwe redakteur.
9.32 Hotel - 8 Past tense - Twee swendelaars bedot 'n ryk weduwee.
10.26 Spencer for hire - 7 Gone fishin'
11.18 Sing Country

**M-NET**
3.00 Die Erfgenaam (1971) Afrikaanse familie-intrige waarin die seun van 'n skatryk hebsugtige man op 'n brandarm meisie verlief raak.
4.30 Henry's cat: The case of the pilfered pearls - Strokies vir kinders.
Oop tyd
5.00 Mega-T tuffy tooth club
5.04 The Enterprise Smurfers "Smurfs"
5.30 Loving - Romanse en intrige.
6.00 Crime story - Taglia's dream - Pauli droom hy en Luca beland in die hospitaal na 'n atoomontploffing..
Intekenare
7.00 The cat from outer space - 'n Walt Disney-prent
8.36 Good 'ole boy (Kort program) Oor 'n Australiese sanger
9.00 Strangers kiss (1984) - 'n Rolprent oor die vervaardiging van 'n rolprent met allerhande intriges.
10.35 M-Net Supersport: Britse snoeker
11.35 Vlug van die seemeeu (1972) - 'n Bekende komponis en dirigent word 'n boemelaar.

## Dinsdag 15 Nov

**TV 1**
6.00 - 8.15 Goeiemôre Suid-Afrika
3.30 Vrouekeur/ Women's choice
3.50 Miena Moe en kie - 10
4.00 Mof en Mat - 11
4.10 Wielie walie
4.30 Klere maak die man - 4 - Collet verander nog steeds van gedaante.
5.30 Die wonderwêreld van Isabelle - 3 Isabelle leer plante moet liefde kry.
5.57 Kompas
6.00 Die Nuus
6.15 Potpourri - Joernaalprogram.
7.05 Spioen-spioen - 10 Vlug na vryheid - Amanda-hulle moet 'n oorlogkorrespondent opspoor.
8.00 Network
9.00 Surviving - 3 (Slot) - Die uitwerking van selfmoord op twee gesinne.
10.00 Topsport
11.30 Evening prayer

**TV 4**
9.04 Andre Schwartz met gaskunstenaar Wendy Oldfield.
10.11 The Maltese Falcon (1941) - Humphrey Bogart moet die geheim van die Maltese valk oplos. 'n Klassieke speurprent.
11.59 Amen - 3 The morning after - Die diaken en die dominee pleeg overdaad.

**M-NET**
3.00 The Bugs Bunny// Road Runner Movie - Ou tekenprente.
4.36 The adventures of Teddy Ruxpin (Herhaling)
Oop tyd
5.00 G.I. Joe - Once upon a Joe - Tekenprent vir kinders.
5.25 Liqui-Fruit chit chat
5.30 Loving - Liefdesintriges
6.00 Ohara - Last year's model - Ohara en kie moet 'n mode-ontwerper van die galg red.
Intekenare
7.00 Edge of Innocence (1984) 'n Suid-Afrikaanse romantiese drama oor 'n onskuldige student wat vir die polisie vlug.
8.30 West 57th: Michael Crawford (Kort program) Die Britse akteur praat oor 'n Broadway-produksie.
9.00 Floyd on fish (Slot) - Keith Flloyd raak ligsinnig, ernstig en entoesiaties oor vis.
9.30 Lifestyles of the rich and famous - Donna Mills, Adnan Khashoggi ens.
10.25 Improv tonight - Komediereeks
11.00 M-Net Supersport : Rothmans GP Snooker.
12.00 Don't look now - Makabere drama met Donald Sutherland en Julie Christie.

## Woensdag 16 Nov

**TV 1**
6.00 - 8.15 Goeiemôre Suid-Afrika/Good morning South Africa
3.30 Agriforum '88
4.00 Ovide - 5 The creature of the cave
4.15 Tele 6 - Joernaalprogram vir die onder sewes.
4.25 The Boy and the Book.
4.30 Another life
5.05 Cosby III - 6 The march - Theo moet eksamen in geskiedenis skryf maar word 'n les geleer deur sy familie.
5.35 Curiosity show - 3 Leer om 'n hoender te hipnotiseer ...
6.00 News
6.15 No jacket required
7.00 Together we stand - 3 Love is in the air - Al die Randall-kinders behalwe Jack dink hulle is verlief.
7.30 Who's the boss? - 21 Prom night 11 - Samantha word deur Jesse na die skooldans genooi.
8.00 Netwerk
9.05 Die Ma-plotters - 9 Ouma van die jaar (Deel 11)
9.35 Diagonal Street
10.00 Topsport
11.45 Oordenking

**TV 4**
9.03 Hoover vs. the Kennedy's - 4 (slot) - Die uiteinde van die klein oorloggie tussen Edgar J. Hoover en die twee Kennedybroers.
10.54 Cover Story - 8 The Judds - moeder- en dogtersangpaar.
10.22 Die goue skoene - 4 - Katja daag by haar man se huis op.
11.26 Forum presents: The Beam - 3 - Met o.a. Aretha Franklin.

**M-NET**
3.00 Swiss Family Robinson - Disney-vermaak.
Oop tyd
5.00 The adventures of the galaxy rangers - Shaky
5.25 Liqui-Fruit se Pikkieflikkers - Vasvraprogram.
5.30 Loving
5.55 Hyperama price busters
6.00 Mega-T tuffy tooth club
6.02 High mountain rangers - Matt en die helikopterloods soek na twee skiërs.
Intekenare
7.00-8.00 M-NET Supersport: Sokker, Supersport-keuse, Amerikaans voetbal
9.00 Body heat (1981) - 'n Wulpse rolprent met William Hurt en Kathleen Turner.
11.00 M-Net Supersport : Snoeker.
12.00 Die Erfgenaam - Afrikaanse familie-intrige.

## Donderdag 17 Nov

**TV 1**
6.00 - 8.15 Goeiemôre Suid-Afrika
3.30 Wat sê die reg? - 4
3.50 Meaty moments - 6
3.55 Die Oefs - 7 Die siek prinsie
4.00 Vegskip-X - 6 Die swart kuil
4.30 Silhouette
5.25 Tekkies - Joernaalprogram vir tieners.
5.57 Kompas
6.00 Nuus
6.15 Uit en Tuis - Joernaalprogram vir die gesin.
7.05 Reccie - Nuwe reeks oor die lewe van vier reccies.
8.00 Network
9.00 Thirtysomething - 13 Elliot en Nancy besluit om mekaar te los.
10.00 Topsport
11.35 Face to face

**TV 4**
9.04 Rules of marriage - 1 - Onder die oppervlak van Mike en Joan Hagen se oënskynlik gelukkige huwelik is alles nie pluis nie.
10.54 Night Court - 7 No hard feelings - Dan raak gespanne en verloor rigting.
10.21 Springbok (1975) - 'n Bruin rugbyspeler doen homself as wit voor maar dan word 'n Springbokspan gekies.



**Julie Christie: Donderdag op M-Net**

**M-NET**
3.00 Don't look now - 'n Drama vol van liefde, dood, moord. Met Donald Sutherland en Julie Christie.
4.47 60 minutes : A Losing game (kort program) 'n Australiese pa se soektog na die dwelmhandelaars wat sy seun se dood veroorsaak het.
Oop tyd
5.00 OK Hot Hits
5.30 Loving
6.00 Married...with children - Bud bring 'n hawelose jong vrou om by hulle te kom bly ...
6.30 Newhart - Stephanie Nightingale - 'n Maselepidemie trek almal behalwe Stephanie plat.
Intekenare
7.00 Message to my daughter (1973) - 'n Rebelse jong meisie gaan amper in 'n motorongeluk dood.
8.15 Where there's life : Divorce is good for you (Kort program)
9.00 Back to School - Komedie oor universiteitslewe
10.35 M-Net Supersport : Snoeker
11.35 Roots: the new generations (Heruitsending van episode 8)
12.21 Carte Blanche (Heruitsending)

LEES EGBERTUS KLAAGVOORT SE TV-RUBRIEK OP BLADSY 11